Armoede in ’n Postmodernistiese Afrika

Francois Abraham van Deventer

Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van MPhil (Toegepaste Etiek) aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof Paul Cilliers

Maart 2004

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van ’n graad voorgelê het nie.

Handtekening: ..... **Datum: .....**

Opsomming

Hierdie verhandeling poog om na die armoede in Derde Wêreld lande te kyk en dan per implikasie te verstaan hoe die ekonomie funksioneer en dan oplossings voor te stel.

Die eerste hoofstuk kyk na wat die definisie van armoede is en hoekom dit belangrik is om na hierdie probleem te kyk. Dit wys ook daarop dat daar twee maniere is om na die armoede vraagstuk te kyk, naamlik die strukturele tesis en die modernisasie tesis.

Die tweede hoofstuk kyk na wat die ekonomie is en hoe die ekonomie funksioneer. Daar word daarop gewys dat die ekonomie as ’n komplekse ekostelsel beskou moet word en nie as ’n meganistiese masjien nie.

Die derde hoofstuk wys daarop dat daar die afgelope 50 jaar ’n klemverskuiwing in die wêreld plaasgevind het waar onderwys en inligting baie belangriker geword het. Hierdie tendens word postmodernisme of globalisering genoem en het onder andere daartoe gelei dat die staat se mag ingeperk is.

In die vierde hoofstuk word na die ekonomiese sukses van lande soos die VSA, Brittanje, Japan en Duitsland gekyk. Daar word na die volgende faktore gekyk:

- Die geografiese ligging van ’n gebied omsluit verskynsels soos reënval, natuurlike rampe en minerale rykdomme
- Historiesefaktore soos koloniale onderdrukking en groepe se selfbeeld
- Siektes en voeding wat mense minder produktief maak
- Kultuurfaktore soos selfdissipline, hardwerkendheid en oorbeklemtoning van die bonatuurlike
- Eiendomsreg
- Kommunialisme en sosiale kapitaal
- Staatsinmenging
- Tegnologie wat dit moontlik maak om met minder meer te produseer

Daar word ook in hierdie hoofstuk gekyk hoe hierdie verskillende faktore op mekaar inwerk om saam te werk om die komplekse ekonomiese stelsel te laat funksioneer.

Ons kyk in die vyfde hoofstuk na moontlike oplossings vir die armoede vraagstuk. Daar word uitgewys dat “die anneksasie van die produksiemiddele en die herverdeling van rykdom” nie die oplossing is nie. Die ignorering van die probleem word ook afgewys. Die oplossing word voorgehou as die hernuwing van die denke van mense.

In die laaste hoofstuk word die gevolgtrekking van hierdie verhandeling voorgehou.

Summary

This thesis looks at poverty in the Third World and tries per implication to understand how the economy functions. Finally it suggests solutions for the poverty problem.

The first chapter looks at the definition of poverty and why this subject is important to study. It also mentions that there are two ways to look at the poverty problem. The first is the structural thesis and the second the modernisation thesis.

The second chapter looks at what the economy is and how it functions. It is emphasised that the economy should be considered to be a complex ecosystem and not a mechanical machine.

The third chapter points out that there was a change in focus in the passed 50 years. Now education and information have become much more important. This change is known as postmodernism or globalisation and resulted in the decline of the power of the state.

The economic success of countries like the USA, Britain, Japan and Germany is considered in the fourth chapter. The following factors are considered:

- The geographic location of a region includes phenomena like the rainfall, natural disasters and mineral wealth.
- Historical factors like colonial oppression and the self image of groups.
- Diseases and nutrition which makes individuals less productive.
- Cultural factors like self-discipline, diligence and an over emphasis of the supernatural
- Property rights
- Communalism and social capital
- State intervention
- Technology which makes it possible to produce more with less

This chapter also looks at how these different factors interact together and makes the functioning of the complex economic system possible.

In the fifth chapter we look at possible solutions for the poverty problem. It is pointed out that the "annexation of the means of production" is no solution. The ignoring of the problem is also rejected as no solution. The renewal of people's mind is put forward as the solution.

The last chapter has a look at the conclusions of the thesis.

Inhoudsopgawe

1. INLEIDING 1
1.1 Definisie van die vraagstuk 2
1.2 Hoekom moet dit opgelos word? 3
1.2.1 Utilitaristiese redes 3
1.2.2 Deontologiese redes 4
1.2.3 Sorgsaamheid 6
1.2.4 Gevolgtrekking 8
1.3 Hoe moet ons die probleem benader? 8
2. DIE EKONOMIE AS 'N KOMPLEKSE STELSEL 10
2.1 Wat is die ekonomie? 10
2.2 Hoe funksioneer die ekonomie? 11
2.3 Selforganisering 14
2.4 Groeiende opbrengs 16
2.5 Kan primêre faktore geïdentifiseer word? 17
3. POSTMODERNISME / DIE INLIGTINGSEEU 19
3.1 Regtig gelykheid 21
3.2 Globalisering 22
3.3 Die verbreking van die staatsmonopolie 23
3.4 Is die oplos van die armoede vraagstuk onsinnig? 25
4. WAT MAAK MENSE / LANDE VOORSPOEDIG? 28
4.1 Onveranderlike faktore 30
4.1.1 Geografiese faktore 30
4.1.2 Historiese faktore 33
4.2 Veranderbare faktore 35
4.2.1 Siektes en voeding 35
4.2.2 Kultuurfaktore 37
4.2.3 Eiendom 41
4.2.4 Kommunialisme / Sosiale Kapitaal 44
4.2.5 Staatsinmenging 46
4.2.6 Tegnologie 47
4.2.7 Opleiding 53
4.3 Verband tussen faktore binne die komplekse ekonomiese stelsel 54
4.4 Gevolgtrekking 55
5. OPLOSSINGS EN EVALUASIE 57
5.1 Anneksasie van produksiemiddele en herverdeling van rykdom 57
5.2 Doen niks nie 59
5.3 Vernuwing van Afrikane se denke 60
5.3.1 Siektes en voeding 61
5.3.2 Eiendom 63
5.3.3 Sosiale Kapitaal 64
5.3.4 Tegnologie en die besigheidswêreld se bydrae 65
5.3.5 Kultuurfaktore 69
5.4 Gevolgtrekking 71
6. GEVOLGTREKKING EN INSIGTE 73
7. BIBLIOGRAFIE 75

1. INLEIDING

“**[Hulle] het gewoonlik in vensterlose modderhutte met houtvloere en grasdakke gewoon.** Hul huise het tipies slegs twee kamers gehad… **Gesins eiendom was beperk tot die noodsaaklikste** … **Die meeste mense het op seilbedekte strooi geslaap. Daar was geen sanitêre geriewe nie**... **Water is huis toe gedra in emmers vanaf putte, fonteine of die nabygeleë stroom of dam. Die stapel voedsel was brood wat van gars gemaak was**… **Siektes en harde werk het die mense gou uitgeput. Amper ’n derde van alle kinders het voor hul 15de verjaardag gesterf. Lewensverwagting**... **was slegs 32 jaar**... **En met vroeë sterftes wat so algemeen voorgekom het, was ’n derde van alle kinders weeskinders.**”[1] (Rothschild 1992:19)

Van wie praat Rothschild hier? Praat hy van die een-duisend miljoen mense in ons wêreld vandag wat met minder as $1 per dag moet klaarkom? Praat hy van die 58% van Afrika se mense wat nie toegang het tot vars water nie? (Open Society Foundation for South Africa 2002:4) Nee, hy praat van die omstandighede van die Engelse middelklas en plaasarbeiders in die 1600’s voor die industriële rewolusie. Dit is amper ondenkbaar dat die Engelse so swaar gekry het, minder as 400 jaar gelede.

Vanaf die begin van die industriële rewolusie was die hoofdoelwit die uitwissing van armoede. Daar is onverpoos gedebatteer oor die beste manier om armoede uit te wis tussen die sosialiste en kapitaliste. Gedurende die twintigste eeu het biljoene mense die proefkonyne geword om te bewys of kapitalisme of sosialisme die beste manier is om armoede uit te wis. Die sosialistiese Sowjet Unie en Oos-Europa het in 1989 in duie gestort. Dit wil voorkom of Kapitalisme gewen het, maar dit is ook ’n feit dat daar vandag in die VSA meer armlastiges is as toe die “oorlog teen armoede” in die 1960’s begin het. (Rothschild 1992:235-236)

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het in die vroeë 1990’s begin om Kapitalisme binne die voormalige Sowjet Unie en Oos-Europa te implementeer. Dit wil nou, 10 jaar later, lyk of dit nie regtig ’n sukses was nie. Joseph Stiglitz skryf in sy boek *Globalization and its discontents*: “Vir die meerderheid van daardie mense wat in die voormalige Sowjet Unie lewe, is die ekonomiese lewe onder Kapitalisme selfs slegter as wat hul voormalige Kommunistiese leiers vir hulle gesê het dit sou wees.” (2002:133)

Die afgelope paar dekades het daar egter meer en meer kritiek begin inkom teen ons modernistiese samelewing wat een of ander ideaal hooghou waarna gestrewe moet word. Hierdie postmodernistiese benadering staan krities teenoor beide Kapitalisme en Sosialisme as

meta-naratiewe. In terme van die armoede vraagstuk, kan dan gesê word dat die ideaal om armoede uit te wis of die skepping van rykdom iets is waarteenoor die postmoderniste krities staan (Cilliers 1998:113).

Basies is die situasie soos volg:

- In die modernistiese era het beide die Kapitaliste en die Sosialiste die armoediges gebruik as proefkonyne.
- In die postmoderne era is daar egter weer skynbaar 'n gees van mismoedigheid dat daar nie eens probeer moet word om die probleem op te los nie.

Wat beteken dit vir die armoediges? Is daar dan geen hoop vir die armes nie? Moet armoediges maar net hul lot aanvaar? Kan hulle losbreek daarvan om as pionne misbruik te word? Kan hulle sonder die hulp van die staat hul lot verbeter? Kan indiwidue in Afrika iets doen sodat 'n Afrika historikus in die jaar 2400 kan skryf van die ondenkbaarheid van die lewensomstandighede van sy voorgeslagte in die jaar 2000?

Daar sal in latere hoofstukke gepoog word om party van hierdie vrae te beantwoord.

1.1 Definisie van die vraagstuk

Wat word met armoede bedoel?

Die gewone woordeboekdefinisie vir armoede is iemand wat 'n tekort aan materiële besittings het; wat nie die vermoëns besit om homself te kan onderhou nie; iemand wat behoeftig is. Iemand wat 'n tekort aan die materiële benodighede van die lewe het (Beisner 1988:192).

Robert McNamara, gewese president van die Wêreld Bank, het die term absolute armoede uitgedink waarmee bedoel word die lewenstoestand wat gekenmerk word deur ongeletterdheid, ondervoeding en siektes wat dan die mens neertrek benede enige definisie van fatsoenlikheid (Stackhouse 1995:817) Volgens hierdie definisie was die Engelse voor 1600 dus in 'n situasie van "absolute armoede".

Wanneer ons oor armoede nadink dan skiet daar 'n hele klomp vrae deur ons gedagtes. Hoeveel het 'n persoon nodig om genoeg te hê? Maak oorvloed iemand gelukkig? Indien jy slegs genoeg het om nie ondervoed te wees nie, maar jy is wel gelukkig, is jy dan nog steeds arm? Is daar ander behoeftes behalwe materiële behoeftes wat jou gelukkig maak?

---

[1] Aanhalings word deurgangs in hierdie studiestuk in Afrikaans vertaal. Die vertaling in Afrikaans is die outeur se eie werk.

Dit wil voorkom of alle mense strewe na materiële welvaart en dat al het iemand redelike welvaart, dan strewe so ’n persoon om nog selfs meer welvaart te versamel. Die feit dat daar mense is wat baie ryk is en meer as genoeg het om aan hul basiese behoeftes te voorsien, maar wel nog hard werk, wys dat mense nie slegs werk om hul materiële behoeftes te bevredig nie. ’n Verdere faktor is dat mense daarna strewe om erkenning te geniet deur ander mense. Mense wil hê dat hul vermoëns waardeer word en hul bydrae erken word. Voorheen het prinse oorlog teen mekaar gemaak om hierdie strewe na erkenning te bevredig. Vandag het ons meer gesofistikeerd geraak en word die strewe na erkenning gekanaliseer na die ekonomiese terrein (Fukuyama 1995:359).

1.2 Hoekom moet dit opgelos word?

Wanneer ons kyk na die motivering hoekom hierdie probleem opgelos moet word, dan is dit moontlik om vanuit verskillende hoeke na die probleem te kyk. Ons kan van uit ’n nuttigheidsoogpunt (utilitarisme) redeneer of ons kan uit ’n beginselsoogpunt (deontologie) redeneer of ’n sorgsaamheidsoogpunt.

1.2.1 Utilitaristiese redes

Die Utilitarisme is gebou op die konsep dat jy moet kan meet wat die kostes en die voordele vir mense inhou en dat jy op grond van hierdie berekening dan tot die slotsom kom of ’n etiese daad aanvaarbaar is of nie. Hierdie benadering se doelwit is dus om soveel mense as moontlik gelukkig te maak terwyl die kostes so laag as moontlik gehou word.

As ons na die wêreldbevolking kyk, dan sien ons dat die bevolkingsaanwas in die arm lande aan die toeneem is, terwyl die hoeveelheid mense in die ryk lande aan die afneem is. Die totale hoeveelheid mense in die hele wêreld is egter steeds aan die toeneem. Indien ons glo dat die wêreldekonomie ’n zero-som[2] spel is, dan beteken dit dat die totale hoeveelheid rykdom, dan onder al die indiwidue in die wêreld verdeel moet word en gevolglik dat hoe meer die mense aanwas, hoe armer word elke indiwidu. Vanuit hierdie oogpunt is dit dan duidelik dat daar dringend na die armoede vraagstuk gekyk sal moet word.

Indien ons nie glo dat die wêreldekonomie ’n zero-som spel is nie, dan beteken dit dat rykdom nie vas is nie en dus is dit nie slegs ’n kwessie van die verdeling van die

[2] Mense wat glo dat die ekonomie bestaan uit zero-som aktiwiteit, sê dat ekonomiese rykdom vas is. Gevolglik beteken dit dat die winste van ’n indiwidu of nasie lei tot die verliese van ’n ander indiwidu of nasie. Gevolglik is rykdomskepping dus fundamenteel uitbuitend. Ekonomiese vooruitgang kan net ten koste van ander partye plaasvind.

hulpbronne in ons wêreld nie. As geglo word dat rykdom bestaan uit meer as blote materiële dinge soos grondstowwe en die ligging van ’n mens se land, dan beteken dit dat ander faktore soos die opleiding en kultuur van verskillende groepe en lande ook ’n rol speel by die voorkoming van armoede en die skep van voorspoed. Vanuit hierdie oogpunt gesien, kan die toename van die bevolkings van arm lande en die afname van die bevolkings van ryk lande ’n geweldige gevaar wees. Indien nie geslaag kan word om die nie-materiële faktore in die arm lande aan te spreek nie, sal hierdie arm lande met hul groeiende bevolkings arm bly terwyl die mense in die ryk lande sal afneem. Elke jaar is daar 83 miljoen ekstra mense op aarde. Hiervan is 98.8% (82 miljoen) afkomstig vanuit arm lande (Foreign Affairs 2002:40). Dus, die eindresultaat sal wees dat die somtotaal van mense wat rykdom kan skep, minder sal word, terwyl die somtotaal van die mense wat rykdom verbruik dramaties sal toeneem. Die gevolg kan dan wees dat ons in ’n situasie kan val waar armoede byna onoplosbaar sal word.

Die Oos-Duitse ervaring met Kommunisme tussen 1945 en 1989 het uitgewys dat dit moontlik is om die werksetiek van ’n bevolking te kan vernietig. Duitsers in die voormalige Wes- en Oos-Duitsland het beide hul verbasing uitgespreek om te sien dat slegs 40 jaar se Kommunisme sulke geweldige kulturele verskille tussen hierdie twee voormalige Duitslande tot gevolg gehad het. Wes-Duitse bestuurders het opgemerk dat Turkse werkers meer klassieke Duitse deugde het as etniese Oos-Duitsers. Dit sluit sulke deugde in soos ’n sterk werksetiek en selfdissipline. (Fukuyama 1995:211) Hierdie feit maak dit dringend dat verstaan moet word hoe voorspoed en armoede werk, want indien daardie faktore wat tot voorspoed lei, verlore sou gaan, dan sal ’n voorspoedige land sy voorspoed kon verloor (De Soto 2002:9) Brittanje kan as voorbeeld dien van ’n land wat aan die voorpunt gestaan het ’n eeu gelede, maar sedertdien hierdie posisie prysgegee het (Thurow 2000:19).

Die arm lande van die wêreld is ook daardie lande waarvan die bevolkings merendeels ongeletterd is. Hierdie massas is dan ook meer kwesbaar om deur rewolusionêres misbruik te word om hul rewolusionêre doelwitte te bereik. Vir ’n arme wat swoeg en sweet om net kop bo water te hou, kan beloftes van die paradys wat binnekort kan aanbreek indien slegs ’n paar opofferings gemaak word, baie aantreklik klink. Dus ook vanuit hierdie oogpunt maak dit sin om wel die armoede probleem aan te spreek.

1.2.2 Deontologiese redes

Dit is egter ook moontlik om vanuit ’n beginselgrondslag na die armoede vraagstuk te kyk.

So sê party liberale teoloë dat armoede hoofsaaklik toegeskryf kan word aan uitbuiting en onregverdige ekonomiese strukture (Stackhouse 1995:819). Gevolglik sê hierdie mense dat armoede opgelos moet word omdat dit die praktiese simptoom is van ongeregtigheid. Dus, indien die ongeregtigheid verwyder sou word, dan sal die simptoom van armoede ook verdwyn.

Geregtigheid het te make met die gelyke behandeling van mense binne ’n groep wanneer voordele en pligte uitgedeel word en wanneer reëls en wette toegepas word en wanneer mense vergoed of gestraf word vir die slegte dade wat hulle te beurt geval het of wat hulle gedoen het. Geregtigheid word opgedeel in Verspreiding- (Distributive), Vergelding- (Retributive), Vergoedinggeregtigheid (Compensatory).

Dit kan dus verwag word dat diegene wat infokus op geregtigheid baie klem sou lê op die herverdeling van rykdom, finansiële vergoeding van ekonomiese uitbuiting van die verlede en regstellende aksies om ekonomiese ongeregtigheid van die verlede reg te stel.

Die bekendste spreekbuis vir die deontologiese metode was Immanuël Kant gewees. Kant het dit geformuleer in terme van sy kategoriese imperatief:

> “Tree slegs so op sodat die beginsel van jou daad ’n universele wet van die mensdom kan word in ’n wêreld waarin jy sal wil leef.” (Donaldson 8)

As ons die kategoriese imperatief sou toepas dan sal ons moet vra:
Sou ons in ’n wêreld wil leef waar dit verkeerd sou wees om armes te help?

Indien jy self ’n arme is, dan sal die antwoord op hierdie vraag definitief nee wees. ’n Mens sal eerder in ’n wêreld wil leef waar dit nie verkeerd sal wees om die armes te help nie.

Fukuyama sê dat daar onteenseglik ’n verband bestaan tussen ’n dinamiese voorspoedige kapitalistiese ekonomie en ’n stabiele demokrasie (1995:358). Alhoewel ’n land soos Rooi-Sjina ’n outoritêre staat is of Duitsland, Japan, Taiwan, Spanje en Suid-Korea voorheen outoritêre state was, het die industraliseringsproses op die langtermyn net eenvoudig meer hoogsopgeleide mense en ’n komplekser arbeidsverdeling vereis. Hierdie laasgenoemde faktore bevorder egter beide demokratiese politieke strukture. Die gevolg is dat daar byna geen ryk kapitalistiese lande is wat nie ook stabiele demokrasieë is nie (1995:356). Daar kan vele beginsel motivering gemaak word dat ’n demokratiese staatsbestel beter is as ’n outoritêre bestel en gevolglik is dit dan vanselfsprekend dat ’n voorspoedige ekonomiese stelsel bevorder moet word.

Ons kan dus tot die gevolgtrekking kom dat dit wel vanuit ’n deontologiese oogpunt wenslik is om armes te help.

1.2.3 Sorgsaamheid

Die sorgsaamheid teorie gaan van die uitgangspunt uit dat etiek nie onpartydig moet wees nie. Gevolglik is spesiale verwantskappe wat daar tussen mense bestaan vir hierdie teorie van baie belang. Velasquez (2002:122-129) definieer dit as volg:

- Elkeen van ons bestaan te midde van ‘n hele reeks verhoudings en moet daardie verhoudings wat ons met spesifieke persone het, bewaar en troetel.
- Ons moet spesiale aandag gee aan daardie mense met wie ons konkreet ’n verwantskap het deur aandag te gee aan hulle spesifieke behoeftes, waardes, begeertes en moet positief daarop reageer. Veral daardie mense wat daarvan afhanklik is.

’n Groot gedeelte van Suid-Afrika se bevolking leef in armoede. Esterhuisen sit die ekonomiese omstandighede van die inwoners van Suid-Afrika as volg uiteen (Esterhuisen 2003):



Figuur 1.1

- Die Oorleweraars is 34% van die bevolking. Hulle kom met minder as R900 per maand klaar.
- Buitestaanders is 20% van die bevolking. Hulle is doenig in die informele sektor, misdaad en dwelmmiddels.
- Toetreders is 15% van die bevolking.
- Deelnemers is 11% van die bevolking. Hulle leef gemaklik.

- Evalueerders is 9% van die bevolking. Hulle begin privaat maatskappye en het 2 tot 3 voertuie.
- Bouers is 7% van die bevolking. Hulle is die entrepreneurs in SA.
- Insamelaars is 4% van die bevolking. Hulle vat geld uit SA.

Prof. Sampie Terreblanche (Terreblanche 2003:1) deel die SA bevolking as volg op:



Figuur 1.2

Aangesien hoër-, middel- en laerklas Suid-Afrikaners die naaste van alle mense in die wêreld aan die onderklas in SA is, is dit dan ook vanselfsprekend dat hierdie groepe ’n groter verantwoordelikheid het as enige ander groep buite Suid-Afrika. Verder is Suid-Afrika weer ryk in vergelyking met die res van Afrika en gevolglik het hierdie groepe dan ook ’n groter verantwoordelikheid teenoor die res van Afrika as wat groepe ekstern tot Afrika het.

Amstutz stel die sorgsaamheids motivering ietwat anders maar kom tot dieselfde gevolgtrekking: “Daar is min twyfel dat Christene en goedaardige mense ’n morele verantwoordelikheid het om daardie mense wat hulp nodig het te help. Vir Christene is daar nog ’n dringender rede hoekom hulp aan die armes ’n prioriteit moet wees – want God gebied dit. Christene moet vir die armes, swakkes en verdruktes omgee, want God gee om.” (Stackhouse 1995:818)

Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat ons vanuit die sorgsaamheidoogpunt wel ’n morele verpligting teenoor arm mense het.

1.2.4 Gevolgtrekking

Dit maak dus nie saak vanuit watter hoek ons na die armoede probleem kyk nie. Of ons nou vanuit ’n utilitaristiese oogpunt, ’n beginselsoogpunt of ’n sorgsaamheidsoogpunt kyk, die armoede vraagstuk moet aangespreek word.

1.3 Hoe moet ons die probleem benader?

Nou dat ons tot die gevolgtrekking gekom het dat die armoede vraagstuk wel aangespreek moet word, is die volgende vraag hoe ons hierdie probleem moet benader.

Amstutz identifiseer twee soorte benaderings (Stackhouse 1995:820-825). Die eerste een noem hy die strukturele tesis met die volgende eienskappe:

- Die basiese lewenstoestand is genoegsaamheid en nie armoede nie. Armoede is die gevolg van onregverdige strukture en uitbuitende ekonomiese beleid. Hierdie model maak dus die gevolgtrekking dat die toename in absolute armoede ’n direkte byproduk is van die toename van kapitalisme. So sê Wolterstorff: “Dit is nou duidelik dat massa armoede nie ’n normale toestand is vir die mensdom nie. Ook is dit nie die dade van ’n paar afwykende indiwidue nie. Dit is die gevolg van ’n wêreldwye ekonomiese stelsel en die politieke strukture wat dit ondersteun.” (Stackhouse 1995:820)
- Die Ekonomie word gesien as ‘n zero-som spel – die winste van ’n indiwidu of nasie is die verliese van ’n ander indiwidu of nasie. Gevolglik is rykdomskepping dus fundamenteel uitbuitend. Ekonomiese vooruitgang kan net ten koste van ander partye plaasvind.
- Die internasionale ekonomiese orde is onregverdig waar die ryk, magtige nasies in die Noorde bevoordeel word. So sê Ronald Sider: “Elke persoon in ontwikkelde lande trek voordeel uit die strukturele ongeregtigheid... wat direk bydrae tot die honger van biljoene ondervoede medemense.” (Stackhouse 1995:820)

Die tweede benadering noem hy die modernisasie tesis met die volgende eienskappe:

- Die ekonomiese vooruitgang van nasies volg uit ’n gemeenskap se produktiwiteit wat gebaseer is op kennis, tegnologie, kundigheid en die toegang tot handelsgoedere.
- Die basiese lewenstoestand is nie genoegsaamheid nie, maar skaarsheid en armoede. Die hoof doelwit moet wees om ekonomiese produksie op te stoot want dit is die enigste manier om die lewenstandaard te verhoog.
- Die ekonomie is ’n positiewe-som spel – die toename in rykdom in een land lei nie noodwendig tot ’n afname in rykdom in ’n ander land nie. Dus sal daar beduidende verskille in rykdom tussen groepe voorkom omdat daardie groepe en mense wat die produktiefste is die meeste voordeel sal trek. So het die rykdom van Japan en Nederland nie voortgespruit uit uitbuiting van ander lande nie, maar uit ’n toename in produktiwiteit.

- Die internasionale ekonomiese orde is relatief neutraal en vergoed daardie nasies en firmas wat die effektiefste is.

In die volgende hoofstukke sal gekyk word na die ekonomie om te verstaan watter een van hierdie twee benaderings die meer korrekte benadering is.

2. DIE EKONOMIE AS ’N KOMPLEKSE STELSEL

Indien ons die armoede vraagstuk wil verstaan, dan is dit nodig om te weet wat die ekonomie is en hoe die ekonomie funksioneer.

2.1 Wat is die ekonomie?

Die heel eerste vraag wat ons kan vra, is wat die ekonomie is. Beisner antwoord hierdie vraag en sê: Die ekonomie is die studiegebied van die etiese beginsels en praktiese metodes om skaars hulpbronne te verdeel sodat optimale produksie, verspreiding en verbruik van rykdom gekry kan word (Beisner 1988:32). Hierdie antwoord lei dan weer tot verdere vrae soos: Watter etiese beginsels; watter gereedskap (tegnologie) sal die meeste produseer; moet die staat dan die hulpbronne gelykop tussen verbruikers verdeel ens.

Die Woordeboek definisie lui as volg: (De Villiers 1988:126)

> Die toestand van ’n land of groep met betrekking tot hul strewe na welvaart.
> Die bestuur van sake ten opsigte van produktiwiteit en koste.
> Die stelsel van produksie, handel en materiële lewe
> Die studie van die werksaamhede en organisasie waardeur mense vir hulle stoflike behoeftes sorg.

Weber lys ’n paar ander komponente wanneer hy oor die moderne kapitalistiese ekonomie praat (Redding 1990:8-9):

- Vaste kapitaal wat belê is in die produksie van goedere wat voorsien aan alledaagse massa behoeftes.
- Rasionele kapitalistiese organisering van formele arbeid insluitend dissipline
- Die skeiding van besigheids- en huishoudelike kapitaal
- Rasionele boekhouding en rekeningkunde wat op die langtermyn gerig is op winsgewendheid
- Rasionele wets- en administrasiestrukture
- Die Rasionalisering van die ekonomiese lewe in ’n gemeenskaplike ‘gees’ of etiek
- ’n Geneigdheid om geleenthede raak te sien in die mark

Ons kan uit hierdie definisies aflei dat die ekonomie daardie spesifieke dade tussen verskillende mense is om aan hul materiële behoeftes te kan voorsien.

2.2 Hoe funksioneer die ekonomie?

Die volgende vraag wat ons kan vra, is hoe die ekonomie funksioneer. Indien ons na ons taalgebruik kyk om die ekonomie te beskryf dan kan ons aflei hoe ons dink die ekonomie funksioneer. Die filosoof Ludwig Wittgenstein het gesê dat die beperkings van ons taalgebruik ook die beperkings van ons realiteit is. So praat ons gedurig van die ekonomie wat stoom verloor. Die Reserwe Bank pomp die ekonomie op. Inflasie se brieke word aangedraai. Die ekonomie is besig om oor te verhit ens ens. (Rothschild 1995) Ons kan dus aflei dat ons dink dat die ekonomie soos ’n masjien funksioneer.

W. Brian Arthur stel dit so:

> “Ons het die denke geërf dat die ekonomie... ’n reuse masjien is en dat ons maar net sy onderdele moet verstaan om te weet hoe die hele masjien werk... Hieruit sou ons dan, wie weet hoe, ’n saamgestelde teorie van die ekonomie (makro-ekonomie) kon opstel. Dit alles sou dan ’n Algemene Verenigde Teorie van die ekonomie vorm. Daar was egter altyd twee struikelblokke om hierdie teorie op te stel. Die een is dat die ekonomie uit mense bestaan en nie gewone masjienonderdele nie... Die tweede struikelblok is tegnologie. Tegnologie vernietig die geordenheid omdat dit die ekonomie gedurig verander.” (Arthur 1994:2)

Gordon Redding stem saam wanneer hy sê: “Die ingewikkeldheid om ekonomiese sukses te verduidelik, bestaan uit twee aspekte: eerstens is daar ’n geweldige groot hoeveelheid moontlike faktore; tweedens is dit moeilik om die manier hoe hierdie faktore met mekaar verband hou te verduidelik... Dit is nodig om ontslae te raak van die idee dat dit ’n ‘meganiese’ oorsaak is, naamlik, dat die een ding tot ’n volgende lei op ’n eenvoudige lineêre manier soos wat ’n baljardbal ’n ander bal sou stamp. Ons staar eerder ’n geweldige groot hoeveelheid faktore in die gesig waar nie een dominant is nie, maar waar elkeen erken moet word al sien ons so ‘n faktor net skramsweg.” (Redding 1990:6-7)

Hierdie meganistiese manier om na die ekonomie te kyk, het dan ook die afgelope paar eeue hoogty gevier. Dit is dan ook geen wonder dat die foutiewe modernistiese metodes om die armoede vraagstuk op te los, dan juis misluk het nie. In 1965 het die VSA oorlog teen armoede verklaar. Triljoene Amerikaanse dollars is sedertdien in hierdie vraagstuk ingepomp. Die resultate is as volg: “In 1950, was een uit elke twaalf Amerikaners onder die armoedelyn; in 1979, was dit een uit elke nege; vandag is dit een uit elke sewe Amerikaners.” (Walton 1990:211)

Brian Arthur identifiseer die volgende ses eienskappe wat dit moeilik maak om konvensionele ekonomiese modelle te gebruik om die ekonomie te verstaan (Arthur 1997:3-4; Waldrop 1992:145-146):

- Die ekonomie bestaan uit ’n klomp verspreide agente wat parallel optree.

- Daar is geen sentrale beheerder wat die interaksies beheer nie.
- Die ekonomie het baie vlakke van organisasie en interaksie. Die totale struktuur is meer as hiërargies – daar is ook vermengde interaksies tussen verskillende vlakke wat nie die hiërargie volg nie.
- Die agent maak voortdurende aanpassings aan sy gedrag, strategie, en produkte soos wat hy meer ondervinding opdoen.
- Voortdurende Nuutheid, waar nismarkte gedurig geskep word.
- Die ekonomie is nooit in ewewig nie en funksioneer ook nie optimaal nie.

Cilliers noem soortgelyke eienskappe wat deur alle komplekse stelsels vertoon word (Cilliers 1998:6-7):

- Komplekse stelsels bestaan uit ’n **groot hoeveelheid elemente**. In die ekonomie bestaan dit uit die groot hoeveelheid ekonomies aktiewe mense.
- Hierdie groot aantal **elemente moet op mekaar inwerk op ’n dinamiese manier** sodat die stelsel met die verloop van tyd verander. In die ekonomie vind daar interaksie tussen die verskillende indiwidue plaas deur middel van sulke aksies soos lenings, investering en die uitruil van goedere vir geld ens.
- Die interaksie tussen die elemente moet redelik **veelsydig** wees. In terme van die ekonomie kan gesê word dat die ekonomiese agente met ’n groot hoeveelheid van die ander ekonomiese elemente reageer soos byvoorbeeld banke, winkels en ander indiwidue.
- Die interaksies moet **nie-lineêr** van aard wees. So byvoorbeeld kan geld saamgestelde rente verdien en klein beleggings kan groot opbrengste tot gevolg hê.
- Interaksies moet ’n **beperkte reikwydte** hê. Plaaslike winkels en diensverskaffers het interaksie hoofsaaklik met andere naby aan hulle.
- Interaksies moet **terugvoerlusse** hê waar ’n aksie terug kan keer en die aksie kan versterk of verswak. Sonder terugvoerlusse sou ’n ekonomiese stelsel onmoontlik wees, want niemand sou investeer het as daar nie ’n moontlikheid was vir opbrengste nie.
- Komplekse stelsels is gewoonlik **oop stelsels** wat met die omgewing reageer. Dit is amper onmoontlik om die ekonomiese stelsel se grense te trek. Die ekonomiese stelsel word voortdurend beïnvloed deur die politiek, landbou (en dan per implikasie die klimaat), wetenskap en tegnologie, die stabiliteit van die gemeenskap ens.
- Komplekse stelsels is gewoonlik **nie in ewewig nie**. Gevolglik word voortdurend energie benodig om die stelsel aan die gang te hou. Omdat die ekonomie aangedryf word deur die dinamika van vraag en aanbod, is dit vanselfsprekend dat die ekonomie nooit in ewewig is nie.
- Komplekse stelsels het ’n **geskiedenis** wat bygedra het tot sy huidige toestand. In die ekonomie is vandag se pryse baie afhanklik van gister se prys. Baie belangrike ekonomiese neigings verander heel stadig oor lang tydperke.

- Elke element in die stelsel is **onbewus van die gedrag van die stelsel as 'n geheel**. Ekonomiese agente kan slegs op beskikbare inligting reageer. Een agent weet nie wat ander agente doen nie.

Omdat Komplekse stelsels gewoonlik met lewende organismes geassosieer word (Cilliers 1998:3), is dit dan ook geen wonder dat party ekonome soos Michael Rothschild in sy boek "Bionomics" die ekonomie vergelyk met 'n lewende organisme nie. Dit beteken dan dat die interne struktuur van die ekonomie verander sonder dat 'n sentrale beheerstelsel of eksterne ontwerper betrokke is (Cilliers 1998:89). 'n Ekonomiese stelsel verander sy struktuur egter in reaksie op 'n geweldige groot hoeveelheid faktore soos die geldvoorraad, groeitempo, politieke stabiliteit, natuurlike rampe ens. Omdat die interaksie tussen al hierdie verskillende faktore geweldig ingewikkeld is, is dit dan ook nie moontlik om 'n deterministiese model saam te stel nie. Op die kort termyn is dit moontlik om sommige van hierdie faktore te manipuleer, maar die gevolge op die langtermyn is moeilik bepaalbaar. (Cilliers 1998:90)

Brian Arthur het navorsing oor die Derde Wêreld se bevolkingsontploffing in Bangladesj gedoen toe hy tot die besef gekom het dat die ekonomie totaal ineengevleg is met politiek en die kultuur. (Waldrop 1992:31) Brain Arthur het besluit om ekonomie te studeer omdat hy mense wou help. Terwyl hy gestudeer het, het hy besef dat die ekonomie wat sy professore aan hom leer nie in ooreenstemming is met die werklikheid nie. Hy het na antwoorde gesoek. Hy lees toe die boek *The Eighth Day of Creation* en kom in 1979 tot die besef, dat die ekonomie baie ooreenkomste toon met die funksionering van lewende organismes. Sy gevolgtrekking was dat die klassieke en nuwe ekonomiese denke soos volg gekontrasteer kan word (Waldrop 1992:37-38):

Klassieke Ekonomie (Ekonomie as Masjien)	**Nuwe Ekonomie (Ekonomie as Komplekse stelsel)**
Negatiewe terugvoer of afnemende opbrengs	Positiewe terugvoer[3] of groeiende opbrengs[4]
Is gebaseer op 19de eeuse fisika nl. ewewig, stabiliteit en deterministiese dinamika	Gebaseer op biologie nl. patrone, selforganisering en lewensiklusse
Mense word beskou as identies	Die fokus word geplaas op indiwidue. Mense is afsonderlik en verskillend van mekaar
As daar maar net geen eksterne faktore was nie en almal maar net dieselfde vermoëns gehad het dan sou ons Nirvana[5] kon bereik.	Eksterne faktore en verskille tussen mense is hierdie ekonomie se dryfvere. Die Nirvana-toestand is 'n mite. Die ekonomiese stelsel is gedurig besig om nog verder te ontvou.
Die elemente van die ekonomie is hoeveelhede en pryse.	Die elemente van die ekonomie is patrone en moontlikhede.

3 Die tipiese ingenieurs term – *positive feedback* in Engels
4 Die tipiese ekonomiese term – *increasing returns* in Engels
5 Boedhistiese toestand van geluksaligheid

Daar is nie enige dinamika nie omdat alles in ’n ewewigstoestand is.	Die ekonomie is gedurig op die rand van tyd waar dit vorentoe stu en strukture gedurig saamvloei, ontbind en verander.
Subjekte is struktureel eenvoudig	Subjekte is inherent kompleks
Die ekonomie is ‘n sagte vorm van fisika	Die ekonomie is ’n hoogs komplekse wetenskap

Uit bogenoemde kan ons dus aflei dat dit meer korrek is om aan die ekonomie as ’n komplekse stelsel te dink.

2.3 Selforganisering

Kom ons delf nou so ‘n bietjie dieper in die selforganiseringsfaset van die ekonomie as ’n komplekse stelsel en kyk wat daarmee bedoel word.

Cilliers maak dit duidelik dat selforganisering en die historiese konteks geweldig belangrik is, indien mens ’n komplekse stelsel (soos byvoorbeeld die ekonomie) wil verstaan wanneer hy sê:

> “Komplekse stelsels – waar baie faktore op ’n asinkrone manier met mekaar inwerk – vertoon gereeld onverwagte en onvoorspelbare gedrag. ’n Analise waar die selforganiseringsgedrag van ’n komplekse stelsel geïgnoreer word, sal ernstig tekort skiet in verduidelikingskrag” (Cilliers 1998:96)

Indien ons ’n bietjie in die natuur rondkyk dan sien ons baie voorbeelde van selforganisering. In die verlede het wetenskaplikes byvoorbeeld gedink dat slymswamme ’n spesiale soort dier is. Ons weet egter vandag dat ’n slymswam egter uit duisende (in die orde van 100000) eensellige amoeba’s bestaan. Amoeba’s verorber al die bakterieë in sy nabyheid. Aangesien amoeba’s nie baie mobiel is nie, beteken dit dat sodra alle bakterieë in die nabyheid verorber is, dat die amoeba dan ook begin sterf. ’n Enkele amoeba is egter te onbeduidend om die spesie se voortbestaan te verseker. ’n Amoeba sal dan begin om ’n chemiese sein uit te stuur waarna ander amoeba’s na hierdie amoeba sal begin beweeg en ook seine sal begin uitstuur. Die eindresultaat is dat die amoeba’s ’n baie ingewikkelde struktuur bou wat dan hul voortbestaan verseker. Rothschild beskryf dit so:

> “Skaars sigbaar vir die blote oog kruip hierdie sigaarvormige selle oor die donker woudvloer op soek na lig en hitte. Wanneer ’n goeie plek gevind word, reik party selle na onder om ’n wortelagtige anker te vorm. Ander selle vloei opwaarts en vorm ’n skag. Die meeste amoeba’s vloei dan in hierdie skag opwaarts en kom dan tot stilstand in die *bulbous* punt – die vrugliggaam. Binne hierdie vrugliggaam plaas elke amoeba homself in sellulose spore. Wanneer wurms of voëls hierdie vrugliggaam eet, word die spore na verafgeleë plekke gedra – heelwat verder as wat enige amoeba sou kon beweeg.” (Rothschild 1992:245)

Daar is egter nie ’n sentrale beheerstelsel of iemand ekstern tot die amoeba’s wat sê hoe die struktuur moet lyk nie (Sien Figuur 2.1: Brefeldia maxima).

Figuur 2.1: Brefeldia maxima (slymswam) (Slymswam 2003)

Indien na ’n swerm voëls gekyk word, dan sien ons dieselfde selforganiserende gedrag. Craig Reynolds het in 1987 ’n rekenaarprogram by die Santa-Fe instituut se werkswinkel oor kunsmatige lewe gedemonstreer wat gewys het hoe swerms gevorm word. Elkeen van hierdie kunsmatige voëls word ’n biod genoem. Deurdat elke boid slegs drie eenvoudige reëls gehoorsaam is dit moontlik om swerms te vorm. Hierdie reëls is soos volg (Waldrop 1992:241):

- Probeer om ’n minimum afstand te hou vanaf ander biods
- Behou dieselfde snelheid as die ander biods in die nabyheid
- Beweeg na die geskatte swaartepunt van die ander boids in die nabyheid.

Die merkwaardige van hierdie rekenaarsimmulasie is dat nie een van hierdie reëls sê dat ’n swerm gevorm moet word nie. Elkeen van hierdie reëls is totaal gefokus op die plaaslike en nie die universiële nie. **Dus moet die swerm nie van bo na onder gevorm word nie, maar van onder af na bo** (Waldrop 1992:242).

Dieselfde kan nou van die ekonomie gesê word. Die ekonomie bestaan ook uit onafhanklike indiwidue, maar indien hierdie indiwidue eenvoudige reëls sou navolg dan is dit moontlik dat 'n ingewikkelde stelsel tot stand sal kom, sonder dat daar sentrale beheer deur 'n groep of komitee uitgeoefen hoef te word.

Fukuyama verbind selforganisering en welvaart in die ekonomie met sosiale kapitaal: "Die konsep van sosiale kapitaal maak dit duidelik hoekom kapitalisme en demokrasie so nou aan mekaar verbind is. 'n Gesonde kapitalistiese ekonomie bestaan uit 'n gemeenskap waar daar genoegsame sosiale kapitaal is om dit vir besighede, korporasies en netwerke moontlik te maak om selforganiserend te wees." (1995:356)

2.4 Groeiende opbrengs [6]

Een van die ander komponente van die ekonomie as 'n komplekse stelsel is *groeiende opbrengs*.

Basies werk *positiewe terugvoer (groeiende opbrengs)* soos volg: spesifieke keuses in die mark gebeur nie net sommer maar nie. Daardie spesifieke keuse word voorafgegaan deur 'n versameling ewekansige gebeurtenisse wat deur positiewe terugvoer vergroot word. So byvoorbeeld as jy 'n motor wil koop dan sou jy die verskillende opsies met mekaar vergelyk en dan 'n keuse maak. Veronderstel ons kyk net na twee opsies (Motor A en Motor B) en dat hierdie twee motors baie dieselfde is. Wat gaan jy doen om jou keuse te maak? Jy gaan heel waarskynlik met jou vriende en kennisse begin gesels. Heel per toeval gebeur dit dat die twee eerste persone waarmee jy praat beide motor A het en dat hulle beide sê dat hierdie motor goed werk. Die gevolg is dat jy besluit om ook hierdie motor te koop. Die gevolg is nou dat daar een meer persoon in die wêreld is wat motor A gekies het. Volgende keer wanneer iemand rondloop om te vra of motor A of B die beste is, dan sal die waarskynlikheid nou 'n bietjie groter wees dat hy slegs met mense sal praat wat motor A besit. Indien hierdie proses 'n paar keer herhaal word, kan dit gebeur dat motor A dan 'n voorsprong sou kry. (Waldrop 1992:45)

Arthur pas hierdie positiewe terugvoer as volg toe op ekonomiese gebied:

> "Ek wil Marshall se insigte opdateer deur te sê dat die dele van die ekonomie wat op hulpbronne (landbou, massaproduksie en mynbou) gebaseer is, merendeels krimpende opbrengste toon. Gevolglik is konvensionele ekonomie hier van toepassing. Daardie dele van die ekonomie wat op kennis gebaseer is, vertoon egter hoofsaaklik groeiende opbrengste." (Arthur 1989:3)

Dit het byvoorbeeld vir Microsoft $50 miljoen gekos in navorsing om die eerste kopie van Windows die lig te laat sien. Maar nadat hierdie koste betaal is, het dit hulle vir elke kopie daarna

[6] Die inginieurs terminologie is *positive feedback* (positiewe terugvoer) terwyl die ekonomiese term weer *increasing returns* (groeiende opbrengs) is

slegs die materiaalkoste gekos van $10. Dieselfde geld ook vir elektronika, rekenaars, farmakologie, lugvaartkunde ens (Waldrop 1992:42).

Volgens die konvensionele ekonomiese teorie behoort Japan ’n armlastige land te wees. Japan besit nie enige noemenswaardige materiële rykdom soos olie en minerale nie. Verder is die koste van kapitaal in Japan laag wat dan tot lae opbrengste op beleggings sal lei en gevolglik sal beleggers dan nie in Japan belê nie. Die Banksektor is nie opgestel om risiko’s te kan hanteer nie en daar is talle kartelle wat tot onproduktiewe gebruik van hulpbronne lei. Tog is Japan voorspoedig. Arthur skryf Japan se sukses daaraan toe dat hulle in hoë tegnologie belê het. Hierdie *groeiende opbrengste* ekonomie is onstabiel en hoogs winsgewend en die Japanese het dit beter en vinniger verstaan as enige ander land (Waldrop 1992:43).

2.5 Kan primêre faktore geïdentifiseer word?

Cilliers maak die volgende opmerking oor die afsonderlike komponente van ’n komplekse stelsel:

> “As gevolg van die kompleksiteit van die interaksie patrone, is dit nie moontlik om die stelsel se gedrag te kan beskryf in terme van die stelsel se atomiese dele nie, ten spyte daarvan dat die stelsel uit niks meer bestaan as hierdie basiese dele en hul verbindings nie.” (Cilliers 1998:106)

Hierdie opmerking kan mens met reg laat wonder of dit dan enigsins moontlik is om enige iets oor die ekonomie te kan sê. Indien ons sou toegee dat die ekonomie wel ’n komplekse stelsel is, dan erken ons dat al die verskillende komponente gesamentlik beskou moet word as ons hierdie komplekse stelsel regtig wil verstaan. Dit is immers ’n fundamentele eienskap van komplekse stelsels dat die interaksie van die totale aantal komponente van die stelsel beskou moet word en dat dit dus nie moontlik is om die stelsel op te deel in kleiner dele nie.

Sal dit dan moontlik wees om te sê watter faktore die belangrikste is? Of moet die primêre faktore wat op mekaar inwerk en interafhanklik is, geidentifiseer word en dan as die minimum faktore wat nodig is, beskou word? Cilliers sê dat “Post-structuralism” modelle wat gebaseer is op ’n stelsel van verwantskappe en ’n verspreide voorstelling (distributed representation) die probleem kan aanspreek (Cilliers 1998:35-36,74)

Brian Arthur, Frankie Hahn en John Holland het in die 1980’s by die Sante-Fe Instituut die fondamente gelê om die ekonomie te sien as ’n komplekse stelsel. Waldrop vertel dat hulle in 1988 juis oor hierdie probleem gepraat het en dat Frankie Hahn toe gevra het: “As dinge nie herhaal word nie, as dinge nie in ’n ewewig toestand is nie, wat kan ons dan as ekonome sê? Hoe kan jy dan enige iets voorspel? Hoe kan jy dan ’n wetenskap hê?” John Holland se antwoord is net so relevant vir ons as wat dit vir die Santa-Fe Instituut was: “Kyk na weerkunde. Die weer kom nooit tot stilstand nie. Dit herhaal nooit presies dieselfde nie. Dit is in wese onvoorspelbaar

meer as ’n week of so die toekoms in. Tog kan ons al die weerverskynsels verstaan en verduidelik. Ons kan belangrike eienskappe identifiseer... Ons kan verstaan hoe hulle op mekaar inwerk om die weer op ’n plaaslike en omgewingsvlak te vorm. In ’n neute dop: ons het ’n weerwetenskap – sonder volle voorspelling. **En ons kan dit doen omdat voorspelling nie die wese van wetenskap is nie. Die wese is om te kan verstaan en te kan verduidelik. En dit is presies wat Sante-Fe kan hoop om te doen met die ekonomie en ander dinamiese sosiale verskynsels wat ons kan verstaan en verduidelik**.” (Waldrop 1992:255)

Norman Clark maak die volgende opmerking oor die metodologie wanneer met komplekse stelsels gewerk word: “Ons moet die kreatiwiteit terugsit in ons modelle en ons moet hulle nie gebruik as volledige beskrywings van die werklikheid nie, maar as ‘analitiese gereedskap’ en ‘cognitive spectacle’ wat ons help om komplekse, ewolusionêre gedrag meer volledig te kan verstaan en ons dan toelaat om op ‘n versigter manier in te meng... Die oorkoepelende stelsel word gemodelleer in terme van die interaksies tussen semi-outonome substelsels waar die verskillende akteurs gedurig die gedragspatrone verander in reaksie op die inligting, afkomstig van mede akteurs binne die stelsel.” (Clark 1990:33)

Dit impliseer dan dat die hoof komponente geidentifiseer moet word en dat die interaksie tussen hierdie komponente bestudeer moet word. Dus ons kan wel ’n poging aanwend om die boublokke van die ekonomie te bestudeer en iets daaroor sê al weet ons nie presies hoe die ekonomie werk nie. Verder kan modelle opgestel word en deur rekenaartegnologie uitgetoets word om te sien of die fundamentele aannames (die boublokke) wat jy maak werklik korrek is.

Dit is presies wat Arthur en Holland by die Sante-Fe instituut gedoen het toe hulle ’n program geskryf het om die Effektebeurs na te boots (Waldrop 1992:273). ’n Mens moet egter baie versigtig wees met rekenaarmodellering aangesien daar talle voorbeelde in die verlede is waar rekenaarsimulasies misbruik is om veral spesifieke politieke oogmerke op ekonomiese gebied te bevorder deur die simulasie so op te stel dat dit juis die spesifieke oogmerke bevorder. (Waldrop 1992:268)

3. POSTMODERNISME / DIE INLIGTINGSEEU[7]

Cilliers verbind Kompleksiteit en Postmodernisme met mekaar wanneer hy sê:

> “Die tradisionele (modernistiese) manier om kompleksiteit te konfronteer was om een of ander vaste verwysingspunt te kry wat as ’n fondament kon dien... ’n meestersleutel waarvandaan alle ander dinge afgelei kon word... [M]y aanspraak is dat so ’n benadering kompleksiteit *vermy*. Die obsessie om een waarheid te vind, maak dat ons nie die verwantskapsnatuur van kompleksiteit kan raaksien nie, veral nie die voortdurende veranderinge van hierdie verwantskappe nie... **[D]ie postmoderne benadering is inherent sensitief vir kompleksiteit**... dit erken die belangrikheid van selforganisering en ontken tegelykertyd die konvensionele teorie van uiteensetting” (Cilliers 1998:112-113)

Daar sal dan in hierdie afdeling gekyk word na postmodernisme in ons soeke na antwoorde hoe die ekonomie funksioneer en hoe armoede dan opgelos kan word.

Die modernistiese era het begin met die Renaissance toe God en sy Gebod verwerp is. Dit het gelei tot die ontnugterende besef dat menslike orde kwesbaar, onseker en sonder ‘n vaste fondament is. Gevolglik is fanaties gepoog om orde iets te maak wat vas, verpligtend en betroubaar is *sonder God en sy Gebod*. Utopia’s is omhoog gehou as die doelwit waarna gestrewe moet word. ’n Groot Plan moes die bloudruk vorm om hierdie Utopia te verwesentlik. Daar is aktief gepoog om die omgewing totaal te beheer. Mense is opgelei en ingedril sodat hulle hul plek in die samelewing reg kon inneem. Sekerheid, geordenheid en homogeniteit was die “in” ding (Bauman 1992:xiv). Diversiteit is gesien as chaos, skeptisisme as onsinnigheid en verdraagsaamheid as ondermyning.

In Kommunistiese lande soos Sjina, die USSR en Kambodja is daar aktief gepoog om alles, vanaf dit wat die bevolking dink tot kosproduksie en selfs hoeveel kinders gekry mag word, te beheer. Ook in Westerse lande is sulke pogings tot ‘n mindere mate aangewend. Die gevolge was katastrofaal (Courtois 1999:3-31, 116, 123, 146, 150, 159, 167, 182, 206, 209, 235, 236, 463, 577, 668, 670, 691, 693, 699, 713, 717-719, 743, 750-753). Miljoene mense moes sterf voordat tot die besef gekom is dat die wêreld (ekonomies, sosiologies, eties ens.) te kompleks is om dit met sukses te kan beheer en daardeur die toekoms te kan bepaal.

Die modernistiese era was ’n era van selfkritiese bewustheid. Daar is gedurig nagedink en kritiek uitgespreek oor die manier waarop die moderne mens dinge doen. Hierdie modernistiese kritiek het gelei tot die vernietiging van die universele magstrukture en die wegwerping van enige

[7] Die inligtingsera, globalisering en postmoderne era word as sinonieme beskou. Die definisie van wat postmodernisme presies is, is op hierdie stadium nog baie wollerig (Cilliers 1998:113).

pogings om sulke Utopia’s tot stand te bring. Daar is tot die aanvaarding gekom dat dit vir die mensdom onmoontlik is om met universele waarhede, standaarde en ideale vorendag te kom. Hierdie besef word postmodernisme genoem (Bauman 1992:xvii).

Dit was dan ook nie anders op ekonomiese gebied nie. Die ontdekkings van Newton wat die wette beskryf hoe hemelliggame beweeg, swaartekrag werk en die grondslag van fisika gelê het, het die hoop onder ekonome laat opvlam dat daar ook universele wette ontdek kon word wat die ekonomie kon beskryf (Rothschild 1992:348; Waldrop 1992:39). Toe Brian Arthur in die 1980’s met die akademici begin praat het oor die ekonomie as ’n komplekse stelsel waar ’n mens *groeiende opbrengste* kan verwag het die reaksie gewissel van die helfte wat belanggestel het terwyl die ander helfte verwonderd, skepties, en selfs vyandig was. Die vraag op die mense se lippe was: “Wat is die punt? Wat het hierdie *groeiende opbrengste* dinge te make met die regte ekonomie?” Brian Arthur antwoord self: “Hoe kon hulle dit nie sien nie? Die punt [is] dat jy na die wêreld moet kyk soos wat die wêreld werklik is en nie soos een of ander teorie sê die wêreld behoort te wees nie... Die belangrikste is om die werklike lewende ekonomie daar buite te sien. Dit is baanafhanklik[8], ingewikkeld, organies en ’n oop stelsel.” (Waldrop 1992:38)

As ons terugstaan en na die geskiedenis kyk dan was hierdie modernistiese era voorafgegaan deur die agrariese era en tans is ons besig om die postmoderne era te betree. Ons kan hierdie geskiedenis soos volg voorstel: (Bauman 1993:190-191, Rothschild 1992:239, Rees-Mogg 1997:12, Thurow 2000:xv)

Tydperk	Jaartelling	Primêre dryfvere van die ekonomie	Boublokke en Energie
Agrariese era (premodern)	Voor 1700	Eiendom en grond	Hout (landbou) en waterenergie
Industriële era (moderne era)	1700 – 1950	Fabrieke	Yster en steenkool energie (mynbou)
Inligtings era (postmodern)	1950 -	Onderwys en inligting (veral tegnologieë soos: mikro-elektronika, rekenaars, telekommunikasie, nuwe mensgemaakte materiale, robotika en biotegnologie)	Inligting (IT), Kernenergie en die soeke na skoner energie

Na 1950 het die rol van industrieë en grondstowwe begin afneem en is hulle tot ’n al groter mate nie meer die primêre dryfvere agter die ekonomie nie. Nou is klaarvervaardigde produkte en veral

kennis-intensiewe produkte koning. Die rykste man op aarde, Bill Gates, se rykdom is oorweldigend gesetel in die nie-materiële, naamlik kennis (Thurow 2000:xv).

Alhoewel die Asiatiese tiere (Taiwan, Japan, Suid-Korea ens) slegs 'n derde van die bevolkings van Frankryk, Duitsland, Italië en Brittanje het, het hulle net soveel hoë tegnologiese produkte uitgevoer as al daardie lande saam. (Foreign Affairs 2002:58) Verder het 'n Derde Wêreld land soos Indië daarin geslaag om binne tien jaar hul programmatuurvervaardiging sektor uit te brei vanaf slegs $10 miljoen tot $1.8 biljoen.

Brian Arthur se komplekse ekonomie is fundamenteel anders. In die modernistiese era is daar min klem gelê op indiwidue wat goed opgelei moes word. In die postmoderne era is dit onontbeerlik dat mense goed opgelei moet wees (Fukuyama 1995:10). Verder speel die geografiese ligging van lande 'n kleiner rol en is die rol van die staat aan die kwyn.

3.1 Regtig gelykheid

Plato en Marx het geglo dat gelykheid (meer regverdige verdeling van produksie middele tussen ryk en arm) slegs verkry kan word deur privaateiendom en die gesin af te skaf. Hierdie nuwe tendense lei egter tot gelykheid sonder dat dit nodig is vir 'n derde party om tussen beide te tree.

Thurow sê byvoorbeeld dat mense wat oor kennis beskik, nie verslaaf kan word nie (Thurow 2000:xv). Verder, alhoewel dit nog nie duidelik is hoe die Inligtingsera presies gaan uitdraai nie, kan verwag word dat Rees-Mogg se uitspraak oor die aard van die kuberekonomie wel gewig dra:

> "Die Inligtingsera lei tot 'n situasie waar dit nie saak maak wat mense van jou dink of van watter ras of geslag jy is nie. Dit is irrelvant hoe oud jy is, hoe mooi of lelik jy is of hoe jy jou hare dra. In die kuberekonomie sal hulle jou nooit sien nie. Die lelikes, vettes, oues en gestremdes sal op 'n gelyke basis kompeteer met die jonges en mooies... Dit sal geleenthede gee aan miljarde mense wat nooit voorheen ten volle kon deel in die voorspoed van die industrieële gemeenskap nie." (Rees-Mogg 1997:15, 296-298)

Sedert 1971 het rekenaarkoste 10 miljoen maal gedaal. Dit is dieselfde as om te sê dat jy 'n splinter nuwe Boeing 747 kan koop vir die prys van 'n groot pizza (Rothschild 1995). Dieselfde tendens kan waargeneem word by een van die faktore wat tot die tweede industriële rewolusie[9] gelei het, naamlik die gloeilamp. In 1880 het 'n gloeilamp $1445 gekos terwyl dit vandag slegs

---

[8] In Engels: *path-dependant*

[9] Thurow definieer drie industrieële rewolusies. Die eerste een was gebasseer op steenkool en stoomenergie (2000:52,99). Die tweede was op elektrisiteit (2000:99-100) en die derde kennis (2000:99,117).

33¢ kos (Thurow 2000:99-100). Hierdie verlaging in koste van gereedskap skep geleenthede deurdat die gereedskap nie 'n monopolie van die superrykes bly nie.

"Regte vrye toegang tot onderrig geleenthede, maak kennis beskikbaar aan almal wat kans sien om die geleenthede aan te gryp... Inkomste verskille word primêr veroorsaak deur die vlak van opleiding, nie deur geluk of genetika nie." (Rothschild 1992:239-241)

Die sleutel lê egter daarin dat geleenthede vir almal moet bestaan om opgelei te kan word, want as jy nie toegang het tot opleiding nie, sal jy ook nie hierdie gereedskap kan gebruik nie:

> "Die verloorders hierdie keer is daardie mense wat nie kan nie of nie wil deelneem aan die ekonomie van die Inligtingsera nie. Dit is vyf maal meer waarskynlik vir hoërskooluitsakkers om langtermyn werkloos te wees as vir kollege gegradueerders." (Rothschild 1995)

Later in die *Evaluasie van die Oplossings*, sal meer oor hierdie fasset gesê word.

3.2 Globalisering

'n Verdere ontwikkeling is dat ons wêreld kleiner en interafhanklik geraak het. Die geografiese ligging van 'n land of indiwidu word al minder belangrik. Tegnologie veroorsaak dat ons wêreld onomkeerbaar en onvermydelik tot globalisering neig. Dit raak al moeiliker vir regerings om die vloei van inligting te beheer nou dat selfone en satelliet televisie beskikbaar is. Ekonomiese besluite kan nie meer deur regeringsburokrate of korporatiewe hoof uitvoerende beamptes gedikteer word nie, want markte muteer net eenvoudig te vinnig.

President Vicente Fox van Mexiko som vereistes van globalisering goed op wanneer hy sê: "Ons is oortuig daarvan dat globalisering goed is... bly by die fundamentele ekonomiese beginsels, bou aan hoë vlakke van opvoeding, respekteer die regsorde[10]... Ons is oortuig dat as jy jou deel doen dat jy die vrugte sal pluk" (Foreign Affairs 2002:34).

Dit het nou moeilik geword vir regerings om die produksiemiddele gyselaar te hou. Indien goeie burgers sleg deur hul regering behandel word, emigreer hulle net eenvoudig na 'n ander land. Die gevolg is dat regerings hul burgers nie moet sien as diensknegte nie, maar as kliënte (Rees-Mogg 1997:121-123).

Omdat geografiese ligging in die post-industriële ekonomie onbelangrik word, sal dit vir daardie gebiede wat arm of onderontwikkel is die meeste voordeel bring (Rees-Mogg 1997:215-216). Dit beteken egter ook dat indiwidue nie meer gedwonge sal wees om in 'n land te woon waar hoë

[10] *Rule by law* in Engels

inkomste belastings gehef word as ’n groot inkomste verdien word nie. (Rees-Mogg 1997:17) Hierdie feit veroorsaak dat die inkomste en dus ook die mag van die staat sal krimp.

3.3 Die verbreking van die staatsmonopolie

Rees-Mogg is van mening dat die inligtingsera die staat se monopolie op geweld verbreek omdat inligtingsgemeenskappe nou losgemaak word van geografieseligging. Die gevolg is dat dit moeiliker word om geweld aan te wend om geld van die besigheidswêreld af te pers. Hy stel dit so:

> “Soos wat die tempo waarteen groot stelsels vernietig word toeneem, sal dwang maatreëls om invloed op die ekonomie uit te oefen en om die verspreiding van inkomste te verseker ook afneem. Doeltreffendheid sal vinnig belangriker word as magsstrukture om sosiale instellings te vorm. ’n Totale nuwe ekonomiese terrein wat nie ’n gyselaar is van fisiese geweld nie, sal in die kuberruimte tot stand kom” (Rees-Mogg 1997:14).

Die ekonomie van die industriële era (moderne era) het eienskappe gehad wat dit maklik gemaak het vir vakbonde en regerings om geweld te gebruik om meer geld uit die ekonomie uit te pers. Die ekonomie van die inligtingsera besit egter eienskappe wat dit nou moeiliker maak om geweld te gebruik: (Rees-Mogg 1997:153-158):

- Inligtings Tegnologie (IT) bevat baie min materiële inhoud
- Die grootte van besighede kan nou kleiner word want IT maak dit moontlik. Dit lei daartoe dat algemene sosiale ondersteuning vir bo-markverwante lone, moeiliker verkry kan word.
- Kapitaalkostes daal weens IT
- IT verkort die produksie siklus
- IT is nie-sekwensieël en verspreid
- Mikroverwerking maak dat werk geïndiwidualiseer kan word

Gevolglik sal dit nou moeiliker wees om die zero-som spel van die verlede te kan bevorder en aan te dring op die herverdeling van rykdom. Tegnologie is mobiel en transaksies sal al meer in die kuberruimte plaasvind. Dit sal veroorsaak dat regerings nie meer vir die belastingbetalers kan vra vir die dienste wat aan hulle gelewer word as wat dit werklik werd is nie. (Rees-Mogg 1997:17)

Rees-Mogg som dit goed op: “In die modernistiese era kon dit waar geklink het om te sê dat ’n amper ongeletterde werker ‘uitgebuit’ word deur die motorfabriek eienaar wat die fabriek begin het en gefinansier het en wat nou werkers in diens neem. Die onontbeerlike rol van konseptuele kapitaal om materiële produkte te vervaardig en te bemark was nie so duidelik nie. Nou in die inligtingsera word hierdie rol baie duidelik en gevolglik word die aanname dat entrepeneurs op een of ander manier die waarde van inligtingsprodukte wat deur werkers vervaardig is, gegryp

het, al minder geloofwaardig... Om die waarheid te sê ons is vandag ver daarvan om soos Marxiste en Sosialiste in die negetiende en twintigste eeu te glo dat die werkers alle waarde geskep het. Vandag is daar ’n groeiende neiging weg van ongeskoolde arbeid en skep dit besorgheid dat die teenoorgestelde gebeur – of daar nog vir ongeskoolde arbeid enige ekonomiese rol is” (Rees-Mogg 1997: 296-298).

Fukuyama is ook van mening dat die staat se sosiale gepeutery en inmenging in die ekonomie tot ’n einde gekom het:

> “Nog ’n gevolg van die saamvloeiing van instellings teen ‘die einde van die geskiedenis’, is die wydverspreide erkenning dat verdere verbetering in postindustriële gemeenskappe nie bereik kan word deur sosiale ingenieurswese nie... In ons tyd is die grootste doelwit van meeste regerings om hul makro-ekonomiese beleid nie skade te berokken nie deur die geldvoorraad stabiel te hou en om oorspandering in toom te hou... Nou, nadat sosiale ingenieurswese verwerp is, begryp byna alle ernstige waarnemers dat liberale politieke en ekonomiese instellings afhanklik is van ’n gesonde en dinamiese burgerlike gemeenskap. ‘Burgerlike gemeenskap’ – die komplekse mengelmoes van instellings soos die besigheidswêreld, vrywilligerverenigings, onderwysinstellings, klubs, die media, liefdadigheidsorganisasies en kerke – is weer gebou op die gesin wat die fundamentele instrument is waardeur mense gesosialiseer word om binne die kultuur in te pas en die vaardighede gee om binne die breër gemeenskap in te pas. Die gesin versprei die waardes en kennis van die gemeenskap van geslag tot geslag.” (Fukuyama 1995:4-5).

In die modernistiese era was die onderwys in die hande van die staat. Die staat het onderwys gebruik om mense in burgers van ’n spesifieke land te omvorm. Nasionalisme is oral ingeforseer en gevolglik was daar politieke bagasie gekoppel aan die onderwys. Omdat die staat se inkomste nou verminder, kan verwag word dat die welvaartstaat wat vir indiwidue van die wieg tot by die graf sorg vir alles vanaf onderwys tot medies ook tot ’n end gaan kom. Dit kan te wagte wees dat die gesin die staat se rol in die vervulling van dienste soos onderwys sal oorneem. Soos in Asië sal die oumense verantwoordelik word vir die opvoeding van die jong kinders terwyl die kinders verantwoordelik sal word vir die versorging van hul bejaarde ouers (Rees-Mogg 1997:9). In die Inligtingsera sal onderwys geprivatiseerd en bevry wees van politieke bagasie. Daardie mense wat hulself kan onderrig sal vry wees om hul eie werk uit te dink en die voordeel van hul eie produktiwiteit te smaak (Rees-Mogg 1997:14,284).

Wolf kritiseer die idee dat globalisering die rol van die staat sal minimaliseer. Sy gevolgtrekking klink egter nie veel anders as Rees-Mogg s’n nie:

> “Die oorkoepelende gevolgtrekking is dan dat ekonomiese liberalisering en tegnologiese uitvindsels belastingheffing beduidend moeiliker sal maak. Belastings sal moontlik hervorm moet word. Korporatiewe belastings op winste sal moontlik radikaal aangepas moet word of totaal afgeskaf moet word. Ten slotte sal regerings se vermoeë om

> belastings te hef wat geen verwantskap toon met dienste wat daarvoor gelewer word nie, sal meer beperk wees as tevore... [R]egerings, soos ander instellings ook, sal gedwonge wees om waarde terug te gee aan die mense wat die staat finansier” (Foreign Affairs 2002:105-106)

3.4 Is die oplos van die armoede vraagstuk onsinnig?

In die modernistiese era was daar ook die geneigdheid om ’n meta-naratief op te stel waarna opgekyk moes word as die ideaal waarheen gewerk moes word. In terme van die armoede vraagstuk, kan dan gesê word dat die ideaal om armoede uit te wis of die skepping van rykdom ’n modernistiese idee is (Cilliers 1998:113). Postmodernisme staan skepties teenoor meta-naratiewe en sal dus dan ook skepties staan teenoor die idee om armoede te kan oplos. Nou kan mens wonder of dit dan nie onsinnig is om na die armoede vraagstuk te kyk nie.

As ons postmodernisme (en dus ook etiek) as die totaal teenoorgestelde van modernisme naamlik totale relativisme sien, dan sal postmodernistiese etiek dan enige etiese gedrag as aanvaarbaar sien. Dit sal dan onsinnig wees om te poog om die armoede vraagstuk op te los, want hoekom sou jou plan beter wees as enigiemand anders s’n.

Dit is egter nie wat postmoderniste soos Bauman en Toulin sê nie. Volgens hulle moet etiese reëls nog steeds opgestel word asof hulle universeel is. Bauman sê byvoorbeeld: “[D]ie postmoderne perspektief op morele verskynsels **ontbloot nie die relativisme van moraliteit nie.** Ook sê dit nie dat ons dan niks oor morele sake kan sê of iets daaraan kan doen nie. Die verskil teenoor moderne etiek, is egter dat die etiese reëls gedurig geherevalueer moet word om seker te maak dat dit nog steeds geldig is en die beste toegepas kan word vir die situasie onder beskouing (Cilliers 2002:11, Bauman 1993:12; Beklemtoning is die van die outeur).

Hierdie postmoderne etiek het die indiwidu se verantwoordelikheid om self besluite te neem weer teruggegee en gevolglik is die sentrale of enkele etiese gesag se verantwoordelikheid afgeskaal. Soos ons reeds gesien het, kan verwag word dat die staat en die kerk se rol om etiese beginsels neer te lê swakker sal wees as tydens die moderne era. Indiwidue sal dus ook verantwoordelikheid moet aanvaar vir hul etiese posisie, daar is nou nie meer ’n sentrale etiese gesag of vaste etiese reël wat die indiwidu se verantwoordelik opslurp nie. Die indiwidu se eie subjektiwiteit is die enigste beslissende etiese gesag. Dit beteken dat indiwidue die verantwoordelikheid het om bevoeg te wees om hierdie etiese besluite te neem. Dit sal dus belangrik wees om genoeg inligting oor die vraag waaroor besin word in te samel en ook sal die effektiefste manier gebruik moet word om hierdie inligting en beginsels wat afgelei word aan die wêreld te kommunikeer.

Nog ‘n gevolg van die afskaling van ‘n sentrale etiese gesag is dat die mens se habitat sag en snoesig voel waar enigiets aanvaarbaar is (Bauman 1992:xviii). Daar vind eerder ‘n soort van dialoog plaas tussen die deelnemers aan die etiese debat. Dit is nie meer ‘n saak van ‘n monoloog waar die deelnemers almal sit en luister na die sentrale gesag oor hoe die etiese probleem opgelos behoort te word nie. Daar vind ’n onderhandeling plaas tussen die partye en hierdie onderhandeling kry self ‘n etiese karakter.

Verder volg dit ook, omdat daar nou nie meer ’n sentrale gesagsliggaam is nie, dat dit onvermydelik is dat daar verskille sal wees en dat daar konfrontasie en konflik sal volg. Reëls sal na vore kom as reaksies, op die konflik en onderhandelings wat gevoer word.

Die postmodernistiese etiek bestaan uit ’n skynbare teenstrydigheid. Aan die een kant laat dit toe dat indiwidue self verantwoordelikheid vir hul etiese besluite moet neem, terwyl dit aan die anderkant die universele riglyne om hierdie verantwoordelikheid te vervul in die niet laat verdwyn. Daar is ’n praktiese dilemma wat agter hierdie skynbare teenstrydigheid skuil naamlik, wanneer iemand volgens sy oortuigings optree, is dit vanselfsprekend dat gepoog word om universele aanvaarding daarvoor te verkry. Maar wanneer dit gedoen word, dan lei dit juis tot die verkryging van oorheersing. Dit is dieselfde oorheersing wat juis deur postmodernisme verwerp word (Bauman 1992:xxii en xxiii)

Bauman maak die volgende gevolgtrekkings in sy *Postmodern Ethics* oor die etiese kenmerke vanuit ’n postmoderne perspektief:

- Die aanspraak dat mense van nature sleg is en die teenoorgestelde aanspraak dat die mens van nature goed is, is beide verkeerd. Die mens is dubbelsinnig wat dit aanbetref en omdat mense saam moet leef is dit dus ook onmoontlik om ’n ondubbelsinnige etiek daar te stel. Dit is dus ook onmoontlik om die versekering te kan gee dat morele optrede deur mense gewaarborg kan word. ’n Perfekte gemeenskap en ook perfekte mense is nie ’n haalbare opsie nie (Bauman 1993:10).
- Morele (etiese) verskynsels is inherent ‘nie-rassioneel’ van aard. Hulle pas nie in die ‘means-end’ skema nie, ontwyk verduideliking in terme van nuttigheid en hulle is ook nie algemene, herhaalbare, eentonige, voorspelbare verskynsels wat hulle leen tot die voorstelling as reëlgeorienteerdheid nie. (Bauman 1993:11)
- Dit is onvermydelik dat moraliteit aporeties is: Indien ten volle opgetree sou word ten opsigte van byna alle morele drange, dan is die logiese uiteinde immorele optrede. As mens byvoorbeeld die drang om die uitgeworpenes (*Other*) te wil versorg sou voer tot sy uiterste dan sou dit beteken dat hierdie uitgeworpenes se outonomie vernietig sal word en dit dan sou lei tot oorheersing en verdrukking. (Bauman 1993:11)
- Vanuit die perspektief van die ‘rasionele orde’ is postmoderne moraliteit irrasioneel.

Bauman se slotsom van hoofstuk 7 sê alles: “… dit is die belangrikste kenmerk van postmodernisme en ook die bron van postmodernisme se krag maar oor swakheid, naamlik dat dit skepties is oor enige sekerhede en geen waarborge gee nie. Dit weier om die geskiedenis vas te vries deur profesieë of wetgewing in te bring...” (Bauman 1993:222)

Ons kan dus tot die gevolgtrekking kom dat dit nie onsinnig is om na die armoede vraagstuk te kyk nie. Ons moet net nie die oplossings of idees waarmee ons vorendag kom verhef tot utopiese idees nie. Ons moet bereid wees dat ons idees die heeltyd geherevalueer kan word en aangepas word wanneer dit nodig is.

4. WAT MAAK MENSE / LANDE VOORSPOEDIG?

Nou dat ons weet dat die ekonomie as ’n komplekse stelsel funksioneer, kan ons probeer om daardie spesifieke faktore te identifiseer wat op mekaar inwerk om sodoende die klimaat te skep waarin party groepe ekonomies meer suksesvol is as ander. Kom ons kyk nou eers in die algemeen wat verskillende geleerdes oor hierdie onderwerp te sê het.

Party mense soos Donald MacIntyre dring daarop aan dat kulturele faktore glad nie ter sprake is by die ekonomiese voorspoed van party groepe en die armoede van ander nie (De Soto 2002:voorwoord). Fukuyama stem glad nie saam nie en sê weer dat dit ’n essensiële faktor is (1995:354).

De Soto vertel dat Amerikaners van 150 jaar gelede met presies dieselfde probleme gesukkel het as waarmee Derde Wêreld Lande vandag sukkel naamlik: eksponensiële toename in plakkers, onwettige bedrywighede, onwettige entrepreneurs, goudjagters en gewapende bendes. In ’n neutedop: Amerika was ’n Derde Wêreld land (De Soto 2002:110). Hy skryf Amerika se losbreek vanuit sy Derde Wêreld status toe aan: “Die erkenning en integrering van eksterne eiendomsregte was ’n sleutel element om die Verenigde State een van die belangrikste mark ekonomieë en produseerders in die wêreld te maak.” (De Soto 2002:156,106)

Fukuyama lys die volgende redes hoekom besighede in die VSA groot kon word en dit kon lei tot ekonomiese sukses (Fukuyama 1995:275-276):

- Die VSA het ’n groot plaaslike mark
- Eiendomsreg
- ’n Regulatoriese stelsel wat oop is
- Min kunsmatige reëls wat handel beperk
- Die vinnige verspreiding van onderwys
- Die skep van ’n eersterangse stelsel van hoër en tegniese onderwys.
- ’n Hoë mate van sosiale vertroue tussen mense.

Vir die Japanese se ekonomiese sukses word die volgende faktore gelys. Fukuyama identifiseer ook dieselfde faktore vir Duitsland (Fukuyama 1995:182-183, 209-210):

- Die politieke heersers het nooit daarin kon slaag om sentrale beheer te verkry nie. Dit het private ekonomiese aktiwiteite moontlik gemaak
- Boeddhistiese monnike het hul seën uitgespreek teenoor ekonomiese aktiwiteite en het ’n handelsetiek, soortgelyk aan die Puriteine s’n in Holland, Engeland en die VSA. “Met ander woorde, daar was die Japanese weergawe van die Protestante werksetiek wat geformuleer is min of meer dieselfde tyd as die Europese weergawe.” (Fukuyama 1995:182-183)

- Die Japanese se obsessie met perfeksionisme
- Die Japanese werksetiek
- Kommunale solidariteit
- Ordelikheid en dissipline

Ludwig von Mises sê dat die toestande in Engeland gedurende die middel van die agtiende eeu baie soortgelyk was aan ’n hedendaagse Derde Wêreld land soos Indië s’n. Engeland het binne dekades tot die wêreld se magtigste en rykste nasie gegroei weens ’n klein groepie filosowe en ekonome. **Hulle het die ekonomiese fabels van hul tyd vernietig** (Chilton 1981:226-227):

- Dat dit onregverdig is en ongeregtigheid is om ’n mededinger ten gronde te rig deur beter en goedkoper produkte te vervaardig.
- Dat dit onregverdig is om af te wyk van tradisionele produksie metodes.
- Dat masjiene wat arbeid spaar tot werkloosheid lei en daarom boos is.
- Dat dit die taak van die staat is om te verhoed dat effektiewe besigheidsmanne ryk word en om die minder effektiewes te beskerm teen die kompetisie van die meer effektiewes.
- Dat regerings dwang moet toepas om entrepreneurs se vryheid en inisiatief aan bande te lê om sodoende die nasie se welsyn te bevorder.

Friedman beklemtoon weer dat die sukses van lande in die globaliseringsera sal afhang van die sukses om buitelandse beleggers te kan trek. Om dit te kan regkry sal lande die volgende stappe moet neem (Foreign Affairs 2002:3):

- Privatiseer ondernemings
- Staatsbegrotings sal moet klop
- Verlaging van tariewe
- Verwydering van beperkings op buitelandse beleggings
- Subsidies vir staatsbeheerde firmas sal afgeskaal moet word.
- Bevordering van ’n betroubare en funksionele mark deur die instel van internasionaal aanvaarbare ouditering en rekenkundige standaarde, duidelike aandeelhouding en billike insolvensieprosedures – in ’n neutedop ’n kultuur van deursigtigheid

Die tweede industriële rewolusie is deels moontlik gemaak deur elektrisiteit wat dit moontlik gemaak het om nou twee ure minder te slaap (van ’n gemiddelde 9 uur na slegs 7 uur). Elektrisiteit het mense dus meer produktief gemaak (Thurow 2000:21). Dit is egter belangrik om daarop te let dat harde werk nie die alfa en omega is nie. Die vyftiende eeuse Sjinese plaaswerkers het baie harder gewerk, maar hul produktiwiteit was net ’n fraksie van moderne werkers. Die rede hiervoor is dat moderne welvaart gebaseer is op kennis, onderwys, tegnologie, innovasie, organisasie en so meer. Dit is dus die kwaliteit van die arbeid wat tel en nie die kwantiteit nie (Fukuyama 1995:45).

North sê dat die institusionele/organisitoriese struktuur, stabiele politieke/ekonomiese instellings wat goedkoop en onpersoonlike transaksies moontlik maak en die fundamentele geloofsoortuigings van die gemeenskap die faktore is waarna gekyk moet word (Arthur 1997:224-225)

Cilliers weer wys daarop dat die geskiedenis van ’n komplekse stelsel (en gevolglik ook die ekonomie) ’n belangrike rol speel (Cilliers 1998:107). Dit beteken dat die geskiedenis van die suksesvolle ekonomieë (VSA, Wes Europa, Hong Kong, Taiwan, Japan ens.) en onsuksesvolle ekonomieë (Afrika, Kommunistiese lande) bestudeer sal moet word, om te verstaan wat ’n ekonomie suksesvol maak.

Rosenberg wys daarop dat die ontwikkelingsfase van nuwe tegnologie deur party lande misken word. Lande wat die handelsmoontlikhede van nuwe tegnologieë benut presteer beter as ander. Dus het tegnologie en hoe dit gebruik word ook ’n inpak op die welvaart van lande (Rosenberg 1976:77) Hy maak ook die belangrike opmerking dat handel (besigheidswêreld) tot vindingrykheid en spaarsamigheid lei wat beide onontbeerlik is vir ekonomiese groei (Rosenberg 1976:89-90).

Ons kan bogenoemde faktore in twee groepe verdeel. Die eerste is die groep faktore wat onveranderlik is. Dit is daardie dinge wat die groep of indiwidue niks aan kan verander nie (byvoorbeeld, die plek waar jy gebore is of die ligging van jou geboorteland). Die tweede groep faktore is daardie wat ’n groep wel kan verander. So kan ’n groep of indiwidue die gedrag wat tot ekonomiese stagnasie lei, teenwerk. Kom ons kyk nou in meer detail na party van hierdie faktore.

4.1 Onveranderlike faktore

Hierdie is faktore waaraan ’n groep of indiwidu niks kan verander nie. Hierdie is faktore waaroor die ‘slagoffers’ slegs kan kla en vertel hoe onregverdig dit is. Hier onder tel die geografiese en historiese faktore.

4.1.1 Geografiese faktore

David Dollar en Aart Kraay sê dat lande wat afgeleë is vanaf markte, hoë vervoerkostes, gesondheidsprobleme en landbouprobleme het, geklassifiseer kan word as lande met ’n swak geografiese ligging en dat dit wel ’n invloed sal hê op hul ekonomiese welvaart (Foreign Affairs 2002:35). Ons kan by hierdie faktore ook nog voeg, gebiede wat geneig is om vloede en droogtes te ervaar en natuurlike rampe soos vulkane en aardbewings.

Aan die positiewe kant weer kan dit tot die bevolking se voordeel strek indien ’n land baie grondstowwe besit. Ook kan genoegsame reën dit vir ’n land moontlik maak om landbouproduksie te verbeter. Lande soos Kanada, Nieu-Seeland en Denemark het ryk geword deur landbou, rou materiale en ander redelike lae-tegnologiese industrieë (Fukuyama 1995:345).

Die volgende diagramme wys vir ons die reënval (figuur 4.1), aardbewings en vulkane (figuur 4.2) en die Bruto Binnelandse Produk per Kapita (BBP) in VSA Dollars soos in 2003 (figuur 4.3).



Figuur 4.1: Reënval (Fullard 1981:5)



● Aardbewings en ▲ Vulkaniese aktiwiteit

Figuur 4.2: Aardbewings en Vulkane (Aardbewings 2003)



Figuur 4.3: Bruto Binnelandse Produk per Kapita (BBP) in VSA Dollars in 2003 (Freedom House 2003)

Hierdie diagramme maak dit vir ons moontlik om die verskillende lande in die wêreld se geografiese ligging (reënval, aardbewings en vulkane) en Bruto Binnelandse Produk per Kapita met mekaar te vergelyk en dan te bepaal of daar verbande bestaan tussen ekonomiese voorspoed en die geografiese ligging van ’n land. Ons kan die volgende gevolgtrekkings maak uit hierdie diagramme:

- Sub-Sahara Afrika se reënval is baie dieselfde as die VSA, Europa en Japan s’n.
- Daar kom beduidend minder aardbewings en vulkaniese uitbarstings in Afrika voor as in ander kontinente soos Suid-Europa, Asië (Japan, Taiwan), Noord- en Suid-Amerika
- Die Bruto Binnelandse Produk per Kapita vir Sub-Sahara Afrika is beduidend laer as in gebiede soos die VSA, Europa en Japan. Sou mens na die Bruto Binnelandse Produk per Kapita van sub-Sahara Afrika voor 1965 kyk en dit met vandag s’n vergelyk, dan het hierdie gebied agteruit geboer (Thurow 2000:35)
- Die meerderheid (> 90%) van die lande met die laagste Bruto Binnelandse Produk per Kapita in die wêreld is in sub-Sahara Afrika.
- Minerale rykdomme soos olie, steenkool, goud, aardgas, yster, diamante, kroom, platinum, uraan, koper ens. kom nie in groter hoeveelhede voor in ryker gebiede nie (Fullard 1981:XVI)

Verder is dit ook ’n feit dat gebiede se inkomste verander. Indien die geografiese ligging die bepalende faktor was, dan sou dit veroorsaak het dat die inkomste ook konstant bly, want die geografiese ligging bly tog konstant. So is dit ’n feit dat 80% van Japan se rykdom gesetel is in vaardighede en kennis terwyl slegs 20% geleë is in natuurlike hulpbronne en grond (Thurow

2000:131). Dit is dus nie ’n vereiste dat ’n land baie natuurlike hulpbronne moet hê om voorspoedig te kan wees nie. (Waldrop 1992:43, Thurow 2000:131)

In die inligtingsera kan ook verwag word dat die geografiese ligging ’n kleiner rol sal speel en dat vaardighede die bepalende faktor sal wees om die hoeveelheid vergoeding vir werk te bepaal (Thurow 2000:94) Die belangrikheid van minerale rykdomme is ook aan die afneem. So het Japan en Korea geen noemenswaardige yster of steenkool nie, maar hulle het wel wêreldgehalte staalvervaardigings fabrieke. Maatskappye in lande soos Skandinawië wat hoë belastings hef, kom ook meer en meer agter dat hulle nie daarin kan slaag om hoogsbetaalde mense te werf nie (soos Hoof Uitvoerende Beamptes), want hierdie mense se inkomste word verminder deur die hoë belastings. Hierdie maatskappye word dan gedwing om hul hoofkantore na lande met laer belastings te skuif (Thurow 2000:96).

Uit bogenoemde kan ons dan die gevolgtrekking maak dat die geografiese ligging nie die bepalende faktor is om ekonomiese voorspoed te verseker nie.

4.1.2 Historiese faktore

Sommiges dring daarop aan dat armoede teruggespoor kan word na koloniale onderdrukking. So sê die opstellers van die NEPAD dokument dat Afrika se armoede onder andere teruggespoor kan word na die uitbuiting deur koloniale moondhede wat Afrika se hulpbronne en minerale gebruik het sonder om ook die kontinent se vervaardigingssektor en arbeidsmag te ontwikkel (Open Society Foundation for South Africa 2002:5).

Histories het kolonialisme so vroeg as die 1880’s die gesinstruktuur onder werkers in Suider-Afrika afgebreek. Werkers in die diamant- en goudmyne mag net gewerk het indien hulle as indiwidue gehuisves kon word – gesinne is nie toegelaat nie. Op hierdie manier is dan losstaande indiwidualiste gekweek. In die vroeë 1970’s is hierdie stelsel in die diamantmyne uitgefaseer, maar teen 1988 was nog steeds 95% van die goudmynwerkers van 500,000 onder hierdie stelsel. (Wilson 1989:197). Hierdie stelsel was ook nie slegs beperk tot die mynboubedryf nie, maar het ook ander industrieë ingesluit. Van die 5 miljoen swart werkers was 2 miljoen werksaam as enkelinge in 1985 (Wilson 1989:199). In ’n latere afdeling (Kommunialisme / Sosiale Kapitaal) sal gesien word dat losstaande indiwidualisme tot nadeel van mense strek en dat daar ’n verband bestaan tussen losstaande indiwidue en armoede.

Dus wat hierdie aspek betref is dit waar dat kolonialisme tot nadeel van baie mense was. Dit sou egter nie die volle waarheid wees indien ons nie die ander sy van kolonialisme ook sou bekend maak nie. So weet ons dat Haïti 200 jaar gelede een van die eerste lande geword het om homself te bevry van koloniale oorheersing. Indien mens sou sê dat koloniale onderdrukking die primêre faktor is wat armoede veroorsaak, dan moet dit beteken dat Haïti vandag baie voorspoedig moet

wees. Dit is egter ’n feit dat Haïti vandag een van die armste lande op aarde is waar onstabiliteit heers. (Kenny 2004:9)

Gordon Redding maak ook die punt dat alle emigrante vanuit Sjina tussen 1850 en 1940 landbouers (“peasants”) vanaf die plattelandse gebiede van die suide was. Hierdie Sjinese het na lande soos Maleisië, Singapoer, Indonesië, Tailand, Viëtnam, Laös, Fillipyne, Hong Kong en Taiwan geëmigreer. Baie van hierdie lande was dan juis die lande wat onder koloniale bestuur gestaan het. Tog het die Sjinese in hierdie lande daarin geslaag om ekonomies so voor uit te gaan dat slegs 40 miljoen van hulle teen 1990 byna netsoveel geproduseer het as die 1000 miljoen Sjinese van Kommunistiese Sjina. (1990:22,38) Dit is dus nie voldoende om Sjinese agterlikheid toe te skryf aan Westerse imperialisme nie. Dit kan eerder toegeskryf word aan tradisionele Sjinese se vyandigheid teenoor die handelswese en ’n oorbeklemtoning van burokrasie/akademici. Verder kan ook by die lysie gevoeg word ’n gebrek aan eiendomsreg en ’n gebrek aan vertrouensverhoudings buite families, paternalisme en ’n gebrek aan objektiwiteit en neutraliteit waarbinne ’n professionele burokrasie kan funksioneer. Korrupsie het ook ’n rol gespeel (Redding 1990:117,122,124,125,126,197).

’n Ander historiese feit wat in aggeneem moet word is die afgelope 50 jaar se ontwikkelinge veral in Afrika. Die Wes-Afrika filosoof, Kwame Gyekye, sê dat Afrikane grotendeels vir sosialisme gekies het nadat hulle hul van koloniale onderdrukking bevry is. Afrika leiers het van Afrika Sosialisme gepraat en klem daarop gelê dat sosialisme bestaan het in Afrika voordat dit deur intellektueles soos Marx in Europa na die voorgrond gestoot is. Leiers soos Léopold Senghor, Julius Nyerere, Kwame Nkrumah, Sékou Touré en Kaunda het Afrikane se geneigdheid tot Kommuniatarisme gelykgestel aan ’n geneigdheid tot sosialisme. Gyekye stem egter nie saam nie en sê dat die fundamentele eienskap van sosialisme juis die ontkenning is van private eiendom en dat daar talle voorbeelde is waar Afrikane wel **voor** kolonialisme privaat eiendom besit het. Hy beskou dus Afrikane se post-koloniale beheptheid met sosialisme as ’n jammerte (Gyekye 1997:149,150,152,163,170). Van der Walt sê ook dat mens nie sosialisme en kommunisme gelyk kan stel aan Afrika Kommunialisme nie (Van der Walt 2003:135).

Dus histories gesien was Afrikane nie meer geneig tot sosialisme nie en is die sosialistiese eksperimente in Afrika die afgelope 50 jaar ’n nuwe verskynsel. “Die gevolgtrekking dan is dat die sosiokulturele sowel as konseptuele analise die bestaan van die idee en praktyk van privaat eienaarskap uitwys as ’n buitengewone eienskap van ekonomiese bestuur in die tradisionele Afrikakultuur.” (Gyekye 1997:151)

Verder weet ons ook dat die Oos-Duitsers wat vir 40 jaar onder sosialistiese bestuur gestaan het, se kultuur so verander is dat hulle en die Wes-Duitsers kultureel verwyder geraak het van mekaar en hul werksetiek verloor het. (Fukuyama 1995:211) Dit is dan baie waarskynlik dat die afgelope 50 jaar se sosialisme in Afrika ook dieselfde tipe invloed gehad het op Afrikane.

Daar is ook historiese voorbeelde waar mense se ewolusionistiese presubposisies hulle laat glo het dat party mense agter is op die ewolusionistiese pad. So weet ons van Ota Benga wat in 1904 in die Belgiese Kongo (vandag die Demokratiese Republiek van die Kongo) gevang is en by die St. Louis Wêreld Tentoonstelling saam met ander mense in die antropologiese afdeling vertoon is as ‘barbaarse versinnebeeldings’ en ‘snaakse mense’. Later is Ota Benga in die Bronx dieretuin saam met die ape vertoon. (Bergman 1993:50) Hierdie is nie ’n geïsoleerde voorval nie, want daar is ook voorbeelde waar die oorskot van Aboriginies uitgestal is as bewyse van een van die verlore skakels (tussen mens en aap) (Wieland 1998:15). Indien mens die heeltyd vertel word dat jou swak prestasies in vergelyking met ander s’n te wyte is aan jou ewolusionistiese agterstand, dan kan verwag word dat dit ’n fatalistiese wanhopigheid tot gevolg kan hê. Hierdie gebeure het egter meer as 100 jaar gelede gebeur en dit is te betwyfel of hierdie gebeure die nageslag van hierdie groepe nog steeds sleg beïnvloed. Verder kan voorbeelde genoem word waar juis sulke ‘agterlike’ groepe vordering getoon het wat aanvanklik ondenkbaar was (Grigg 1999:50-52)

Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat hierdie historiese faktore nie deurslaggewend is nie. Daar is party historiese faktore wat tot nadeel van die mense is terwyl ander weer tot voordeel van mense kan strek.

4.2 Veranderbare faktore

Die tweede groep faktore is daardie faktore wat veranderbaar is. Indiwidue of groepe kan pogings aanwend om hierdie faktore te verander. In hierdie geval is dit nie ’n situasie dat alles hopeloos is en dat niks gedoen kan word nie, dat daar maar net teruggesit moet word en sanik oor hoe onregverdig die lewe is nie. Groepe kan hierdie faktore verander en sodoende hul ekonomiese posisie verbeter. Onder hierdie faktore tel kultuur, eiendomsreg, sosiale kapitaal, staatsinmenging, tegnologie en opleiding.

4.2.1 Siektes en voeding

As ons na die voorkoms van siektes soos cholera, MIV/VIGS[11], geelkoors, hepatitis en malaria kyk, dan kom hierdie siektes beduidend meer in armlande voor (Wêreld Gesondheids Organisasie 2003). Dit is vanselfsprekend dat indien mens siek is dat mens se produktiwiteit nadelig daardeur beïnvloed sal word. Gevolglik sal lande met ’n hoë voorkoms van siektes dan ook minder kan produseer en gevolglik dan ook armer wees.

Daar is ook ’n verband tussen voeding en siektes. Indien jou liggaam nie die nodige voedingstowwe ontvang nie, dan kan mens verwag dat jou liggaam ook nie die nodige weerstand sal kan bied teen die aanvalle van baie siektes nie en jy sal makliker siek word. Verder is daar party siektes wat direk verband hou met ’n verkeerde dieet. Hier onder tel diarree, gereelde infeksies, hoofpyn, ’n gelui in die ore, neus en tandvleis wat maklik bloei, lewersiektes, angsaanvalle en ander vorme van sielkundige probleme, maagpyn, velprobleme, swak visie veral in die nag, blindheid, bloedarmoede en brand of lam voete (Werner 1977:112-113). Ondervoeding is ook geweldig nadelig vir kinders aangesien hulle nog besig is om te groei. Gevolglik beïnvloed ondervoeding kinders se ontwikkeling en kan dit selfs daartoe lei dat kinders se breinontwikkeling stadig is.

Die volgende diagramme illustreer die voorkoms van siektes in die wêreld:



Figuur 4.4

[11] In Engels bekend as HIV (Human Immunodeficiency Virus) en AIDS (Acquired

Ons sal in die “Oplossing” afdeling infokus op hoe siektes en ondervoeding voorkom kan word en sodoende die gesondheid en gevolglik ook die materiële toestand van Derde Wêreld mense te verbeter.

4.2.2 Kultuurfaktore

Daar word in die VSA weens politieke redes die aanname gemaak dat alle kulture inherent gelyk is. Fukuyama maak die stelling dat as verskillende kulture gemeet word aan die hand van ekonomiese kriteria dat “Dit nie voldoende [is] om te sê dat almal uiteindelik by dieselfde doelwit [die strewe na ekonomiese voorspoed] uitkom nie, net met verskillende paaie nie. *Hoe* en teen watter spoed ’n gemeenskap daarby uitkom beïnvloed die geluk van daardie mense en party sal nooit daarby uitkom nie.” (1995:354).

Fukuyama beskou kultuur as een van die belangrikste faktore wanneer hy sê:

> “Dieselfde industriële beleid wat tot totale mislukking lei in Latyns Amerika, kan effektief werk in Asië. Party gemeenskappe kan hul tegnokrate distansieer van die dag tot dag drukgroepe. **Die belangrike veranderlike is nie industriële beleid nie, maar kultuur.**” (Fukuyama 1995:21; Beklemtoning is die van die outeur)

Met kultuur bedoel Fukuyama daardie hoogsontwikkelde etiese reëls waarvolgens mense lewe. Hierdie reëls word aangeleer deur herhaling, tradisie en voorbeeldstelling. Dit kan ook wys op ’n dieper rasionaliteit wat met aanpassing te make het, maar word van die een geslag na die ander oorgedra deur arasionele gewoontes. Hierdie gewoontes veroorsaak dat indiwidue nie optree soos modernistiese ekonome sê nie, naamlik as selfsugtige nuttigheids maksimaliseerders nie. (Fukuyama 1995:41). Dus maak kultuur dat mense nie utilitariste is soos modernistiese ekonome sê nie! Die probleem is dat dit onmoontlik is om as rasionele maksimaliseerders in die alledaagse lewe op te tree, want om al die relefante inligting in te samel en al die alternatiewe te oorweeg is ’n tydrowende en duur proses. **Gewoontes en sedes kan die proses om ’n goeie besluit te neem kortsluit** (Fukuyama 1995:36).

Gordon Redding maak die punt dat kultuur nie dié faktor is wat ekonomiese sukses bepaal nie, maar dat dit een van die talle sleutelfaktore is (1990:12). Hy lys die volgende kulturele faktore wat materiële voorspoed bepaal:

- Die vervanging van ’n geloof in magie en die bonatuurlike met ’n geloof in oorsaak en gevolg van ingenieurswese en wetenskap.
- ’n Tendens tot hardwerkendheid (Werksetiek)

ImmunoDeficiency Syndrome)

- Materialisme in plaas van ’n anti-aardsgesindheid (’n oorbeklemtoning van die hiernamaals).
- Verdraagsaamheid teenoor oneerlikheid en korrupsie
- Ideologiese stryd oor die verdeling van welvaart.

Fukuyama skryf in sy boek *Trust* dat die belangrikste kulturele element wat beskou moet word, wanneer na lande se ekonomiese welsyn gekyk word, die vertrouens verhoudings tussen verskillende mense is (Fukuyama 1995:7). Hy definieer hierdie vertrouens verhoudings as volg:

> “Vertroue is die verwagting binne gemeenskappe dat ander mense in die gemeenskap gereeld eerlike en samewerkende gedrag sal openbaar. Dit is gebaseer op gemeenskaplike norme binne daardie gemeenskap. Hierdie norme kan gebasseer wees op diepsinnige “waarde” vrae soos die natuur van God of geregtigheid, maar dit kan ook sekulêre norme omvat soos professionele standaarde en gedragskodes. Dit is byvoorbeeld om ’n dokter te vertrou om nie doelbewus enige kwaad te doen nie, omdat ons verwag dat hy/sy volgens die Hipokratiese-eed en die standaarde van die mediese professie sal optree.” (Fukuyama 1995:26)

Van der Walt haal weer verskeie Afrikane aan en hulle lys die volgende kulturele faktore wat Afrika terughou (Van der Walt 2003:446-447):

- ’n Oorbeklemtoning van die geestelike wêreld maak dat mense vreesbevange en fatalisties is – ’n oortuiging van “ons kan niks verander aan die situasie waarin ons ons bevind nie”. Verder mors die aanbidding van die voorvaders kosbare tyd en geld. Dit ondermyn ook persoonlike verantwoordelikheid, want iemand anders kan altyd geblameer word.
- Die wet van stamverwantskap lei tot nepotisme, stamisme, jaloersheid en selfs etniese oorloë
- Afrika Kommunalisme onderdruk indiwiduele inisiatief en laat nie die ontwikkeling van persoonlike verantwoordelikheid toe nie – die voorvereiste vir enige werketiek.
- Rykdom moet met die hele gemeenskap gedeel word. Sosiale aansien is belangriker as indiwiduele prestasies.
- Geen gesinsbeplanning word gedoen nie.
- Afrikane spandeer te veel van hul tyd om te sosialiseer en baie min toekomsbeplanning word gedoen.

Wanneer ons van die rykste lande en die armste lande se “inkomste per kapita” kyk en dit vergelyk met die lewenshouding van daardie mense, dan sien ons interessante tendense (sien tabel 4.1):

Hebden Tailor identifiseer in hierdie tabel, dat daar in 1962 ’n verband bestaan tussen die ekonomiese voorspoed en lewenshouding. Wanneer 2003 se syfers egter bekyk word, dan lyk

hierdie korrelasie tussen lewenshouding en voorspoed nie meer so rooskleurig nie. Die feit dat Room Katolieke lande in Suid-Amerika hul voorspoed vermeerder het vanaf 1962 tot 2003, kan egter toegeskryf word aan die toename aan Protestantisme in Suid-Amerika. Fukuyama sê: "Protestante bekerings in Latyns Amerika is geassosieer met betekenisvolle verbeterings in higiëne, besparing, onderwysprestasie en uiteindelik ook per kapita inkomste." (Fukuyama 1995:45) Verder is dit 'n feit dat die VSA sedert die 1960's baie meer indiwidualisties en sekulêr geword het en wegbeweeg het van hul oorspronklike Protestante wortels. Dieselfde kan gesê word van ander histories Protestante lande (Fukuyama 1995:10,210,272,277,279; Noebel 1991:16; Rees-Mogg 1997:368). Dus alhoewel die prentjie sedert die 1960's vertroebel geraak het, is Hebdon Tailor se waarneming wel waardevol.

Hierdie Protestante Lewenshouding word die Weberiaanse werksetiek genoem. Dit sluit die volgende in (Fukuyama 1995:45):

- Die tendens om vroeg op te staan en fisies hard te werk
- Spaarsamigheid
- Rasionele benadering om probleme op te los
- Die totale besigwees met die hier-en-nou wat indiwidue help om die natuur te bemeester deur innovasie en arbeid

Gordon Redding, professor in Bestuurswese en Direkteur van die Universiteit van Hong Kong se Besigheidsskool, stem saam met Fukuyama en sê (Redding 1990:10):

> "Weber wou nie so seer verklaar hoe die 'gees van moderne kapitalisme[12]' van dag tot dag werk nie. Hy was meer daarop gefokus om te verklaar waar hierdie 'gees van moderne kapitalisme' in die eerste plek vandaan kom... Hy het dit teruggespoor na die asketiese weergawes van Protestantisme wat opgegroei het nadat die Reformasie die aanbiddings monopolie van die Rooms Katolieke Kerk verbreek het... Die hoof Protestante relevante etiek was:
>
> - Getrouheid in jou wêreldse roeping en beroep, insluitend die besigheidswêreld
> - Asketisme
> - Die sistematiese gebruik van tyd (nie vermorsing van tyd)"

[12] Die titel van Max Weber se klassieke boek is: The Protestant Ethic and the Spirit of Capitalism.

Lewens houding	Land	Inkomste per kapita in 1962			Inkomste per kapita in 2003		
		ponde	% van RSA	% rang	dollers	% van RSA	% rang
Protestant	VSA	824	588.57	1	34142	363.17	1
Protestant	Kanada	546	390.00	2	27839	296.13	5
Protestant	Switzerland	516	368.57	3	28768	306.01	4
Protestant	New-Seeland	470	335.71	4	20069	213.47	18
Protestant	Australië	439	313.57	5	25693	273.30	10
Protestant	Brittanje	413	295.00	6	23509	250.07	16
Protestant	Denemark	411	293.57	7	27627	293.87	6
Protestant	Wes-Duitsland	383	273.57	8	25103	267.02	12
A-Christen	Israel	373	266.43	9	20131	214.14	17
Protestant	Noorweë	370	264.29	10	29918	318.24	2
Rooms	België	368	262.86	11	27178	289.10	7
Rooms	Frankryk	362	258.57	12	24223	257.66	14
Protestant	Finland	319	227.86	13	24996	265.89	13
Protestant	Nederland	307	219.29	14	25657	272.92	11
Rooms	Venezuela	277	197.86	15	5794	61.63	27
Rooms	Oostenryk	263	187.86	16	26765	284.70	8
Rooms	Ierland	203	145.00	17	29866	317.69	3
Rooms	Italië	199	142.14	18	23626	251.31	15
Rooms	Chilie	179	127.86	19	9417	100.17	23
A-Christen	Japan	144	102.86	20	26755	284.60	9
A-Christen	RSA[13]	140	100.00	21	9401	100.00	24
Rooms	Argentinië	135	96.43	22	12377	131.66	22
A-Christen	Jamaika	133	95.00	23	3639	38.71	28
Rooms	Griekeland	130	92.86	24	16501	175.52	21
Rooms	Mexiko	100	71.43	25	9023	95.98	25
Rooms	Spanje	97	69.29	26	19472	207.13	19
Rooms	Portugal	90	64.29	27	17290	183.92	20
A-Christen	Ghana	71	50.71	28	1964	20.89	31
Rooms	Brasilië	48	34.29	29	7625	81.11	26
A-Christen	Sri Lanka	44	31.43	30	3530	37.55	29
A-Christen	Indië	25	17.86	31	2358	25.08	30
A-Christen	Burma	18	12.86	32	1027	10.92	32

Tabel 4.1

Fukuyama gaan nog verder en maak nog 'radikaler' waarnemings:

> "Hy [Weber] wou verstaan hoekom moderne kapitalisme en ander aspekte van modernisme soos natuurwetenskap die rasionele bemeestering van die natuur juis in die Protestante Weste en nie in Sjina, Japan, Korea of Indië tot stand gekom het nie. En op hierdie punt is hy absoluut reg wanneer hy daarop aandring dat die tradisionele kulture in hierdie gebiede vyandig was teenoor ekonomiese modernisme. Eers toe laasgenoemde

[13] Dit word algemeen aanvaar dat Suid-Afrika 'n Christelike land is. Dit is daarom snaaks om te sien dat Hebden Tailor Suid-Afrika definieer as 'n anti-Christelike Land. Hy maak nie duidelik wat hy met so 'n land bedoel nie. Dit wil egter voorkom of hy wel weet waarvan hy praat, want hy het in Afrika opgegroei saam met sy sendelingouers (Hebdon Tailor:voorwoord). Durand wys ook daarop dat sogenaamde Christene in Suider-Afrika se dade nie ooreenstem met hul belydenis dat hulle Christene is nie en daarom trek hy in twyfel of hulle werklik Christene is (Durand 2002:8-9)

> van buite af binnegebring is, toe Sjina en Japan kontak met die Weste gemaak het, het kapitalistiese ontwikkeling begin posvat. Sjina moes ‘politieke Confuciaanisme’ en die hele imperiale stelsel met sy gentleman-akademici afskaf; Japan en Korea moes wegdoen met hul tradisionele klasseverskille en eersgenoemde moes sy samurai krygsman etiek herontplooi” (Fukuyama 1995:350).

Ook Rees-Mogg verbind ekonomiese sukses en moraliteit aan mekaar:

> “Lande en groepe wat suksesvol is in ekonomiese ontwikkeling bereik dit gedeeltelik omdat hulle ’n etiek het wat die ekonomiese deugde soos selfversorging, harde werk, gesins– en gemeenskapsverantwoordelikheid, spaarsamigheid en eerlikheid bevorder. Die besigheidssukses van Jode, veral godsdienstige Jode, die Puriteine van New England, die Vereniging van die Vriende[14] in Britse besigheid in die agtiende eeu, of die Mormone in moderne Amerika wys almal op die ekonomiese voordele wat vloei uit kulture wat ’n sterk morele raamwerk het. (Rees-Mogg 1997:351, 353)

Die Inligtingsera vereis dat daar vertroue tussen indiwidue moet wees om ekonomies te kan funksioneer. Die gevolg is dat moraliteit in die Inligtingsera belangriker is as tydens die moderne era. Dit sal nou belangrik word om nie besigheid te doen moet slegte mense soos diewe nie en ’n mens se reputasie as iemand wat eerlik is gaan baie belangrik word. Verder kan ook verwag word dat betroubare mense in aanvraag sal wees (Rees-Mogg 1997:370).

4.2.3 Eiendom

Die Puriviaan, Hernando de Soto, sê as daar na die VSA en Europa gekyk word, dan is die fundamentele faktor wat hierdie gebiede vanuit hul Derde Wêreld status bevry het, die feit dat die staat opgehou het om die mense op die grondvlak as vyande te sien. Die staat moes tot die besef kom dat dit onmoontlik was om die informele swartmark wat onafhanklik van die staat gefunksioneer het te kon onderdruk. Dit het vir die staat nodig geword om hierdie mark te erken en dit moontlik te maak vir die algemene bevolking om produktief te wees: “Deur die vergemakliking van toegang tot formele eiendom, verwydering van die struikelblokke soos uitgediende regulasies en die toelating dat plaaslike ooreenkomste die wetgewende proses beïnvloed, het Europese politici die teenstrydighede in hul wetgewende en ekonomiese stelsels verwyder en sodoende hul nasies daartoe in staat gestel om die Industriële Rewolusie tot nuwe hoogtes te voer” (De Soto 2002:156,106).

---

[14] In Engels die Quakers. Hulle was ’n godsdienstige groep wat in 1648 deur George Fox gestig is. Die naam *Quaker* is afgelei van die feit dat hulle gebewe het vir die Woord van God. Hulle het klem gelê op ’n godsdiens wat relevant is vir elke indiwidu. Die hier en nou is meer beklemtoon as die hiernamaals asook nie-geweldadigheid. Hulle het gepoog om volgens Christelike beginsels te lewe. Hulle glo in buite-Bybelse openbaring en ’n

Indië en Sjina het in 1980 ’n derde van die wêreldbevolking gehuisves terwyl 60% van alle armes daar gewoon het. Die afgelope dekades het die hoeveelheid armes met 200 miljoen **afgeneem**. ’n Groot gedeelte van hierdie vermindering het in hierdie twee lande plaasgevind en word toegeskryf aan die erkenning van eiendomsreg, die vermindering van tariewe met tot 66%, die beweging van ’n beplande ekonomie na ’n markgeoriënteerde ekonomie en die moontlik maak van buitelandse handel en investering. (Foreign Affairs 2002:28, 29). Lester Thurow, Professor in Ekonomie by MIT sê: “kapitalisme werk nie as dit nie duidelik is wie wat besit nie.” (Thurow 2000:116) Hierteenoor word weer gesê dat Rusland se mislukkings die afgelope dekade grootliks toegeskryf kan word daaraan dat eiendomsreg nog steeds nie erken word nie. ’n Markekonomie kan nie funksioneer sonder eiendomsreg nie (Rothschild 1996, Foreign Affairs 2002:54).

Die Hong Kong akademikus, Gordon Redding, stem ook saam dat eiendom ’n belangrike faktor is:

> “Daar is twee interafhanklike voorvereistes wat indien hulle nie voorkom nie soos afsperrings funksioneer. Dit is eiendomsreg en burokratiese orde. Wanneer eiendomsreg stabiel en gevestig is, word so ’n gemeenskap gemotiveer om ekonomies te presteer. Dit is eenvoudig. ’n Persoon wie se eiendom veilig is en die vrugte van sy arbeid kan behou, sal harder probeer. Die ontwikkeling van eiendomsreg in Sjina is aan die beginfase, maar die tweede element naamlik burokratiese orde is baie gebrekkig... Hiermee word bedoel daardie stel organisatoriese beginsels en die gevolglike instellings wat die gemiddelde indiwidu daartoe in staat stel om binne ’n voorspelbare raamwerk te kan funksioneer” (Redding 1990:232-233)

Die opkoms van die Weste word toegeskryf aan die ontwikkeling van eiendomsreg, kontrakte en ’n stabiele stelsel van handelsreg. Hierdie regte het as ’n verdere verlengstuk gedien van vertrouensverhoudings wat binne die familie bestaan en nou wyer kon strek buite die familie. Gevolglik kon vreemdelinge buite die familie nou ook meedoen aan gesamentlike besigheidsplanne en markte (Fukuyama 1995:223, Forreign Affairs 1995:65)

De Soto verduidelik dat die rede waarom eiendomsreg so belangrik is, is omdat dit moontlik maak om die eiendom te omskep in kapitaal. Dit is dan moontlik om die eiendom te gebruik as waarborg om bykomende kapitaal te leen (Foreign Affairs 11995:61)

Dit wil voorkom of daar redelike eenstemmigheid is dat eiendomsreg belangrik is vir voorspoed. In die postmoderne era het bates verskuif vanaf materiële bates soos grondstowwe, fabrieke en masjiene na intellektuele bates. Tegnologie het dit egter nou moontlik gemaak om inligting wat in elektroniese formaat gestoor word, baie maklik en baie goedkoop te kan vermeerder. Dit maak dit dus moeiliker om die intellektuele eiendom van die outeur te beskerm. (Thurow 2000:118). Die

---

eenvoudige lewe van min luuksheid in kleredrag, taalgebruik en gewoontes. Hulle was vurige kampvegters vir die afskaffing van slawerny (Funk 1956:3506).

vraag is nou of hierdie tegnologie nie dan ook sal lei tot die vernietiging van eiendomsreg en daarmee saam die gans wat die goue eiers lê nie? Gary North maak die punt dat voor 1700 daar geen kopieregwetgewing was nie. Outeurs was suksesvol indien hul idees by die mense aanklank gevind het en dan algemeen versprei het. Kopieregwetgewing is nie uitgedink om die eiendomsreg van outeurs te beskerm nie, maar om die verspreiding van idees wat die staat kon ondermyn aan bande te lê. Die Puriteine se idees was ’n gevaar vir Koning Charles II en daarom het hy in 1662 die *Licencing* Wet in werking gestel om ’n monopolie te gee aan drukkers en op ’n indirekte manier outeurs se idees te beperk (North 2003b:2).

Daar is egter nog ’n ander fundamentele verskil tussen die eiendomsreg van die modernistiese era en eiendomsreg in ons postmoderne era. In die modernistiese era was die fokus op die materiële soos fabrieke, grondstowwe, grond, implemente ens. Vandag het ons wegbeweeg na nie-materiële bates en gereedskap soos die kennis hoe dinge werk en rekenaarprogramme. In die moderne era was dit duur om kennis en gereedskap te vermeerder terwyl dit in die postmoderne era baie goedkoop geword het.

Sou ons na Intel kyk, sien ons dat al Intel se verkope kom van produkte wat die afgelope drie jaar uitgedink is. Dit is ’n historiese feit dat dit nie moontlik is om geld te maak deur slegs nuwe idees nie. Die idees moet produkte word wat verkoop kan word (Thurow 2000:108). Die probleem is dat dit nie lank neem voordat Intel se kennis deur die industrie versprei het en ander vervaardigers nou ook hierdie nuwe uitvindsel kan vervaardig nie. Die gevolg is dat daar kompetisie volg en die prys van die nuwe uitvindsel daal. Intel het hierdie probleem opgelos deur te fokus op die voordurende verbetering van hul mikroverwerkers en gevolglik kan hulle dan voortdurend hoër pryse vir hul produkte vra. Dieselfde kan gesê word van byvoorbeeld tegnologie om die produksie van hoendereiers goedkoper te maak. Die boere wat die nuwe tegnologie uitdink en gebruik kan vir ’n kort rukkie ’n hoër wins maak as die ander boere. Wanneer die ander boere hierdie tegnologie egter ook implementeer, dan verdwyn hierdie voordeel. Die gevolg is dat boere voortdurend moet soek vir nog metodes om produksiekoste nog goedkoper te maak.

Daar is dus ’n inherente konflik betrokke wanneer gepraat word oor intellektuele eiendomsreg. As ons wil hê dat nuwe produkte uitgevind moet word, dan is dit belangrik om een of ander finansiële motivering aan die uitvinders te gee om dit die moeite werd te maak. Wanneer die nuwe uitvindsel egter uitgedink is, dan is dit slegs tot die voordeel van die mensdom indien daardie uitvindsel so wyd en so vinnig as moontlik geïmplimenteer word. Indien vrye toegang tot hierdie nuwe uitvindsel toegelaat word, sal dit die vinnigste en effektiefste manier wees om dit beskikbaar te stel vir die mensdom. Dit sal egter veroorsaak dat die finansiële motivering dan ingedrang kom. Daar is dus ’n moontlikheid dat mense dan minder gewillig sal wees om nuwe dinge uit te dink. Dit is dus nodig dat daar ’n balans moet kom tussen hierdie twee uiteenlopende pole (Thurow 2000:257-258).

4.2.4 Kommunialisme / Sosiale Kapitaal

Sosiale kapitaal bestaan uit vaardighede, kennis en die nog belangriker vermoeë van mense om saam te werk aan gemeenskaplike doelwitte binne groepe en organisasies. Sosiale kapitaal is nie net onontbeerlik vir die ekonomiese lewe nie, maar ook vir byna elke aspek van bestaan binne die gemeenskap. Hierdie vermoeë om met ander mense te kan assosieer het weer te make met die gemeenskaplike norme en waardes van ’n gemeenskap. Die vertrouensverhoudings groei uit die gemeenskaplike waardes. Hierdie vertrouensverhoudings het ’n groot en meetbare ekonomiese waarde (Fukuyama 1995:10).

Die rede waarom vertroue ekonomies belangrik is, is omdat dit dan moontlik is om besigheidstransaksies aan te gaan sonder om vreeslik te sukkel met ingewikkelde kontrakte en allerhande regsprosedures. (Fukuyama 1995:153) Redding noem dan ook die volgende voorbeeld hoe vertroue goed funksioneer onder Sjinese in lande soos Hong-Kong:

> “… baie transaksies wat in ander lande kontrakte, regsgeleerdes, waarborge, ondersoeke, wye konsultasie en lang vertragings sou vereis, word deur Oorsese[15] Sjinese afgehandel deur ’n vinnige telefoonoproep of ’n handdruk. Van die grootste eiendomstransaksies in Hong Kong word afgehandel met ’n nota wat in die Hoof Uitvoerende Beampte se laai toegesluit is. Dit beteken nie dat totaal weggedoen word met kontrakte nie. Kontrakte is net nie ’n voorvereiste vir transaksies nie.” (Redding 1990:213)

Daar is verskillende vorme van sosiale kapitaal wat dit vir mense moontlik maak om mekaar te vertrou en gevolglik ekonomiese organisasies moontlik maak. Die voor die hand liggendste vorm is die familie en gevolglik is ook die meerderheid besighede dan ook familiebesighede. Indien die familie oorbeklemtoon word, kan dit ook nadelig wees. Daar moet ’n sterk klem geplaas word op onderwys anders lei dit tot nepotisme en uiteindelike stagnasie. Sou daar na gemeenskappe gekyk word waar daar nie sterk families en ook nie ander vorme van sterk gemeenskapsbande bestaan nie (met ander woorde hierdie gemeenskappe is suiwer indiwidualisties), dan sou gesien word dat sulke gemeenskappe sukkel om ekonomies aktief te wees. Die volgende gemeenskappe tel onder hierdie kategorie: Die uiters arm plattelanders van Suid-Italië, die Amerikaanse middestad swartes waar enkelouerskap die norm is, die Russiese plattelanders en verstedelikte Afrikane waar stamstrukture en familiebande afgebreek is weens vinnige verstedeliking (Fukuyama 1995:336-337).

Wanneer kommunialisme teenoor indiwidualisme gestel word en as Fukuyama se skrywes oor kommunialisme vergelyk word met Redding s’n dan sien jy dat Fukuyama lande soos die VSA voor 1960, Japan en tradisionele Duitsland klassifiseer as kommunaal van aard terwyl hy Suid-

[15] Wanneer Redding na Oorsese Sjinese verwys dan bedoel hy Sjinese wat vanaf die Sjinese vasteland geëmigreer het na Taiwan, Hong-Kong, Singapoer, Indonesië, Tailand ens.

Italië, Spanje, Rooi-Sjina en Frankryk as indiwidualisties sien. Hierteenoor sien Gordon Redding weer dat Italië, die VSA en Frankryk baie meer indiwidualisties is as Duitsland en Japan (Redding 1990:60). Die verskil is dat Fukuyama kommunialiteit nie slegs beperk tot die familie nie, maar dat hy ook kyk of indiwidue goed kan funksioneer buite hul familie. Lande soos Frankryk, Suid-Italië en Rooi-Sjina is geneig om kommunaal te wees, maar slegs in terme van die familie en nie ruimer as die familie nie. In die VSA voor 1960, Duitsland en Japan is kommunialiteit ruimer as die familie en sluit ook mense buite die familie in.

Baie mense, insluitend Amerikaners, dink dat Amerikaners indiwidualisties is en dat hul ekonomiese sukses daaraan toegeskryf kan word. Indien daar egter bietjie dieper gedelf word dan kan daar afgelei word dat die Amerikaanse indiwidualisme slegs ’n onlangse verskynsel van die afgelope 40 jaar is. Amerikaners het histories baie meer in gemeen in terme van kommunialiteit met lande soos Duitsland en Japan. Hierdie lande is dan ook lande met hoë vertrouensverhoudings en groepgeoriënteerdheid (Fukuyama 1995:10,210,272,277,279). Hierteenoor neig lande soos Frankryk, die suide van Italië, en Rooi-Sjina, in terme van kommunialiteit meer oor na die familialistiese kant toe (Fukuyama 1995:117,158) .

Sosiale kapitaal, kommunialiteit en demokrasie hou verband met mekaar:

> “Die konsep van sosiale kapitaal maak dit duidelik waarom kapitalisme en demokrasie so nou verbonde is. ’n Gesonde kapitalistiese ekonomie bestaan uit ’n gemeenskap waar daar genoegsame sosiale kapitaal is om dit vir besighede, korporasies en netwerke moontlik te maak om selforganiserend te wees... So ’n stelsel kan egter nie tot stand kom as die gemeenskap uit massas ongeorganiseerde en geïsoleerde indiwidue bestaan nie, wat net hul stem kan laat hoor tydens verkiesingstyd nie. Hulle swakheid en geatomiseerdheid sal verhoed dat hulle hul standpunte ordentlik kan uitdruk, selfs al word standpunte deur die meerderheid gedeel. Dit sal ’n gulde geleentheid wees vir despotisme om oor te neem. Die belange en wense van verskillende mense in die samelewing moet deur politieke partye en ander instellings geuiter word. Sulke strukture sal egter nie tot stand kan kom as mense nie met mekaar kan saamwerk aan gemeenskaplike doelwitte nie. Hierdie vermoeë rus op sosiale kapitaal” (Fukuyama 1995:356-357)

Daar is egter nog ’n ander rede waarom kommunale solidariteit en gemeenskaplike waardes ekonomies meer sin maak as indiwidualisme, naamlik die rugryer probleem. Dit is wanneer die indiwidu terugsit en nie sy deel doen nie, maar wel die vrugte pluk van die harde arbeid van die ander mense in die groep. Indien die vertrouensverhouding goed funksioneer, sal dit hierdie rugryery in bedwang bring, want die indiwidu sal selfgemotiveerd wees om die groep se doelstellings te bevorder ten koste van sy eie doelstellings. Dit kan miskien wees waarom Weber se Puriteinse entrepreneurs en Latyns Amerika se Protestante so suksesvol is: Dit is baie

moeiliker om ’n rugryer te wees wanneer God alles raaksien as net die rekenmeester wat miskien iets sal raak sien (Fukuyama 1995:155-156).

Oorbeklemtoning van Kommunialisme is egter ook nie goed nie. In Afrika is daar die geneigdheid om Kommunialisme oor te beklemtoon. Daar is byvoorbeeld die spreekwoord: “Umntu ungumntu ngabanye abantu” (’n Persoon is ’n persoon deur ander persone) (Wilson 1989:269) Van der Walt skryf dat oorbeklemtoning van Kommunialisme veroorsaak dat indiwidualiteit doodgedruk word en dat indiwidue wat uitstaan bo die groep op neergekyk word en dat so ’n indiwidu selfs kan verwag om gedreig te word met geweld, om getoor te word en selfs gedood word. Gevolglik word indiwiduele prestasies verhoed. (Van der Walt 2003:145)

Van der Walt noem ook die volgende probleme wat voortvloei uit Afrikane se oordrewe Kommunialisme:

- Afrikane is geneig tot afguns. Indien daar ’n indiwidu is wat ekonomies vooruitgaan omdat hy hard werk of van tegnieke gebruik maak wat meer produktief is, dan sal sy mede Afrikane nie aanvaar dat hierdie rykdom die resultaat is van harde en slim werk nie. So ’n indiwidu kan verwag om moeilikheid te kry van sy mede Afrikane. Die gevolg is dat dit ontwikkeling en vooruitgang verhinder (Van der Walt 2003:146)
- Afrikane is geneig tot ’n moraliteit van skaamte: Vir Afrikane is persoonlike verhoudings belangrik, selfs belangriker as die waarheid. Die gevolg is dat Afrikane eerder stil sal bly as om reguit vir iemand te sê dat hy nie die waarheid praat nie of om iemand reguit te konfronteer. (Van der Walt 2003:147)

Ons kan tot die gevolgtrekking kom dat beide te veel indiwidualiteit en kommunialiteit nie goed is nie. Daar moet ’n balans gevind word tussen die eenheid (kommunialiteit) en die verskeidenheid (indiwidualiteit).

4.2.5 Staatsinmenging

Party skrywers soos Chalmers Johnson en James Fallows skryf die ekonomiese sukses in Oos-Asiese lande toe aan staatsinmenging. Fukuyama wys egter daarop dat die korrelasie tussen die hoeveelheid staatsinmenging en die hoeveelheid groei nie goed is nie en betwyfel daarom of staatsinmenging werklik die sleutelfaktor is (1995:344).

De Soto maak ook die punt dat Wes-Europa eers kon vooruitgaan nadat die statisme aangespreek is en die staat eiendomsreg ook na die algemene bevolking uitgebrei het. “Politici het tot die gevolgtrekking gekom dat die probleem nie die mense was nie maar die wet wat mense ontmoedig het om produktief te wees.” (De Soto 2002:106)

Rosenberg skryf die Sowjet Unie se klaaglike mislukkings in lewendehawelandbou toe aan die sentralisasie van die bestuur van landbou. Hy sê dat as landbou suksesvol bedryf wil word dan is dit noodsaaklik om 'n baie fyn balans te handhaaf tussen persoonlike belange en aanmoediging deur gedesentraliseerde "on the spot" bestuursbesluite (Rosenberg 1976:98)

Amstutz vaar uit teen statisme wanneer hy sê:

> "Derde Wêreld regerings is 'n groot struikelblok om armoede te verlig en sosiale geregtigheid te laat seëvier. Omdat daar 'n gebrek aan toerekenbaarheid is en korrupsie so algemeen voorkom, is daar groter versoekings in Derde Wêreld lande om politieke mag te gebruik om die ekonomiese en politieke wil van die elite te bevredig. In plaas daarvan om van diens tot die mense te wees, het regerings baie keer gereedskap geword om minderhede en die armes te verdruk... Die Puriviaanse ekonoom, Hernando De Soto skryf in sy invloedryke boek *The Other Path (1989)* dat die belangrikste struikelblok in die pad van Puriviaanse ekonomiese groei, uitermatige regeringsbeheer is" (Stackhouse 1995:823)

Statisme kan dus nie as 'n oplossing vir armoede beskou word nie.

4.2.6 Tegnologie

Nathan Rosenberg sê: "Daar is wydverspreide... eenstemmigheid dat die proses [tegnologiese innovasie] die primêre oorsaak is van langtermyn ekonomiese ontwikkeling" (Rosenberg 1976:61).

Michael Rothschild maak die opmerking dat in landbou-ekonomieë die primêre aktiwiteit die verbouing van voedsel was. Wanneer die opbrengs van voedselverbouing nie voldoende was nie, dan was die gevolg hongersnood en het dit die uitwissing van daardie gemeenskap beteken. In ons huidige tegnologiese era is ekonomiese aktiwiteit egter baie wyer as blote voedselproduksie. Die gevolg is dan dat onmededingendheid en onproduktiwiteit lei tot armoede. Indien jou gereedskap (tegnologie) verbeter kan word, dan kan daarin geslaag word om met minder moeite meer te produseer. Dus kan tegnologie help om armoede te verlig (Rothschild 1992:235). Verder het Adam Smith gesê dat 'n groter mark 'n fyner arbeidsverdeling moontlik maak en wat dan innovasie en leer deur doen, fasiliteer (Foreign Affairs 2002:25)

Waldrop vergelyk tegnologie met 'n ekostelsel. Innovasies gebeur nie in isolasie nie, maar die een word uitgedink omdat 'n voorafgaande innovasie dit moontlik gemaak het. Tegnologie kan ook lei tot die skep maar ook vernietiging van 'n reeks moontlikhede. So byvoorbeeld het die koms van die motor (nuwe tegnologie) die perde vervang. Die gevolg was dat al die industrieë wat met die perde geassosieer was tot niet gegaan het, maar die nuwe tegnologie het weer nuwe geleenthede en nuwe industrieë tot gevolg gehad (Waldrop 1992:119)

Wetenskap en tegnologie het die afgelope eeu regdeur die wêreld versprei. Die gevolg was dat lewenstandaarde gestyg het. Die meeste eerste en Derde Wêreldlande het daarin geslaag om hul lewenstandaard die afgelope drie dekades te verhoog. (Stackhouse 1995:821) Tegnologie maak dit nou moontlik dat Eerste Wêreldlande se programvervaardigers eerder hul programmeringswerk uitkontrakteur na maatskappye in Derde Wêreldlande soos Indië. Tegnologie het dit dus nou moontlik gemaak dat arm Derde Wêreld lande nou óók kan meedoen aan die wêreld ekonomie. Die moontlikhede is nou baie meer as in die verlede (Foreign Affairs 2002:3).

As ons na die Asiatiese tiere kyk (Taiwan, Hong Kong, Suid-Korea, Japan, Singapoer), dan is die gevolgtrekking dat hul ekonomiese sukses onmoontlik sou wees indien hulle nie ekonomiese kenmerke ingevoer het soos eiendomsreg, kontrakte, handelsreg en die hele Westerse manier van rasionaliteit, wetenskap, innovasie en abstraksie nie. Die Sjinese van die 1500 was tegnologies meer gevorderd as die Europeërs, maar Europeërs het ’n wetenskapmetode ontwikkel wat die progressiewe oorwinning van die natuur moontlik gemaak het deur empiriese waarnemings en eksperimente. Hierdie metode is moontlik gemaak omdat die Europeërs tot abstrakte denke instaat was, terwyl die Sjinese nie daartoe instaat was nie (Fukuyama 1995:350, Rosenberg 1976:285-288).

Voortdurende vooruitgang op tegnologiese gebied sou onmoontlik gewees het indien verskeie mense nie gelyktydig aan ’n probleem kon werk nie. Deur die gebruik van geskrewe simbole is dit moontlik om indiwiduele sterkpunte saam te laat smelt in ’n organisatoriese intelligensie (Rothschild 1992:165) Om die waarheid te sê, sonder geletterdheid sou wetenskap en tegnologie onmoontlik gewees het. Vanuit ’n ekonomiese oogpunt is die geskrewe taal onontbeerlik vir wetenskap en ekonomie. (Rothschild 1992:164) Tegnologie het dit moontlik gemaak om werk te verdeel op intellektuele vlak (Rothschild 1992:234)

4.2.6.1 Wat is tegnologie?

Die woord tegnologie kom van die griekse woord ‘tekhnologia’ of die Latynse woord ‘technologia’ wat ’n sistematiese behandeling beteken. Die griekse stamwoord ‘tekhne’ beteken ’n vaardigheid of ambag. In die agtiende eeu het dit veral verwys na die meganiese vaardighede. Vandag word dit geassosieer met die praktiese toepassing van kennis (wetenskap). Tegnologie kan dus beskou word as die maak van gereedskap wat gebruik word om werk makliker en goedkoper te maak. Sulke tegnologie kan enige iets wees vanaf iets so eenvoudig soos ‘n graaf tot so ingewikkeld as ’n rekenaar.

Baie mense sien tegnologie as ’n outonome entiteit wat glad nie beïnvloed word deur ekonomiese aanvraag nie. Rosenberg sê dat dit ’n proses is wat wel beïnvloed word deur

ekonomiese aanvraag, maar dat dit nie slegs bepaal word deur ekonomiese aanvraag nie. Hy sê dat tegnologie nie binne ’n vakuum funksioneer nie, maar ook beïnvloed word deur die beskikbare kennis wat die implementering van die tegnologie moontlik maak. (Rosenberg 1976:270)

4.2.6.2 Tegnologie verbreek die zero-som aanname

Persone wat glo dat die ekonomie bestaan uit zero-som aktiwiteite, sê dat ekonomiese rykdom onveranderlik is. Gevolglik beteken dit dat die winste van ’n indiwidu of nasie tot die proporsionele verliese van ’n ander indiwidu of nasie lei. Dus die een se verlies is presies so groot soos die ander een se wins. As jy die wins en die verlies sou saamtel dan is die somtotaal dan nul (zero) en daarom word dit die zero-som aanname genoem. Hierdie aanname sê dus dat ekonomiese vooruitgang net ten koste van ander partye kan plaasvind.

Herverdeling word gebruik om die onregverdigheid van die zero-som landbou ekonomie teen te werk. Ons postmoderne wêreld is egter nie meer primêr ’n landbou ekonomie nie, maar eerder ’n tegnologiese ekonomie. In hierdie ekonomie is daar ondenkbare geleenthede vir ekonomiese groei. In ’n tegnologiese ekonomie is die oplossing vir armoede nie herverdeling van rykdom nie, maar aggressiewe investering veral in sosiale kapitaal. As jy regtig vooruitgang wil maak dan moet daar vrye toegang wees vir elke kind wat gewillig is om te leer, tot kwaliteit onderwys (Rothschild 1992:248).

Die gebruik van tegnologie maak dit egter moontlik om verbruikersgoedere met verloop van tyd goedkoper te maak vir die verbruiker sonder om dit **on**moontlik te maak vir die produseerder om winste te kan maak. Dus is dit in stryd met die zero-som aanname, want beide die verbruiker en die produseerder trek voordeel. Die produseerder kry nog steeds sy winste terwyl die verbruiker minder betaal vir die produk en dus meer geld oor hou vir ander dinge.

So byvoorbeeld was eiers in die VSA tussen 1910 en 1986 ’n verbruiksartikel wat nie deur die staat gesubsidieer is nie. Die gevolg is dat hoenderboere slegs kon funksioneer indien hulle daarin kon slaag om eiers te verkoop teen ten minste ’n gelykbreek prys of teen ’n wins. Die feit is egter dat eierpryse sedert 1910 met 80% gedaal het (dit is nadat aanpassings gedoen is om die effek van inflasie uit te skakel). Hierdie 80% daling in pryse is moontlik gemaak deurdat hoenderboere daarin kon slaag om die produksiekoste vir ’n dosyn eiers met 80% te kon sny in hierdie tydperk (Rothschild 1992:170-176, 180). (Sien Figuur 4.5)



Michael Rothschild, Bionomics, p. 171

Figuur 4.5

Die vraag is nou hoe die hoenderboere daarin geslaag het om die produksiekoste te sny. Die antwoord is daarin geleë dat hierdie boere hoendersterftes geminimaliseer het en eierproduksie gemaksimaliseer is. Dit is reggekry deur die volgende maatreëls:

- Die hoenders word nie toegelaat om meer vrylik rond te laat loop op die plaaswerf waar hulle dan deur ander diere soos honde doodgebyt kan word nie.
- Hoenders se snawels word afgeknip om te voorkom dat hoenders mekaar doodpik.
- Elke hoender kry rooi kontaklense omdat dit die hoenders die illusie gee dat alle lig rooi is. Rooi lig maak hoenders kalmer en gevolglik is hulle ook minder aggressief en lei dit dan ook tot minder hoendersterftes.
- Verder word van kunsmatige lig gebruik gemaak wat hoenders laat dink dat die dag langer is en dan lê hulle meer eiers.
- Ook word die voeding van die hoenders spesiaal uitgewerk volgens hul ouderdom en die weersomstandighede om sodoende die eierproduksie te maksimaliseer.

Wanneer ons na die verbruik van olie die afgelope 30 jaar kyk, dan sien ons dat dieselfde tendens waargeneem kan word. In die vroeë 1970's het die Arabieselande die wêreld geskok deur olie te weerhou. Hierdie stap het veroorsaak dat die olieprys dramaties toegeneem het. Verder weet ons ook dat die oliebronne stadig maar seker besig is om al

minder te word. Olie-eksperte het die mening uitgespreek dat die olieprys tot meer as $100 per vat sou styg. Hierdie doemprofesie het egter nie waar geword nie, omdat rekenaartegnologie dit moontlik gemaak het om ’n enjin se brandstofverbruik driedubbel te verbeter. (Rothschild 1995)

Hierdie tendens waar die vermeerdering in kennis tot ’n vermindering in produksiekoste lei, word die *Ondervindingskurwe*[16] genoem. Dit is deur Theodore Wright in 1922 ontdek en in die 1970’s deur die *Boston Consulting Group* bevestig om ook waar te wees vir alle ander industrieë buite die Lugvaartindustrie (Rothschild 1992:179-180). Die Ondervindingskurwe kan as volg beskryf word: Die koste om ’n produk te produseer val met 20% met elke verdubbeling van produksie ondervinding.

Rothschild maak die volgende baie insiggewende opmerking:

> “Vanuit die bionomiese perspektief is tegnologiese ewolusie die uiterste bron van ekonomiese groei. Mense kan deur die groeiende wetenskapkennis toe te pas op allerdaagse probleme beter resultate verkry met minder invoere. Meer vir minder – sonder enige grense. Byvoorbeeld, in plaas daarvan om die planeet te vernietig om die berge koper te verkry om die globale kommunikasie netwerk te skep, het ons sand in mikroverpakte satelliete en optiese vesels verander. Nuwe tegnologiese kennis vervang in ’n bionomiese ekonomie arbeid, energie en materiale. Kostes word minder. Lewenstandaarde styg. Die groei van die virtuele reënwoud – meer bekend as die mark ekonomie – word net beperk deur ons nuuskierigheid en skeppingsvermoeëns... Die tasbare getuienis van ekonomiese groei maak die politiek van skaarsheid [zero som politiek] onnodig... Die seuns en dogters van fabrieksmiddelaars[17] ontfout vandag lokale netwerke en herprogrammeer stempos stelsels. Hierdie kinders is hoogsopgeleid en word vandag baie goed betaal, maar is nie lid van enige vakbond nie. Argumente wat vir hul ouers goed geklink het, is vir hulle eienaardig en selfs soms absurd.” (Rothschild 1995).

Ludwig von Mises som die situasie soos volg op: “Daardie mense wat beter daarin slaag om hul bedrywighede aan te pas om die toekomstige toestand van die mark te bevredig, sal die vrugte pluk, want hulle is dan in ’n posisie om die dringende behoeftes van die publiek te bevredig. Die winste van diegene wat dienste en produkte vervaardig waarvoor die kopers hals oor kop val, is nie die bron van verliese wat die publiek toedien aan diegene wie se produkte nie verkoop word nie. Die verliese word veroorsaak deur ’n gebrek aan insig aan daardie produseerders om aan die verwagtinge van verbruikers in die toekoms te kon voldoen.” (von Mises 1966:664-665)

---

16 Die Ondervindingskurwe is aanvanklik die Leerkurwe (Learning Curve) genoem, maar die Boston Consulting Group het dit herdoop na die Ondervindingskurwe.

4.2.6.3 Hoe werk entrepreneurskap?

Rosenberg deel die proses om tegnologie tot voordeel van die mensdom aan te wend op in drie fases. Hy noem die eerste fase die **uitvindselfase** (invention) wanneer die konsep van die nuwe tegnologie uitgedink word en nog slegs ’n idee is. Hierna volg die fase waar hierdie nuwe uitvindsel prakties **geïmplementeer** (innovation) word. Laastens volg die fase waar die nuwe tegnologie **verallerdaags** (diffusion) word en nuwe verbeterings ingewerk word. Hy maak dan die punt dat die vermeerdering van produktiwiteit slegs plaasvind tydens die implementeringsfase. (Rosenberg 1976:68). Daar is ’n tydsverloop tussen die uitvindsel- en implementeringsfase wat toegeskryf kan word aan die tegniese probleme wat opgelos moet word om die idee ekonomies implemeteerbaar te maak. Dit volg dus dat die ekonomiese haalbaarheid van ’n uitvindsel onontbeerlik is (Rosenberg 1976:73,76).

Gordon Redding sê dat ook by die Asiatiese tiere dit die geval is dat hierdie Sjinese die klem lê op die implementering en veralledaagsing en nie soseer op die uitvind van die nuwe produkte nie. Hierdie Sjinese gebruik die idees wat deur ander uitgedink is. Hulle gebruik die navorsing en ontwikkeling van ander asook die ontwerp en die bemarkingsproses (Redding 1990:228)

Die primêre probleem met Derde Wêreldlande is dat hulle infokus op spesifieke produkte wat geproduseer word en dat hulle nie buigsaam genoeg is om te diversifiseer sodat hulle kan herfokus indien die aanvraag vir daardie spesifieke produk skielik sou opdroog nie. (Rosenberg 1976:99).

Nog ’n verdere probleem is dat as daar baie hande-arbeid beskikbaar is, kan dit as ‘n negatiewe terugvoerlus beskou word, want dan sal voortdurend gepoog word om arbeidsintensiewe werkswyses te implementeer en ook sal instellings tot stand kom wat voortdurend sal poog om die werk vir soveel mense as moontlik sal rek. Dit is presies wat in Derde Wêreld lande gebeur. Die gevolg is dat produktiwiteit afneem (Rosenberg 1976:100). Die produktiwiteit is belangrik want dit beïnvloed die kwaliteit van toekomstige insette tot die ekonomie. Dit het dan weer op sy beurt ‘n belangrike invloed op toekomstige groei. (Rosenberg 1976:101)

4.2.6.4 Onselfsugtige vindingrykheid

Ons het in hierdie afdeling gesien dat vindingrykheid dit vir die mens moontlik maak om gereedskap uit te dink wat dit moontlik maak om met minder hulpbronne meer werk te

[17] In Engels shopstewards.

kan doen. Die ekstra tyd wat dan beskikbaar is, kan gebruik word om nog meer te produseer. Die gevolg is dat vindingrykheid ’n bydra kan lewer om dit moontlik te maak om meer voorspoedig te kan word.

Dit is egter ’n feit dat misdadigers óók vindingryk kan wees en dat hulle ook voorspoedig kan raak daardeur. Die verskil is egter dat hierdie vindingrykheid ’n selfsugtige vindingrykheid is. Hierdie vindingrykheid is slegs tot voordeel van die misdadiger en nie tot die voordeel van die breër gemeenskap nie. Hierdie vindingrykheid is in die ware sin van die woord ’n zero-som spel: Tot die mate wat die misdadiger ‘winste’ verkry, tot dieselfde mate strek dit tot die nadeel van die misdaadslagoffer(s).

Dit is dus nodig om te sê dat vindingrykheid nie voldoende is om tot werklike ekonomiese sukses te kan lei nie. Die vindingrykheid moet ook uitgebalanseer word deur kultuurfaktore soos eerlikheid en opregtheid.

4.2.7 Opleiding

“Die Inligtingsera vereis ’n hoë vlak van geletterdheid en syfervaardigheid om ekonomies suksesvol te kan wees... Daardie mense wat nie sin kan maak van ’n busskedule nie, sal nie veel verstaan van die Kuberruimte nie” (Rees-Mogg 1997:209).

Twee-honderd jaar gelede, tydens die moderne era, was dit moontlik om ongeletterde, ongeskoolde plaasarbeiders te vat en te gebruik om die eenvoudige masjiene van die eerste fabrieke te bedryf. Dit kan wees hoekom ekonome van daardie tyd soos David Recardo dan ook nie veel waarde in onderwys gesien het nie. Vandag se masjinerie het egter hoogsopgeleide mense nodig terwyl die aanvraag vir ongeskoolde arbeid aan die afneem is (Rothschild 1992:240).

Die Inligtingsera maak dit van kardinale belang om nou gedurig nuwe kennis by te leer aangesien daar die heeltyd nuwe tegnieke in die ekonomie ingebring word. Dit is nie meer goed genoeg om basiese vaardighede aan te leer en dan te dink jy het klaar geleer nie. Die gevolg is dat daar geleenthede beskikbaar raak waar indiwidue nou moontlik self iets kan doen om hul lot te verbeter. Indien mens indiwidue kan leer hoe om kennis in te samel en hul self te leer, dan kan mens die tyd waarin ons vandag leef as ’n tyd van bevryding sien.

Fukuyama lê ook die klem daarop dat ons tegnologiese wêreld dit onontbeerlik maak dat die opvoedingsvlak van kinders verbeter moet word en dat kinders reeds van jongsaf gedruk moet word om goed op skool te presteer en dat dit vir kinders ’n gewoonte moet word om goed te doen. Die Japanese, Sjinese en Koreane het almal ’n hoë agting vir opvoeding weens hul gemeenskaplike Confuciaanse geloofsstelsel, maar hulle het ook ontslae geraak van

godsdienstige en aristokratiese waardes wat wêreldse werk, handel, geldakkumilering, en die lus om elke dag te werk, afgemaak het as ‘sleg’. (1995:343-344)

Selfs as ons na die modernistiese era kyk, dan was opleiding belangriker as wat meeste moderniste besef. So skryf Thurow die VSA se sukses die afgelope 100 jaar daaraan toe dat hulle agt maal soveel universiteitstudente, drie keer soveel siviele ingenieurs en proporsioneel 70% meer aan toerusting gespandeer het as Brittanje. Gevolglik kon hulle hul produktiwiteit vier keer meer verhoog as Brittanje en die leierskap by Brittanje oorneem (Thurow 2000:19)

4.3 Verband tussen faktore binne die komplekse ekonomiese stelsel

Die kompleksiteit van die ekonomie maak dit duidelik dat die afsonderlike faktore nie losstaande beskou kan word nie. Mens moet die verband tussen die faktore ook in ag neem. As ons armoede wil aanspreek dan sal hierdie feit in ag geneem moet word.

Die Hong-Kong ekonoom, Gordon Redding, maak ’n hele paar insiggewende opmerkings oor die verband tussen die verskillende faktore:

> “Daar sal geen Kapitalistiese ontwikkeling wees sonder ‘n entrepreneursklas nie; geen entrepreneursklas sonder morele karakter nie; geen morele karakter sonder godsdienstige voorveronderstellings nie.
> Dit lei tot ’n hele paar gevolge: Die idees in die *Spirit of Capitalism* is deel van ’n meer komplekse verduideliking. Hulle is noodsaaklike komponente maar is nie genoegsaam om self die resultate tot gevolg te hê nie... [D]ie vooruitgang van sosialewetenskap het deur die aanmoediging van multidissiplinêre en kompleksevorme van verduideliking die opvallendheid van sulke geloofstelsels as noodsaaklik maar nie genoegsaam om ekonomiese gedrag te verstaan nie, bevestig. Om Sjinese Kapitalisme [en per implikasie dan ook alle ander vorme van kapitalisme] te verstaan is dit nodig om die aanname te maak dat daar ’n spesifieke begrensde verskynsel is wat verduidelik moet word. Dit is dat dit die versameling van ’n reeks prosesse is wat histories gesien moet word en dat die geloof en waardes van besigheidsmanne ’n rol speel.” (Redding 1990:8-9).

Ook Rosenberg sien dat ekonomiese groei die resultaat is van ’n komplekse sosiale proses. Wetenskap, selfs wanneer dit ’n belangrike bestanddeel is, is bloot maar ’n gedeelte van hierdie proses. Hy wys daarop dat daar ook ander komplimentêre hoëvlak vaardighede is (Rosenberg 1976:284-288; Foreign Affairs 1995:65-66):

- die kombinasie van kulturele waardes en instellings het dit moontlik gemaak om nuwe kennis prakties en effektief te kon toepas ongeag van waar die kennis oorspronklik gekom het. Uitvindsels was nie uniek tot Europa nie. Dit is welbekend dat die kompas,

drukkuns en buskruit oorspronklik deur die Sjinese uitgedink is, maar dit was die Europeërs wat daarin geslaag het om hierdie uitvindsels praktiese ekonomiese toepassings te gee.

- Wes-Europeërs het daarin geslaag om ’n kragtige kombinasie te kry tussen kulturele waardes, ‘incentive systems’ en organisatoriese vermoëns om uitvindsels te omvorm in hoogs bruikbare vorme.
- Marx het Wes-Europeërs se sukses toegeskryf aan die ontwikkeling van moderne kapitalisme, maar dit systap net die eintlike vraag naamlik: Hoekom het kapitalisme dan ontwikkel in Wes-Europa? Die antwoord sal heel waarskynlik nie in slegs een wetenskapdissipline gevind word nie, maar ’n kombinasie.
- ’n Gedeelte van die wyer sosiale kragte wat aanleiding gee tot die vermoeë om tegnologiese oplossings vir ekonomiese probleme te kry, het te make met smake en voorkeure. Dit is so omdat die produktiwiteit van enige tegnologie te make het met die institusionele en kulturele konteks.

Rosenberg sê dat Malthus 200 jaar gelede na die aanwas van mense gekyk het en dit vergelyk het met die toename in die produksie van voedsel en toe tot die gevolgtrekking gekom het dat die mensdom gedoem is tot ’n katastrofe. Die geskiedenis het ons egter geleer dat die mens die tegnologiese vindingrykheid het sodat hierdie scenario toe nooit waar geword het nie. Hy maak dan die volgende punt:

> “Ek kan nie anders as om te glo dat ons die verspreiding van skaars hulpbronne sal verbeter as ons meer tyd daaraan spandeer om die sosiale en ekonomiese meganismes te verstaan wat hier betrokke is nie. Dit moet gedoen word deur te kyk na beide die tegnologiese en demografiese dimensies en minder na die neo-Malthusiese modelle wat huidige en onlangse neigings onbepaald die toekoms in projekteer.” (Rosenberg 1976:289)

4.4 Gevolgtrekking

Die Puriviaan, Hernando de Soto, som die situasie mooi op hoe ons voorspoed en armoede moet sien:

> “‘Internasionale armoede’ bring maklik gedagtes na vore van desperate bedelaars wat op straat slaap... Hierdie tonele is deels in ooreenstemming met die werklikheid... Desnieteenstaande is hierdie tonele egter nie akkuraat nie. Nog erger, dit trek die aandag af van die verdienstelike prestasies van daardie klein groepie entrepreneurs wat desnieteenstaande baie struikelblokke tog nog rykdom binne hulle gemeenskappe skep. ’n Meer getroue scenario sou eerder wees waar ’n man en vrou getrou geld spaar om ’n huis te kan bou vir hulle en hul kinders en wat besighede begin wat niemand gedink het moontlik is om te skep nie. **Ek verafsku die karakteriserings van sulke heldhaftige entrepreneurs as bydraers tot die probleem van wêreldwye armoede. Hulle is nie**

die probleem nie. Hulle is die oplossing... In die boesem van die armste woonbuurte en plakkerkampe is daar... triljoene dollars wat wag om geaktiveer te word as ons net die geheim kan ontrafel hoe bates in lewende kapitaal omskep kan word.” (De Soto 2002:34-35; Beklemtoning is die van die outeur)

5. OPLOSSINGS EN EVALUASIE

Basies is daar drie verskillende maniere om na die armoede vraagstuk te kyk. Ons kan sê dat die ekonomie ’n zero-som spel is en dat dit dan net ’n kwessie is om die hulpbronne te herverdeel. Tweedens kan ons sê dat ons eerder die armes alleen moet los en niks moet doen nie. Laastens kan ons sê dat die armes se denke vernuwe moet word.

5.1 Anneksasie van produksiemiddele en herverdeling van rykdom

Die Southern African Regional Poverty Network het in 2001 ’n konferensie aangebied met die titel: *Land Reform and Poverty Alleviation in Southern Africa*. Hulle sê dat die mense van Afrika uitgebuit is deur kolonialisme en dat die oplossing is dat grond herverdeel moet word en aan armes gegee moet word. Die New Plan for Africa’s Development (NEPAD) sê ook dat die oorsaak van armoede weens kolonialisme is, die uitbuiting deur die internasionale ekonomiese stelsel en swak leierskap in Afrika lande na onafhanklikheidswording. ’n Mens kan sê dat hierdie denkrigting basies glo dat “*die skepping van ’n klaslose sosiale stelsel met die openbare besit van produksiemiddele en volle gelykheid van alle lede van die samelewing sal lei tot: die volle ontwikkeling van mense en samewerkende rykdom wat meer oorvloedig sal vloei en die beginsel van 'Van elkeen volgens sy vermoëns, aan elkeen volgens sy behoeftes' sal verwesentlik.*[18]”

Ons het gesien dat die ekonomie nie as ’n zero-som spel gesien kan word nie. Hierdie feit word ook al meer waar hoe meer die ekonomie neig na ’n inligtingsintensiewe ekonomie. Dit beteken dat die fundamentele aanname van hierdie denkrigting nie waar is nie.

Quesnay wys daarop dat indien jy al die geld van die rykes wat hulle op hulself spandeer sou vat en onder die armes sou verdeel, dan sou elke arme slegs £1 kry. ’n Baie groot deel van die rykes se kapitaal is belê in bates om produkte mee te genereer. Gevolglik is die rykes se bates belê in daardie gereedskap wat dit juis vir die armes moontlik maak om werk te kan doen (Quesnay 1998:15)

Fukuyama is óók nie baie beïndruk met die oplossing om die rykdom te herverdeel nie en noem dan ’n alternatiewe manier om na armoede te kyk:

[18] Aanhaling vanuit die “New Party Program” wat by die twee-en-twintigste kongres van die Kommunistiese Party van die Sowjet Unie van 1961 goed gekeur is (Lee 1974:8). Die oorspronklike bewoording is: “*From each according to his ability, to each according to his need*”

> “Minagtende Marxiste en ongeduldige liberales het tot nog onlangs toe op oudmodiese godsdiens neergesien as ’n swakheid. Hoekom moet op indiwiduele en privaat morele reformasie vertrou word wanneer die fout by eiendomsreg en sosiale instellings lê. Maar twintigste eeuse pogings om sosiale strukture te transformeer en om eiendomsreg af te skaf of te verander om sodoende vir elkeen ’n goeie lewe te verseker, het ver tekort geskiet. Verder is dit ook duidelik dat burokratiese skema’s van herverdeling en verdeling van goedere tot akute sosiale probleme gelei het of nie daarin kon slaag om sosiale probleme op te los nie. Dit trek liberale- en kommunistiese programme tot hervorming beduidend in twyfel. Daarom, is die stadiger, indiwiduele en van onder na bo benadering van godsdienstige reformasie miskien meer verkieslik. Miskien is morele gemeenskappe van mede gelowiges nodig vir sosiale welsyn. Miskien eers wanneer morele gemeenskappe tot ’n vergelyk kom oor die voorskrifte van markgedrag, kan die mensdom in die algemeen verwag om die vrugte te pluk van spesialisasie en produktiwiteit (daardie voordele wat deur ekonome voorgehou word as die rasionele doelwit van ekonomiese ontwikkeling).” (Fukuyama 1995:319)

Indien ons hierdie oplossing evalueer aan die hand van die deontologiese oogpunt dan is dit onaanvaarbaar dat rykdom van daardie mense wat dit het weggeneem word en aan ander gegee word. Dit is veral onaanvaarbaar wanneer daardie rykdom juis voortgevloei het vanuit intellektuele aktiwiteite en daar geen sprake kan wees dat grond of grondstowwe “gesteel” is nie. Die huidige postmoderne ekonomie maak die onaanvaarbaarheid van die herverdeling van rykdom nog meer akuut.

Die utilitaristiese oogpunt het ten doel om die meeste mense gelukkig te maak. Ons weet dat die meeste mense in die wêreld arm is en gevolglik sou dit vanuit hierdie oogpunt sin maak om die meerderheid mense (die armes) gelukkig te maak. Dit sal dus met die eerste oogopslag wel sin maak om dan rykdom te herverdeel. Dit is egter ook ’n feit dat die armes baie meer is as die rykes. Gevolglik sal elke arme maar ’n baie klein hoeveelheid kry indien al die rykdom onder die armes verdeel sou word. Selfs indien die rykdom slegs onder ’n gedeelte van die armes verdeel sou word, sou dit nie wenslik wees nie, want daar moet die heeltyd aan ekonomiese voorspoed geskaaf en verstel word anders sal dit verlore gaan en jy sal arm word. Die beste waarvoor hierdie oplossing kan hoop is dat rykes ‘gyselaar’ gehou kan word en dat ’n gedeelte van hul rykdom afgestaan kan word aan die armes terwyl die gans wat die goue eiers lê (die rykes) voortbestaan.

5.2 Doen niks nie

Garrett Hardin skryf in sy artikel met die titel: “The Case against Helping the Poor” dat dit sinneloos is om die armes te help (Hardin 1974:444-351). Hy argumenteer as volg:

Elke ryk land kan vergelyk word met ’n reddingsboot gevul met relatief ryk mense. ’n Derde van die mensdom bevind hulle in hierdie nasies terwyl die ander twee derdes in die onstuimige armoede see daar buite ronddryf. Die reddingsbootjies het net ekstra plek vir ’n beperkte hoeveelheid mense en sal dan oorvol word en dan sal almal sterf.

Indien mens glo in die Kommune (‘*Van elkeen volgens sy vermoëns, aan elkeen volgens sy behoeftes’),* dan moet mens besef dat behoeftes bepaal word deur die bevolkingsgrootte en dat dit weer bepaal word deur die aanwassyfer. Ryk lande se bevolkingsaanwas is onder 0.8% terwyl die armlande s’n 3.3% is. Die gevolg is dat die druk op daardie mense wat die vermoëns het al groter sal word terwyl die hoeveelheid mense wie se behoeftes bevredig moet word al meer sal word. Die tragedie van die Kommune is egter dat indien daar ’n klomp mense is wat skaars hulpbronne moet deel en hierdie hulpbronne is openbare eiendom, dan lei dit daartoe dat niemand vir hierdie openbare eiendom omgee nie. Die gevolg is dat so te sê almal dan hierdie hulpbronne tot sy uiterste toe benut sonder om die nagevolge vir die ander mense wat ook hierdie hulpbronne moet gebruik in ag te neem. Die gevolg is dat almal op die langtermyn verloor. In terme van die armoede vraagstuk is die aarde met die kosproduksie, suurstof en natuurlike hulpbronne skaars hulpbronne. Indien die ryk lande en die arm lande moet bydra volgens hul vermoëns en die ryk en arm lande dan weer moet verbruik volgens hul behoeftes dan beteken dit dat die ryk lande oor die langtermyn dan al meer sal moet gee en al minder sal kry uit hierdie verhouding ‘van elkeen volgens sy vermoëns, aan elkeen volgens sy behoeftes’.

Omdat reproduktiewe regte die soewereine reg van elke nasie is, beteken dit dat dit nie moontlik sal wees om aan te dring daarop dat die bevolkingsaanwas in die armlande onder beheer moet kom nie. In die verlede het armoedeverligting en hulp aan die armlande beteken dat miljarde dollars vanaf die ryklande aan armlande gegee is in die vorm van voedselhulp. Basies kom dit daarop neer dat ‘ryklande’ verantwoordelik optree en beplan vir onvoorsiene gebeure terwyl ‘armlande’ nie dit doen nie en gedurig hulp nodig het. Verder doen die armlande ook nie iets aan hul bevolkingsaanwas nie en kan dus as onverantwoordelik beskou word.

> “Elkeen van die 15 miljoen ekstra mense wat elke jaar tot die Indiese bevolking bygevoeg word, plaas ekstra druk op die omgewing en vermeerder die ekonomiese en sosiale kostes. Dit maak nie saak hoe humanitêr ons bedoelings is nie, elke Indiese lewe wat ons spaar deur mediese- en voedingshulp van oorsee, verminder die kwaliteit van lewe vir die oorblywende en toekomstige geslagte”. (Hardin 1974:448)

Die oplossing kan wees om niemand toe te laat om die reddingsbootjies te betree nie. Dit beteken om nie mense toe te laat om na die kos te migreer (immigrasie) nie en ook nie om kos na die armlande toe te vat (die huidige vorm van hulp) nie. Dit gaan egter 'n moeilike taak wees in terme van logistiek maar ook morele regverdiging. Op hierdie manier sal armlande op die harde manier moet leer om verantwoordelik op te tree:

> "Ons is almal die afstammelinge van diewe en die wêreld se hulpbronne is onregverdig verdeel. Maar ons moet die reis na môre aanknoop vanaf waar ons vandag is. Ons kan nie die verlede oordoen nie. Ons kan nie die rykdom van die wêreld gelykop verdeel solank as wat mense teen verskillende tempo's aanwas nie. Indien dit gedoen sou word, sou ons daarin slaag om 'n vernietigde wêreld aan almal se kleinkinders na te laat". (Hardin 1974:450)

Vanuit 'n deontologiese oogpunt is hierdie oplossing totaal onaanvaarbaar. Dit is vanuit hierdie oogpunt ondenkbaar om armes oor te laat aan hul eie lot. Dit is egter vanuit 'n utilitaristiese oogpunt wel aanvaarbaar om die armes aan hul eie lot oor te laat. Die utilitaristiese oogpunt probeer om soveel mense as moontlik gelukkig te maak en omdat hierdie oplossing die aanname maak dat hulp aan die armes tot die ondergang van alle mense sal lei, maak dit dan sin om eerder hulp aan die armes te ontsê en dan 'n gedeelte van die mensdom gelukkig te hou.

5.3 Vernuwing van Afrikane se denke

Beide die twee oplossings wat ons tot dusver beskou het, maak die fundamentele aanname dat die ekonomie 'n zero-som spel is. Gevolglik word dan aangeneem dat materiële voorspoed vas is en nie vermeerder kan word nie. Ons het egter in die vorige hoofstuk gesien dat hierdie aanname foutief is en daarom is beide hierdie oplossings ook ongeldig. So sê Mulgan:

> "'n Gekonnekteerde wêreld verontagsaam die zero som reëls... 'n ekonomie wat gebaseer is op inligting en kennis tree totaal anders op... Waar materiële industriële prosesse geneig is om liniêr te verander, is inligtings industrieë se verandering eerder eksponensieel... Toe ekonome die oorsprong van ekonomiese groei in die 1950's geanaliseer het, het hulle gevind dat tegnologiese veranderinge se bydrae 80% was... Onlangse studies van Paul Romer het in nog meer detail die primêre rol van idees en kennis as dryfvere vir ekonomiese groei uitgewys. Die implikasies is dat skaarsheid nie meer 'n oorweging is nie... In teenstelling met 'n ekonomie wat primêr gebaseer is op materiële goedere en waar alle hulpbronne skaars en uitputbaar, is die koste om nie-materiële dinge te vermeerder soos televisieprogramme en rekenaarprogramme amper niks nie en wil dit lyk of die verwantskap tussen kostes en pryse vervaag." (Mulgan 1998:29-30)

Ons het ook gesien dat die ekonomie nie as 'n masjien gesien moet word nie, maar eerder as 'n dinamiese organisme (komplekse stelsel). Dit beteken dat nie een enkele faktor uitgewys kan

word wat tot voorspoed of armoede sal lei nie. Die ekonomie is eerder selforganiserend. Dit is geweldige goeie nuus vir ons hier in Afrika. Dit beteken dat dit dan nie nodig is om eers die regeringstelsels uit te sorteer en dan van bo na onder te probeer om ’n verskil te maak nie. Ons kan van onder af begin en dan na boontoe werk. Dit beteken dat elke indiwidu in Afrika die vermoeë het om wel ’n verskil te kan maak.

Plato vertel in sy boek *Die Republiek* die verhaal van die grotbewoners en sê dat as ’n deel van hulle die buite wêreld sou sien, dan sou hulle ‘n totale nuwe perspektief op die wêreld hê. Hy sê dan dat hierdie “verligtes” die morele verpligting sou hê om terug te gaan na die res van die grotbewoners en hulle sou moes leer van die werklike wêreld daar buite sodat hulle uit hul oningeligtheid gered kon word. Basies is daar so ’n verligting en leerproses nodig in Afrika vandag. Afrikane moet geleer word om die wêreld beter te kan verstaan sodat hulle self iets kan doen om hul omstandighede te verbeter. Dit is hierdie alternatiewe proses waarvan Fukuyama praat as die stadige, indiwiduele en van onder na bo benadering om die armoede vraagstuk aan te spreek. Kom ons bestudeer hierdie proses nou in hierdie afdeling.

Ons het faktore genoem wat ons niks aan kan verander nie, maar ons het ook ander faktore genoem wat ons wel kan verander. Kom ons kyk hoe die veranderbare faktore verander kan word om nie meer as struikelblokke te dien nie.

5.3.1 Siektes en voeding

David Werner sê dat baie siektes voorkom kan word deur net basiese higiëne toe te pas – persoonlike higiëne en openbare higiëne. Hy lys die volgende siektes wat voorkom kan word met beter higiëne en ander voorkomende maatreëls:

Siekte	Metode van verspreiding	Voorkoming
Wurms (Bilharzia, lintwurm, rondewurm, haakwurm ens.) Hepatitis A Polio Tifoïedkoors Cholera Maagwerkings Derminfeksie Tetanus	Faeces	Gebruik ’n geslote latrine sodat vlieë nie by die faeces kan uitkom nie – moet nooit in die rivier (bron van drinkwater) ontlas/urineer nie. Ruim faeces van kinders wat nie die latrine gebruik het nie dadelik op. Hou almal se naels kort. Was jou hande. Kook drinkwater. Was voedsel goed af. Kook of braai vleis en voedsel goed gaar. Laat jou voete nooit nat word wanneer jy water skep nie. (Werner 1977:136-153). Cholera kan maklik voorkom word deur drinkwater altyd deur ’n lap te gooi en sodoende die organismes wat die siekte veroorsaak uit te filter.

Malaria Geelkoors	Parasiete wat deur muskiete versprei word	Voorkom dat muskiete kan uitbroei deur alle stilstaande water te bespuit met olie of dreineer stilstaande water. Moenie slaap waar muskiete voorkom nie of slaap onder ’n muskietnet. (Werner 1977:182) Daar is ook inenting teen geelkoors beskikbaar en medisyne soos *fansidar*, *quinine* en *chloroquine* beskikbaar teen malaria.
Tuberkulose (TB)	Hoogs aansteeklike siekte wat veral die longe aantas.	Gebruik die medikasie van dokters baie noukeurig. Kyk uit vir die simptome vir hierdie siekte en neem die persoon dadelik vir behandeling indien vermoed word dat die persoon siek is voordat die persoon iemand anders aansteek (Werner 1977:190).
Tifus	Word oorgedra deur byte van luise, vlooie en bosluise	Ontluis die hele familie gereeld. Maak seker dat jou diere nie enige luise of bosluise het nie. Maak rotte dood. Moenie dooie rotte hanteer nie en verbrand dooie rotte – sodat die vlooie ook doodgaan (Werner 1977:198).
HIV/VIGS en Hepatitis B	Oorgedra deur seksuele omgang en bloed	Moet nie seksueel losbandig wees nie.

Wat ondervoeding aanbetref, kan die volgende stappe geneem word (Werner 1977:112-135):

- Voed kinders meer gereeld veral as hulle jonk, maer en swak is (5 maal of meer per dag).
- Voer kinders hoë energie voedsel soos olies (grondboontjies en pampoensade), suiker of heuning. Proteïne soos boontjies, melk, eiers, vis en vleis is belangrik. Mense het ook minerale en vitamine nodig en daarom moet die voeding ook bestaan uit vrugte soos lemoene, geel vrugte en groente (veral groenblad groente)
- Jong babas moet tot op ’n ouderdom van ten minste 4 maande eksklusief geborsvoed word. Kinders is meer geneig om ondervoed te word tussen 6 maande en twee jaar. Babas van 6 maande en ouer moet byvoeding kry omdat borsmelk nie vir hulle voldoende voeding bied nie.
- Moenie oorgewig wees nie. Vet mense is meer geneig om hoë bloeddruk en suikersiekte te kry.

Die onderrig van kinders kan ook ’n groot bydrae maak om ’n verskil te maak:

- Mense in Derde Wêreld lande moet tegnieke geleer word om meer effektief graan, groente en vrugte te verbou sodat hulle beter in hul eie behoeftes kan voorsien.
- Verder kan van jongs af aan kinders geleer word dat higiëne baie belangrik is.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar definitief iets gedoen kan word om ’n verskil te maak aan die voorkoms van siektes en ondervoeding in arm lande.

5.3.2 Eiendom

Ons het in die vorige hoofstuk tot die gevolgtrekking gekom dat eiendomsreg ’n baie belangrike rol speel om voorspoed moontlik te kan maak. Eiendomsreg is egter ’n instelling wat deur die staat erken moet word. Dit sou die beste wees indien die regerings in Derde Wêreld lande so ver gekry kon word om eiendomsreg te erken – sowel in die teorie (die grondwet) as in die praktyk (wetstoepassing).

Friedman lys die volgende stappe wat deur Derde Wêreld regerings geneem moet word om eiendomsreg en buitelandse beleggings te bevorder: (Foreign Affairs 2002:3):

- Privatiseer ondernemings
- Verlaag tariewe
- Verwyder beperkings op buitelandse beleggings
- Skaal subsidies vir staatsbeheerde firmas af.
- Bevorder ’n betroubare en funksionele mark deur die instel van internasionaal aanvaarbare ouditering en rekenkundige standaarde, duidelike aandeelhouding en billike insolvensieprosedures – in ’n neutedop ’n kultuur van deursigtigheid

Basies word die hulp van die staat benodig om die eiendomsreg af te dwing wanneer daar dispute is oor wie die werklike eienaar van eiendom is. Indien mens die gemeenskap so ver kan kry om selfregulerend op te tree dan kan hierdie probleem aangespreek word. Indien die gemeenskap dus waardes geleer kan word wat eiendom respekteer, dan sal so ’n gemeenskap selfregulerend optree. Hierdie feit is belangrik al sou die staat goed funksioneer, omdat die staat se polisiemag nie altyd orals kan wees nie.

Ongelukkig is daar die probleem in Derde Wêreld lande dat die staat óf vyandig staan teenoor eiendomsreg óf dat eiendomsreg nie in die praktyk funksioneer nie. Die vraag is dan hoe eiendomsreg belangriker gemaak kan word al is die staat vyandig.

In die eerste eeue na Christus se geboorte was daar ’n tydperk toe die waardes wat deur die Romeinse staat toegepas is in stryd was met die waardes wat deur die Christene geleer is. So byvoorbeeld het die staat nie die doodstraf toegepas vir dade soos moord nie. Die oplossing van daardie Christene was om mense binne hul gemeenskap wat hul aan sulke strafbare dade skuldig gemaak het, dan met alternatiewe strawwe te straf soos om hulle uit die Christen-gemeenskap te ban. Dieselfde strategie kan gevolg word deur nie-regerings instellings in Derde

Wêreld lande om eiendomsreg te laat funksioneer sonder die ondersteuning van die staat. Basies moet sosiale taboes met betrekking tot eiendomsreg geskep word.

Nog ’n metode wat aangewend kan word om eiendomsreg vas te pen en in die kultuur van die bevolking in te vleg en dit dan sodoende vir die staat moeiliker te maak om met die eiendomsreg te torring, is om eiendomsreg na die onderste vlakke van die samelewing te bring. Boere moet dit oorweeg om die wooneenhede van hul werkers permanent die eiendom van die werkers te maak. Dit kan beteken dat die wooneenhede dan moontlik geskuif sal moet word na ’n ander deel van die plaas sodat daardie deel natuurlik ‘afgesny’ kan word van die plaas. Verder moet mynmaatskappye dit oorweeg om die behuising van die mynwerkers te hervorm. Werkers moet toegelaat word om hul gesinne ook te kan huisves en die huisvesting moet die eiendom van die werkers word. Dit sal heelwaarskynlik beteken dat die hele huidige stelsel van huisvesting geskrap sal moet word. Die vraag is dan tot watter mate die mynwese dan betrokke moet wees by die ontwikkeling van nuwe woonbuurte wat hele gesinne sal huisves en die eiendom sal word van die werkers. So ’n proses kan baie geld kos omdat daar miljoene werkers betrokke is. Indien ons sou veronderstel dat daar net 1 miljoen sulke werkers betrokke is en dat ’n wooneenheid ’n konserwatiewe R7000 kos, dan sal dit neerkom op R7000 miljoen. Dit is te betwyfel of die mynhuise so ’n bedrag op een slag sal kan investeer. Die alternatief kan moontlik wees om hierdie plan in te faseer oor etlike dekades en dan die huidige behuising te vervang soos die huidige behuising in elk geval instand gehou sou moes word en nuwe myne met nuwe behuising gebou sou moes word.

5.3.3 Sosiale Kapitaal

As daar nie goeie vertrouensverhoudings binne gemeenskappe bestaan nie, dan lei dit tot losstaande armoedige indiwidue. Fukuyama sê dat in gemeenskappe waar daar swak bande van vertroue bestaan, kan die volgende metodes aangewend word om grootskaalse ekonomiese organisasies op die been te kry (Fukuyama 1995:336-337). Dit is natuurlik daaraan onderhewig dat die indiwidue binne die staat regtig die belange van die breër gemeenskap op die hart dra:

- Die staat tree op as die stryder vir ekonomiese ontwikkeling en vorm staatsbeheerde en staatsbestuurde ondernemings. Frankryk, Italië en Taiwan het hierdie metode gevolg. Hierdie ondernemings word dan later geprivatiseer.
- Buidelanders word toegelaat om direk te belê in die land of gesamentlike ooreenkomste word met buitelanders bereik. Die vinnig ontwikkelende lande in suid-oos Asië het hierdie metode gevolg.

Ons weet egter uit die geskiedenis van lande soos Sjina, dat indien die staat nie sy samewerking gee nie die vertrouensverhoudings dan nog steeds goed kan funksioneer deur bloot die klem te laat val op families en groepe van families. Dit kom daarop neer dat die gebrek aan vertrouensverhoudings in die breër gemeenskap en die gebrek aan hulp vanaf die staat om

vertrouensverhoudings institusioneel moontlik te kan maak deur kontrakte en handelsreg, dan aangevul word deur bloedverwantskap.

Ons weet ook dat indiwidualisme ’n gevaar is omdat indiwidue se geatomiseerdheid sal verhoed dat hulle hul standpunte ordentlik kan uitdruk. Die instellings wat die wense van die mense uiter, kan net tot stand kom indien mense met mekaar saamwerk aan gemeenskaplike doelwitte. Dus sal die waardes wat tot vertroue tussen indiwidue lei ondersteun moet word en nie-politieke verenigings en groepe ondersteun moet word sodat die burgerlike samelewing kan gedy.

5.3.4 Tegnologie en die besigheidswêreld se bydrae

’n Deel van die sukses storie van die VSA vanaf ’n Derde Wêreld land na sy Eerste Wêreld status, kan toegeskryf word aan Amerikaners soos Andrew Carnegie wat ryk geword het, en toe nie hul rykdom vir hulle self gehou het nie, maar biblioteke en universiteite begin het om die bron van hul rykdom ook aan ander Amerikaners beskikbaar te maak (Thurow 2000:20; Stackhouse 1995:291). Vandag kan mense wat vooruitgaan ook dieselfde doen in arm lande. Tegnologie moet gebruik word om die mense van Afrika op te hef uit hul armoede. Daardie mense wat regtig hulself wil ophef uit hul armoede status moet die geleentheid gegee word om dit te kan doen.

Omdat die huidige wêreld ekonomie baie meer op tegnologie en veral inligting gesetel is, beteken dit dat vaardighede soos geletterdheid, rasionaliteit, abstraksie, syfervaardigheid en innovasie uiters belangrik is (Fukuyama 1995:350, Rosenberg 1976:285-288, Rees-Mogg 1997:209).

Dit kom daarop neer dat hierdie vaardighede op een of ander manier vir mense in Derde Wêreld lande geleer sal moet word. In die verlede het die staat ’n monopolie op die onderwys gehad en het die staat belastinggeld aangewend om gratis onderwys aan almal beskikbaar te stel. In die Derde Wêreld is dit egter ’n klug aangesien die gratis onderwysstelsel nie funksioneer nie. Gratis onderwys bestaan nie of is van ’n swak gehalte. In Suid-Afrika is daar in teorie ’n gratis onderwysstelsel, maar in die praktyk moet ouers, selfs in staatsskole, geld betaal sodat hul kinders onderrig kan word. Die onderwys in die tradisionele ‘township’-skole is van ’n swak gehalte met die gevolg dat swart ouers met hul voete stem en eerder ekstra vervoergeld uithaal en hul kinders na tradisionele ‘model C’-skole toe stuur. Dit gebeur teen so ’n tempo dat die ‘township’-skole ’n te kort aan leerlinge het, terwyl die ‘model C’-skole waglyste moet aanhou. Die vraag is of die tyd nie aangebreek het om anders oor onderwys te dink nie. Is daar nie alternatiewe maniere om onderwys aan te bied wat dit goedkoper en makliker kan maak nie?

5.3.4.1 Goedkoper onderwys

North maak die punt dat die huidige vorm van onderwys waar jy ’n lektor het wat voor die klas staan en ’n lesing aan die studente voordra ’n oorblyfsel is van die era toe boeke te duur was vir studente om te bekostig. Dit kom daarop neer dat hierdie instellings uiters oneffektief is. ’n Student kan ’n boek by die huis of by ’n stadsbiblioteek lees. Hy kan sy termyneksamen by die stadsbiblioteek aflê waar die biblioteekpersoneel as toesighouer kan optree. (North 2002)

Dit is vandag moontlik om vir slegs R4290 ($650) ’n hele gesin se kinders se skool opleiding vanaf graad 1 tot graad 12 te kan doen indien mens van ’n Amerikaanse tuisskool kurrikulum gebruik sou maak (North 2002). Tans kos dit kinders wat op ’n konvensionele model C staatsskool is gemiddeld R55,894[19] vanaf graad 1 tot 12. Dit maak dus vanuit ’n finansiële oogpunt baie sin vir ouers om die desentralisasie van onderwys ernstig op te neem.

Verder is dit moontlik om vir R46000 ($7000) ’n Universiteitsgraad te verwerf aan ’n geakkrediteerde instelling in die VSA. Normaalweg kon dit jou enigiets tussen R290000 ($44000) en R528000($80000) gekos het. “As gevolg van die Internet is dit nie nodig dat ’n student sy tafel hoef te verlaat behalwe om moniteringseksamens by sy plaaslike biblioteek af te lê nie.” (North 2003a)

Verder is dit ’n feit dat van die nuwer opleiding totaal van rekenaartegnologie gebruik maak. So is dit byvoorbeeld moontlik om op jou eie die voorbereidings te doen vir die Java Sertifiseringseksamen. Jy betaal slegs vir die eksamen wat ’n bedrag van R1300 ($200) behels. Die eksamen is ’n meerkeusige lys vrae wat beantwoord moet word. Die rekenaar merk dan die vraestel en gee dadelik die uitslag. Hierdie metode maak dit moontlik om die kostes dramaties te sny.

Aangesien dit tot groot chaos sou lei as die huidige onderwysstelsel totaal afgeskaf sou word, sal dit eerder sin maak om ’n soortgelyke stelsel parallel met die huidige onderwysstelsel in te voer. Leerlinge kan dan op hul eie leer en voorberei vir eksamens en dan slegs die eksamens gaan skryf en slegs vir die eksamens betaal. Baie mense sal beswaar maak en sê dat die eksamen verniet moet wees. Dit maak egter sin om eerder die studente/leerlinge vir die eksamen te laat betaal (al is dit slegs ’n baie klein bedrag),

[19] Die gemiddeld per jaar vir 10 skole is R4657. Vir ’n 12 jaar tydperk is dit dan 12*4657 = R55894. Die tien skole wat gebruik is om die gemiddel te bereken is: Rhenish Girls High (9224), Bloemhof(6000), MHS(3300), DirkieUys(2400), Centurion HS (4500), Zimbabwe HS (4000), Zimbabwe HS (6000), Laerskool George (2075), BCVO (5300), Beamont Primer (3780)

want dan verhoed jy dat studente/leerlinge die eksamen gaan aflê as hulle nie regtig daarvoor voorberei het nie en sodoende verhoed jy vermorsing van onderwysgeld.

Die gevolgtrekking wat ons kan maak is dat die onderwyskostes dramaties gesny kan word deur nie van die huidige lesing metode gebruik te maak nie.

5.3.4.2 Goedkoper inligting

’n Ander geweldige groot uitgawe wat betrokke is by die onderwysproses is die inligting wat aan die kinders geleer moet word. Indien boeke se pryse verminder kan word, dan kan die prys van onderwys dramaties verminder word. Daar is drie verskillende metodes waardeur dit reggekry kan word naamlik: Die internet, elektroniese boeke en DVD-spelers.

5.3.4.2.1 Die internet

Daar is derduisende boeke en berge inligting op die internet beskikbaar. Soekenjins soos Google maak dit moontlik om amper enige inligting te kan opspoor.

Daar is vandag reeds baie webblaaie wat gratis boeke beskikbaar stel. Project Gutenburg is reeds sedert 1971 besig om boeke in elektroniese formaat gratis beskikbaar te stel. Project Gutenburg het reeds 5000 boeke en dokumente beskikbaar. Hier onder tel:

- History Of The Decline And Fall Of The Roman Empire (Gibbon),
- Edison: His Life And Inventions,
- On The Origin Of Species By Means Of Natural Selection (Darwin),
- Relativity: The Special And General Theory (Einstein),
- Critique Of Pure Reason (Kant),
- The Republic (Plato),
- CIA World Factbook, ens.

In Senegal, Wes-Afrika, is daar reeds 500 studente wat van die internet gebruik maak om te studeer. Elke student betaal ’n minimale koste van slegs R30 per maand om hierdie fasiliteit te kan gebruik (Senegal 2003).

Dit is tans egter nog moeilik om die internet te gebruik omdat dit redelike tegniese vaardigheid vereis om ’n koppelvlak na die internet aan die gang te kry. Verder is dit ook duur, want mens moet ’n rekenaar hê en konneksiekostes is uiters duur.

5.3.4.2.2 Elektroniese Boeke

Daar is egter ’n aktiewe poging aan die gang om selfoontegnologie so aan te pas dat jou selfoon basies jou rekenaar in jou hand word. Die nuwe generasie selfone wat nou die mark betree, het ’n geheue van 64 Mega grepe. Adam Smith se “*An Inquiry into the Nature and Causes of the Wealth of Nations*” wat uit 381 000 woorde bestaan, beslaan slegs 2.3 Mega grepe. ’n Mens sal dus 27 van hierdie grootte boeke op een so ’n selfoon se geheue kon inpas. Slegs met die selfoon tegnologie soos wat dit tans is, sou dit reeds moontlik wees om boeke beskikbaar te stel en dit te kan vertoon.

Vir die selfoonmaatskappye maak dit sin om ’n diens aan die publiek beskikbaar te stel wat dit moontlik maak om boeke van die internet af te laai en op hul selfone te vertoon, want dit kan ’n nuwe bron van inkomste vir hulle wees. Die selfoonmaatskappye sal vir elkeen van hierdie boeke wat van die internet afgelaai word (via die selfoon) ’n minimale fooi kan vra. Vir die armes maak hierdie tegnologie ook sin, want baie van die armes het reeds toegang tot hierdie tegnologie. Dit is nog net ’n klein stappie om vanaf SMS[20] om te skakel na MMS[21] waar prente en boeke in PDF formaat versend kan word.

5.3.4.2.3 DVD spelers

Indien mens deur arm gebiede ry, dan is dit opvallend om te sien dat arm mense, selfs daardie armes wat in plakkershutte woon, wel ’n televisie besit. Dit beteken dat indien mens op een of ander manier die televisie kan gebruik, dan kan op ’n goedkoop manier inligting beskikbaar gestel word vir hierdie mense.

’n DVD speler kan vir so min as R400 gekoop word. So ’n speler is dan daartoe in staat om normale rekenaar CD’s met MP3[22] lêers en JPEG[23] lêers te speel en te vertoon. Dit is dus moontlik om volkleur foto’s en klank instruksies op so ’n DVD te laai wat dan gebruik kan word om onderrig inligting te bevat. Indien ’n gemiddelde lesing van 40 minute se grootte slegs 40 Mega grepe is, dan sal daar ongeveer 10 ure se klank op so ’n CD kan pas. So ’n CD kos vandag minder as R4 en die kopieer koste, is minder as R1 per CD.

---

20 SMS staan vir Small Message System. Dit is ’n spesiale diens wat die selfoonnetwerk beskikbaar stel waar iemand teen ‘n minimale koste (gewoonlik heelwat goedkoper as ‘n brief) ‘n kort boodskap vanaf ‘n selfoon na ‘n ander selfoon kan stuur.

21 MMS staan vir Multi Media System. Dit is ’n spesiale diens wat die selfoonnetwerk beskikbaar stel waar langer boodskappe soos byvoorbeeld ’n brief van 4000 karakters vir slegs R1 versend kan word. Dit is ook moontlik om boodskappe soos epos te gebruik en gevolglik word jou telefoon dan ’n klein rekenaar.

22 Spesiale formaat vir digitale musiek.

23 Spesiale formaat vir digitale grafika

Alternatiewelik kan volkleur JPEG prente op so ’n CD geplaas word wat dan die bladsye van ‘n boek sal voorstel. ’n Hoë kwaliteit prent kan in 100 Kilo grepe ingepas word. Daar is in totaal 650 Mega grepe op ’n CD. ’n Mens kan dus 6500 volkleur bladsye op een so ’n CD inpas. Hierdie CD sal ook op die DVD speler vertoon kan word.

Dit is dus vandag moontlik om vir die prys van een boek ’n DVD speler aan te koop wat dan derduisende volkleur boeke aan mense beskikbaar kan stel. Ons het egter gesien dat idees as sulks nie goed genoeg is om in praktiese projekte omskep te word nie. Dit is ook nodig dat die idee ekonomies van waarde moet wees om haalbaar te kan wees. Ons weet dat toe video’s die eerste keer uitgekom het, die filmindustrie baie senuweeagtig was. Hulle het gedink dat dit dan moontlik die industrie skade kon berokken omdat dit dan makliker sou wees om kopieë van die materiaal te maak. Ons weet vandag dat 50% van die inkomste van films juis van videoverkope kom. (North 2003b:2) Indien dieselfde model gevolg kan word en eerder op die massamark gefokus word, dan sal dit moontlik wees om CD’s te vervaardig teen ’n goedkoper prys as wat dit deur kopiereg skenders gedoen kan word. Dit sal dan moontlik wees om wins te kan maak uit die vervaardiging van opvoedkundige CD’s.

5.3.5 Kultuurfaktore

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat die kultuurfaktore baie belangrik is. Cilliers maak die punt dat die blote beskikbaarheid van inligting nie voldoende is om dit te kan verstaan nie. Verstaan en ware kennis volg slegs na interpretasie (Cilliers 2000:11). Kultuur gee die fundamentele presubposisies om dit moontlik te maak om te kan interpreteer en dan betekenis te gee aan al die inligting. Dit is geweldig belangrik, want ons kan berge inligting beskikbaar stel aan die armes, maar as hul presubposisies verkeerd is, dan sal hierdie inligting vir hul van geen waarde wees nie. Die inligting sal nooit kennis word nie.

Die kultuurfaktore wat ons gesien het ’n verskil maak, is soos volg:

- ’n Oorbeklemtoning van die bonatuurlike moet gebalanseer word met ’n besef van die belangrikheid van die hier en nou.
- Rasionele benadering om probleme op te los
- Getrouheid in jou wêreldse roeping en beroep, insluitend die besigheidswêreld
- Werksetiek: ’n Tendens tot hardwerkendheid. Dit is om vroeg op te staan en fisies hard te werk. Hiermee saam is spaarsamigheid ook belangrik. Afrika Kommunialisme onderdruk indiwiduele inisiatief en laat nie die ontwikkeling van persoonlike verantwoordelikheid toe nie – die voorvereiste vir enige werksetiek.
- Vertrouens verhoudings: Die wet van stamverwantskap lei tot nepotisme, stamisme, jaloersheid en selfs etniese oorloë. Verder moet rykdom met die hele gemeenskap

gedeel word. Sosiale aansien is belangriker as indiwiduele prestasies. Indien daar ’n indiwidu is wat ekonomies vooruitgaan omdat hy hard werk of van tegnieke gebruik maak wat meer produktief is, dan sal sy mede Afrikane nie aanvaar dat hierdie rykdom die resultaat is van harde en slim werk nie. So ’n indiwidu kan verwag om moeilikheid te kry van sy mede Afrikane.

- Tyd: Die sistematiese gebruik van tyd (nie vermorsing van tyd); Afrikane spandeer te veel van hul tyd om te sosialiseer en baie min toekomsbeplanning word gedoen.
- Korrupsie: Verdraagsaamheid teenoor oneerlikheid en korrupsie

Baie van hierdie kulturele faktore is geleer deur tradisionele Protestantisme. Vanuit ’n suiwer utilitaristiese redenasie sal dit dus sin maak as hierdie tradisionele Protestante waardes aan die armes geleer word. Amstutz sê dat sendelinge en hulporganisasies ondersteun moet word sodat armes waardes geleer kan word wat ’n verskil sal maak (Stackhouse 1995:824-825).

Eerstens moet gevra word van watter Protestantse waardes gepraat word? Indien ons vandag na Sub-Sahara Afrika kyk, dan getuig ’n meerderheid van die mense dat hulle Christene en selfs Protestantse Christene is. Wanneer egter na die dade gekyk word, weerspreek dit hierdie getuienis. Die mense in hierdie streek ervaar nie voorspoed nie en ervaar selfs die hoogste voorkoms van ’n seksueel oordraagbare siekte in die wêreld (Durand 2002:8-9). Rees-Mogg maak die opmerking dat die Protestantisme van ons moderne tyd ’n afgewaterde vorm is van die oorspronklike van 400 jaar gelede (Rees-Mogg 1997:368-372). ’n Mens kom dus tot die gevolgtrekking dat dit daardie waardes is wat deur die tradisionele Protestantisme van ongeveer 400 jaar gelede is en nie die moderne afgewaterde vorm nie.

Tweedens moet gevra word of dit nie ’n mynveld is vir die besigheidswêreld nie? Indien korporatiewe besighede openlik sendingorganisasies ondersteun, kan dit lei tot boikotte van hierdie besighede deur die kliënte. Verder kan nie-Christen werkers by hierdie korporatiewe besighede ongelukkig raak met hul werkgewer en dit kan dan aanleiding gee tot arbeidsonrus. ’n Moontlike oplossing kan wees deur die etiket van Protestantisme te verwyder van die waardes en te poog om die waardes te leer sonder die etiket van Protestantisme. Fukuyama wys daarop dat die Japanese sukses toegeskryf kan word aan ’n Boedhistiese Werksetiek wat soortgelyk is aan die Protestante Werksetiek. Dit is dus moontlik om ’n lys op te stel van waardes sonder om beskuldig te word daarvan dat jy slegs die Protestantisme wil bevorder. Besighede kan hul eie lys van waardes opstel wat hulle dink ekonomiese voorspoed verseker wat beide die Protestantse- en Boedhistiese Werksetiek omvat. Indien die korporatiewe besigheid dan organisasies ondersteun (finansieel of andersins), dan kan hierdie lys voorgehou word as die ideaal waarna gestrewe moet word. Organisasies wat aansoek doen om hulp, kan dan proporsioneel hulp kry na gelang die organisasie voldoen aan die lys van beginsels wat die korporatiewe besigheid neergelê het. Byvoorbeeld: Organisasie A voldoen aan 90% van die beginsels, terwyl organisasie B aan slegs 20% voldoen en organisasie C voldoen weer aan 40% van die waardes. As die

besigheid R100 miljoen beskikbaar stel vir hierdie projek, dan kan die bedrae soos volg uitgewerk word:

$$O_i = P_i \cdot \frac{T}{\sum_{j=1}^{n} P_j}$$

met O = Organisasie i: Dit is organisasie A, B of C

T = Totale Bedrag beskikbaar. Dit is R100 miljoen

P = Persentasie voldoen aan die waardes. Dit is 90 of 20 of 40

n = Die totale hoeveelheid organisasies. Dit sal 3 wees vir ons voorbeeld.

Vir ons voorbeeld sal die bedrae dan as volg wees:

- Organisasie A: 90 * R100 miljoen / (90 + 20 + 40) = R60 miljoen
- Organisasie B: 20* R100 miljoen / (90 + 20 + 40) = R13.3 miljoen
- Organisasie C: 40* R100 miljoen / (90 + 20 + 40) = R26.6 miljoen

In die verlede is geldelike hulp direk aan Derde Wêreld regerings oorbetaal met die vertroue dat hierdie regerings die geld in onderwys en ander vorme van hulp sou belê. Weens korrupsie en oneffektiewe beheermaatreëls het die meeste van hierdie hulp nooit by die mense waarvoor dit bedoel is, uitgekom nie. Dit is daarom wenslik dat enige hulp nie aan die staat in armlande oorbetaal word nie, maar eerder op ander maniere direk aan die mense gegee word, wat dit regtig nodig het. Dit is hoekom eerder op nie-regeringsorganisasies (NGO's) gefokus moet word. Dit sou ook goed wees om hierdie nie-regeringsorganisasies voortdurend te evalueer en seker te maak dat hulle werklik die hulp goed spandeer.

'n Ander sleutelfaktor wat tot die nadeel van gemeenskappe strek, is die vyandigheid teenoor die handel. Hierdie vyandigheid kan aangespreek word deur instellings en indiwidue binne die arm gemeenskappe daarop te wys dat die handelswese nie iets is waarteenoor vyandig gestaan moet word nie, want dit is tot voordeel van die gemeenskap. Basies sal bemarking in Derde Wêreld lande se instellings gedoen moet word, sodat mense in hierdie lande kan verstaan waaroor die handel gaan.

5.4 Gevolgtrekking

Ons het in hierdie afdeling gesien dat daar drie oplossings is naamlik:

- Anneksasie van produksiemiddele en herverdeling van rykdom
- Doen niks nie
- Vernuwing van Afrikane se denke

Die eerste twee oplossings is ongeldig omdat beide die aanname maak dat die ekonomie ’n zero-som spel is. Die laaste oplossing behels ’n gedesentraliseerde benadering waar mense se denke deur hul lewenshouding verander word en hierdie houding dan deursuur na die res van die sosiale strukture insluitend die ekonomie. Dit behels egter ook dat die mense die nodige gereedskap gegee moet word om werk beter en doeltreffender te kan doen.

Hierdie gedesentraliseerde oplossing is nodig omdat die ekonomie ’n komplekse stelsel is, wat dit onmoontlik maak om die ekonomie van ’n sentrale punt te beheer. Daar kan slegs gepoog word om die verskillende faktore waaruit die ekonomie bestaan te verbeter en dan te hoop dat die interaksies van hierdie verskillende faktore mekaar sal versterk in terugvoerlusse. Basies moet indiwidue toegerus word om verantwoordelik te kan optree en aanpasbaar te kan wees binne die komplekse ekonomiese stelsel sodat hulle gesamentlike gedrag tot selforganisering sal lei. Daar moet dus van onder na bo gewerk word.

Vanuit ’n deontologiese-, utilitaristiese- en ’n sorgsaamheidsoogpunt is hierdie oplossing die beste oplossing. Deontologies sal niemand benadeel word nie en sou mens in so ’n wêreld wou lewe. Utilitaristies gesproke maak dit ook sin omdat die meeste mense deur hierdie oplossing gelukkig gemaak sal word. Ook vanuit ’n sorgsaamheidsoogpunt voldoen hierdie oplossing aan die eise, want daar word wel omgegee en ‘gesorg’ vir die armes.

6. GEVOLGTREKKING EN INSIGTE

Ons het tot die gevolgtrekking gekom dat armoede ’n probleem is wat aangespreek moet word omdat dit vanuit ’n utilitaristiese-, deontologiese- en ’n sorgsaamheidsoogpunt sin maak om dit te doen.

Daar is gesien dat daar twee maniere is om die armoedevraagstuk te beskou: Die strukturele tesis sê dat die fundamentele oorsaak van armoede die verdeling van die hulpbronne in die wêreld is. Die ekonomie is basies ’n zero-som spel waar die een se wins die ander party se verlies is. Die modernisasie tesis sê presies die teenoorgestelde en dring daarop aan dat die ekonomie nie ’n zero-som spel is nie. Voorspoed volg uit kennis, tegnologie en kundigheid. Dit moet eerder opgesom word deur te sê:

- Misdaad is ’n zero-som spel omdat die misdadiger iets wen terwyl die slagoffer iets verloor.
- Handel is ’n positiewe-som spel, want beide partye wat by die transaksie betrokke is, wen deur die transaksie wat aangegaan is.
- Oorlog is ’n negatiewe-som spel, want beide partye betrokke by die oorlog verloor omdat geld en lewens gespandeer moet word. Dit is veral waar, wanneer dit ’n oorlog is waar daar nie ’n duidelike wenner is nie.

As ons die armoede vraagstuk wil verstaan, is dit nodig om ook te verstaan hoe die ekonomie werk. Ons het tot die gevolgtrekking gekom dat die ekonomie ’n komplekse ekostelsel is wat selforganiserend optree. Die ekonomie bestaan uit te veel interafhanklike faktore om dit van ’n sentrale punt te kan beheer. Dit beteken dat mens nederig moet wees wanneer voorstelle gemaak word hoe die ekonomie beter kan funksioneer en per implikasie dan ook hoe om die armoede vraagstuk op te los. Dit is dus van selfsprekend dat hierdie verhandeling dan ook nie ten volle die regte antwoorde kan gee. Dit is egter ’n poging om ’n bydrae te maak in die proses om die ekonomie beter te kan verstaan.

Ons het gesien dat daar die afgelope 50 jaar ’n klemverskuiwing in die wêreld plaasgevind het, waar onderwys en inligting baie belangriker in die ekonomie geword het. Hierdie tendens word postmodernisme of globalisering genoem en het onder andere daartoe gelei dat die staat se mag ingeperk is. Dit beteken dat indiwidue meer vryheid verkry het ten koste daarvan dat hulle meer eie verantwoordelikheid vir hul dade moet neem.

Ons het ook na die ekonomiese sukses van lande soos die VSA, Brittanje, Japan en Duitsland gekyk. Ons het die afleiding gemaak dat die volgende faktore op mekaar inwerk en dan ’n rol speel om die komplekse ekonomiese stelsel te laat funksioneer:

- Die geografiese ligging van ’n gebied omsluit verskynsels soos reënval, natuurlike rampe en minerale rykdomme

- Historiesefaktore soos koloniale onderdrukking en groepe se selfbeeld
- Siektes en voeding wat mense minder produktief maak
- Kultuurfaktore soos selfdissipline, hardwerkendheid en oorbeklemtoning van die bonatuurlike
- Eiendomsreg
- Kommunialisme en sosiale kapitaal
- Staatsinmenging
- Tegnologie wat dit moontlik maak om met minder meer te produseer

Een van hierdie faktore wat in die modernistiese era geweldig afgeskeep was, is die sosiologiese gebied (kultuur, kommunialisme en sosiale kapitaal). Ons het gesien dat die sosiologiese faktore die gom is wat die komplekse ekonomiese stelsel aanmekaar hou. Ons gevolgtrekking is dan dat van onder na bo gewerk moet word. Basies moet die verskillende losstaande faktore bevorder word. Daar moet by die indiwidue begin word en nie by die staatsinstellings nie. Daar moet gepoog word om indiwidue toe te rus om so op te tree dat selforganiserende aktiwiteite kan plaasvind en die ekonomie vooruit kan gaan.

Laastens het ons tot die gevolgtrekking gekom dat “die anneksasie van die produksiemiddele en die herverdeling van rykdom” asook “ignorering van die probleem” nie oplossings is vir die armoede vraagstuk nie omdat hulle die fundamentele aanname maak dat die ekonomie ’n zero-som spel is. Ons het ook uit die feit dat die ekonomie nie as ’n masjien gesien moet word nie, maar eerder as ’n dinamiese organisme, afgelei dat dit nie nodig is om eers die regeringstelsels uit te sorteer en dan van bo na onder te probeer om ’n verskil te maak nie. Ons kan van onder af begin en dan na boontoe werk. Dit beteken dat elke indiwidu in Afrika die vermoeë het om wel ’n verskil te kan maak.

Daardie organisasies wat die kultuur en lewenshouding van mense verander om meer in ooreenstemming met die Boedhistiese- en Protestantse Werksetiek te wees, moet ondersteun word. Wanneer hierdie indiwidue dan self begin om anders op te tree, dan sal die selforganiserende komplekse ekonomie dan ook begin om beter te funksioneer. Dus moet armoediges se denke verander word sodat hulle die inligting wat tot hul beskikking gestel word, kan verander in kennis en sodoende hul eie lewensomstandighede te verander.

7. BIBLIOGRAFIE

- Aardbewings 2003,
  http://www.pbs.org/wgbh/nova/teachers/activities/images/2515_vesuvius_map2.gif
- Arthur, W. Brian, 1994,
  The End of Certainty in Economics, Talk given at the Conference Einstein meets Magritte, Free University of Brussels, p. 2
- Arthur, W. Brian, 1989,
  Positive Feedsbacks in the economy, Scientific American, February 1990, p 3
- Arthur W. Brian, Durlauf SN, Lane DA, 1997,
  The Economy as an Evolving Complex System II, Westview Press, ISBN 0-201-32823-2, p. 3,4, 224, 225
- Bauman, Zygmunt, 1992,
  Intimations of Postmodernity, Routledge, p. xiv, xvii, xviii, xxii, xxiii
- Bauman, Zygmunt, 1993,
  Post Modern Ethics, Blackwell, ISBN 0-631-18693-X, p. 10, 11, 12, 190, 191, 222
- Beisner, E.C., 1988,
  Prosperity and Poverty – The Compassionate Use of Resources in a World of Scarcity, Crossway Books, ISBN 0-89107-499-6, p. 192
- Bergman, J., 1993,
  Ota Benga: The man who was put on display in the zoo!, Creation ex nihilo, Vol. 16, No. 1, p. 50, ISSN 0819-1530
- Cilliers, Paul, 1998,
  Complexity and Postmodernism – Understanding Complex Systems, Routledge, p. 3, 6, 7, 35, 36, 74, 89, 90, 96, 106, 107, 112, 113
- Cilliers, Paul, 2000,
  Knowledge Complexity and Understanding, Emergence, Lawrence Erlbaum Associates, Inc., p. 11
- Cilliers, Paul, 2002,
  Complexity, Ethics and Justice (Draft), Universiteit van Stellenbosch, p. 11
- Courtois S., Werth N., Panné J., Paczkowski A., Bartošek K., Margolin J., 1999,
  The Black Book of Communism, Harvard University Press, p. 599, ISBN 0-674-07608-7, 3-31, 116, 123, 146, 150, 159, 167, 182, 206, 209, 235, 236, 463, 577, 668, 670, 691, 693, 699, 713, 717-719, 743, 750-753
- Chilton David,
  Productive Christians in an Age of Guilt Manipulators, Institute of Christian Economics, ISBN 0-930464-04-4, p. 226, 227

- Clark, Norman, 1990,
  Evolution, complex systems and technological change, Review of Political Economy Vol 2 Issue 1, ISSN 09538259, p. 26, 33
- De Soto, Hernando, 2000,
  The Mystery of Capital – Why Capitalism triumphs in the West and fails everywhere else, Bantam Press, ISBN 0-552-99923-7, p. 9, 34, 35, 106, 110, 156
- De Villiers M, Smuts J, Eksteen LC, Gouws RH, 1988,
  Nasionale Woordeboek, Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Beperk, ISBN 0-625-02292-0, p. 126
- Donaldson, T. & Agini, A.R., year unknown,
  Introduction to Ethical Reasoning, Prentice Hall, p. 1-13
- Durand, M.C., 2002,
  Die oplossing van VIGS, Die Joernaal vir Etiese Medisyne, ISSN 1562-3769, p. 8,9
- Esterhuisen Willie, 2003,
  Ongepubliseerde Klasnotas
- Foreign Affairs, 2002,
  Globalization: Challenge and Opportunity, W.W. Norton & Company, ISBN 0-87609-318-7, p. 3, 25, 34, 35, 40, 58, 61, 65, 66, 105, 106
- Freedom House, 2003,
  http://www.freedomhouse.org/research/freeworld/2003/socecon.pdf
- Fukuyama Francis, 1995,
  Trust – The Social Virtues and the Creation of Prosperity, The Free Press, ISBN 0-02-910976-0s, p. 4, 5, 7, 10, 20, 21, 26, 36, 41, 45, 65, 153, 155, 156, 158, 177, 182, 183, 209, 210, 211, 223, 275, 272, 276, 277, 279, 319, 336, 337, 343, 344, 345, 350, 351, 353, 354, 356, 357, 358, 359,
- Fullard, H., 1981,
  Springbok Atlas, Juta's, ISBN 0-7021-1245-3, p. XVI, 6
- Funk, W., 1956,
  Universal Standard Encyclopedia, Volume 10, p. 3506
- Grigg, Russel, 1999,
  Darwin's 'Savages', Creation ex nihilo, Vol. 21, No. 3, p.50-52, ISSN 0819-1530
- Gyekye, Kwame, 1997,
  Tradition and Modernity, Oxford University Press, ISBN 0-19-511226-1, p. 149, 150, 151, 152, 163, 171
- Hardin, Garrett, 1974,
  The Case against Helping the Poor, Psychology Today Magazine, Sussex Publishers, p. 444-451
- Kenny Andrew, 6 January 2004,
  Why is Haiti a failure?, The Citizen, p. 9

- Lee, F.N., 1974,
  Communist Eschatology – A Christian Philosophical Analysis of the Post-Capitalistic Views of Marx, Engels and Lenin, Graig Press, p. 8
- Mulgan, Geoff, 1998
  Connexity: Responsibility, freedom, business and power in the new century, Vintage, p. 29, 30
- Noebel, David, 1991,
  Understanding the Times, Summit Press, ISBN 0-936163-10-0, p. 16
- North, Gary, 2002,
  Success Without Nagging, Reality Check, Issue 142, 20 Mei 2002
- North, Gary, 2003a,
  How to postpone the day you lose control over your teenager... and save up to $133000, Reality Check, Issue 216, 18 Februarie 2003
- North, Gary, 2003b,
  Do not invest in copyright protected companies, Reality Check, Issue 289, 4 November 2003
- Open Society Foundation for South Africa,
  The New Partnership for Africa's Development, p. 9
- Quesnay, 1998,
  Downsizing the State, - restoring prosperity to the people, Global Press, p. 15
- Redding S. Gordon, 1990,
  The Spirit of Chinese Capitalism, Walter de Gruyter, ISBN 0-89925-657-0, p. 6, 7, 8, 9, 10, 12, 22, 38, 60, 117, 122, 124, 126, 197, 228, 232, 233
- Rees-Mogg William & Davidson James, 1997,
  The Sovereign Individual, Simon & Schuster Inc, ISBN 0-330-35305-5, p. 9, 11, 12, 14, 15, 17, 121,122,123, 153-158, 209, 215, 216, 296, 297, 298, 351, 353, 368, 370, 372
- Rosenberg, Nathan, 1976,
  Perspectives on Technology, Cambridge University Press, ISBN 0-521-29011-2
- Rothschild, Michael, 1992,
  Bionomics – Economy as Ecosystem, Owl Books, ISBN 0-8050-1979-0
- Rothschild, Michael, Julie/Augustus 1995,
  Beyond Repair: The Politics of the Machine Age Are Hopelessly Obsolete, The New Democrat, http://www.bionomics.org/text/resource/articles/ar_045.html
- Rothschild, Michael, Junie 1996,
  How the West Lost Russia, Upside Magazine,
  http://www.bionomics.org/text/resource/articles/how_we_lost_russia.html
- Senegal, 2003
  http://www.news24.com/News24/Technology/News/0,6119,2-13-1443_1457048,00.html

- Slymswam, 2003
  http://www.botit.botany.wisc.edu/images/332/Slime_molds_M_Ac_sl_so/
- Smith Adam, An Inquiry into the Nature and Causes of the Wealth of Nations, Edwin Cannan's annotated edition
- Stackhouse Max, McCann Dennis, Roels Shirley, Williams Preston,
  On Moral Business, Eerdmans Publishing Company, ISBN 0-8028-0626-0,p. 817-
- Terreblanche, S., 2003,
  Are BEE and poverty alleviation contradictory, http://www.businessmap.org.za
- Thurow Lester,
  Creating Wealth (The new rules for idividuals, companies and countries in a knowledge-based economy), Nicholas Brealey Publishing , p. xv, 19, 20, 21, 35, 94, 96, 99, 100, 108, 116, 118, 131, 257, 258
- Velasquez, M.G., 2002,
  Business Ethics, Prentice Hall, ISBN 0-13-096025-X, 122-145
- Van der Walt, B.J., 2003,
  Understanding and rebuilding Africa: from desperation to expectation for tomorrow, The Institute for Contemporary Christianity in Africa, ISBN 1-86822-419-8, p. 115, 447
- Von Mises Ludwig, 1966,
  Human Action, 3rd ed., Chicago: Regnery, p. 664-665
- Walton, Rus, 1990,
  Biblical Solutions to Contemporary Problems, Wolgemuth & Hyatt Publishers, ISBN 0-943397-15-9
- Waldrop, M. Mitchell, 1992,
  Complexity – the emerging science at the edge of order and chaos, Simon and Schuster, ISBN 0-671-87234-6, p. 112, 241
- Werner, David,
  Where there is no doctor – A village health care handbook for Africa, MacMillan Education LTD, ISBN 0-333-51652-4, p. 136-153, 181, 183, 189-190, 192, 196, 198, 203, 204
- Wêreld Gesondheids Organisasie 2003,
  http://www.who.int/ith/diseasemaps_index.html
- Wieland, Carl, 1998,
  Evolutionary Racism, Creation ex nihilo, Vol. 20, No. 4, p.15, ISSN 0819-1530
- Wilson, Francis, 1989,
  Uprooting Poverty, Creda Press, ISBN 0-86486-072-2, p. 197